

**Pastorale studie rakende die inrigting  
van seksuele intimiteit in die beginfase van  
die Christelike huwelik**

**RINEÉ PRETORIUS (NÉE VILJOEN)  
HONS BA (Psigologie)**

**Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die  
graad Magister Artium in Praktiese Teologie (Pastoraal) aan die Fakulteit  
Teologie, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)**

**Studieleier: Prof. Dr. B.J. de Klerk  
Hulpstudieleier: Prof. Dr. C.A. Venter**

**Potchefstroom  
2011**

## **VOORWOORD EN BEDANKINGS**

Die voltooiing van hierdie verhandeling was werklik een van die mees betekenisvolle uitdagings van my akademiese loopbaan. Sonder die ondersteuning, geduld, leiding en bydraes van die volgende persone, sou die afhandeling van hierdie studie nie moontlik gewees het nie.

My diepe dank en waardering aan die volgende persone:

- ❖ Prof Ben de Klerk wat onderneem het om op te tree as my studieleier, ten spyte van al sy akademiese en ander verpligtinge. Dit was 'n voorreg om hierdie studie onder u leiding te voltooi. U kennis, deernis en wysheid was van onskatbare waarde.
- ❖ Prof Chris Venter, vir u bereidwilligheid om op te tree as my hulpstudieleier. U moeite, aanmoediging en leiding was, en is, motiverend en inspirerend. Ek is baie dank aan u verskuldig hiervoor.
- ❖ Die personeel van die Ferdinand Postma- en Teologiese Biblioteek van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) vir u professionele diens en hulpvaardigheid.
- ❖ Willie Cloete, vir die noukeurige taalversorging wat jy met toewyding en professionaliteit gedoen het.
- ❖ My liewe Bybelstudiegroep en vriende. Julle morele en geestelike ondersteuning en kosbare vriendskap dra my in hierdie lewe, en dit was ook die geval tydens hierdie verhandeling.
- ❖ My M-studiemaats, vir die aande wat ons kan kon werk aan ons onderskeie verhandelinge. Die vasbyt, uithou, aanhou, en aanmoediging het die druk van die pylvak van hierdie wedloop baie ligter gemaak.
- ❖ My eggenoot, Barend Pretorius. Jou wonderlike geduld, liefde en aanmoediging bring my opnuut tot die besef dat die Here jou spesiaal vir my

gemaak het om my lief te hê, te versorg, te beskerm en die lewe met my te deel.

- ❖ My ouers, by wie ek so baie leer oor geestelike volwassenheid, vergewing en wat dit beteken om die Here te dien. Jul liefde vir jul kinders is onbeperk, onuitputbaar, ewig, bestand teen aanslae, en, meer as dit alles, is dit jul liefde vir my wat my maak wie ek is.
- ❖ My sussie, Lize. Geen woorde kan beskryf hoe lief ek jou het nie.

Nou, aan Hom wat in staat is om oneindig meer dinge te doen as waarvoor ons vra of ooit kan dink, volgens sy krag wat werk binne ons, is ek dank verskuldig en prys ek: “Aan ons God en Vader behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.” (Fil. 4:20.) My genadige en liefdevolle God gun my geleenthede en ek geniet sy mildelike seëninge. Dankie Here vir die wysheid en die uithou vermoë wat U aan my gegee het gedurende hierdie studie, en ook deur my hele lewe.

“Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.” Filippense 4:13.

**R. Pretorius (née Viljoen)**

April 2011

## **OPSOMMING**

### **PASTORALE STUDIE RAKENDE DIE INRIGTING VAN SEKSUELE INTIMITEIT IN DIE BEGINFASE VAN DIE CHRISTELIKE HUWELIK.**

Navorsing wat gedoen is as voorbereiding vir hierdie studie, het getoon dat – hoewel daar al deeglike navorsing gedoen is oor die impak van intimiteit op die huwelik, Bybelse modelle vir die huwelik, en die implikasies van intimiteit vóór die huwelik – daar 'n leemte bestaan ten opsigte van nagevorsde Skrifperspektiewe en pastorale riglyne vir seksuele intimiteit van pasgetroude gelowige egpare.

Bogenoemde het aanleiding gegee tot die oorkoepelende navorsingsvraag:

Watter pastorale riglyne kan aan 'n gelowige egpaar gegee word ten opsigte van seksuele intimiteit in die beginfase van hulle huwelik? Verdere navorsingsvrae het op natuurlike wyse hieruit voortgevloei.

Hierdie studie het die daarstel van pastorale riglyne rakende die inrigting van seksuele intimiteit in die beginfase van die Christelike huwelik ten doel gehad, ten einde die klaarblyklike leemte, soos hierbo bespreek, te vul. Die metode wat Zerfass vir die Praktiese Teologie ontwerp het, is gebruik tydens hierdie studie.

Tydens die basisteoretiese navorsing, soos ontwerp in hoofstuk 2, het dit duidelik geword dat pertinente pastorale riglyne rakende die inrigting van seksuele intimiteit in die Christelike huwelik afgelei kan word vanuit die Skrif. Vervolgens is vier riglyne geformuleer wat van belang is vir hierdie studie.

Die metateoretiese navorsing van die naasliggende wetenskappe Psigologie en Sosiologie in hoofstuk 3 het getoon dat die mens inherent 'n seksuele wese is en dat dit 'n behoefte is waaraan aandag geskenk behoort te word. Seks binne die huwelik is nodig, goed en 'n belangrike faktor in huwelikstevredenheid. Die huwelik is 'n intieme liefdesverhouding, en daarom behoort die man en die vrou mekaar se belange en tevredenheid as prioriteit te stel en mekaar nie van seks en seksuele bevrediging ontnem nie.

'n Empiriese studie om jong gelowige egpare se persepsies en houdings ten opsigte van seksuele intimiteit in die beginfase van die Christelike huwelik te bepaal, is in hoofstuk 4 uitgevoer. Tydens hierdie kwalitatiewe studie het sewe jong gelowige egpare vraelyste ingevul, waarna semigestruktureerde onderhoude met elke persoon gevoer is.

Met die oogmerk om spesifieke praktykteoretiese pastorale riglyne uit te werk en te formuleer, het die navorser in hoofstuk 5 die hermeneutiese wisselwerking binne die konteks van jong, gelowige egpare nagegaan en die basisteoretiese perspektiewe soos afgelei vanuit die Skrif, metateoretiese perspektiewe soos tot slotsom gekom vanuit naasliggende wetenskappe, en die resultate van die empiriese studie verwerk en met mekaar in verband gebring ten einde moontlike riglyne vir pastorale begeleiding saam te stel. Die oogmerk met hierdie pastorale begeleiding is om die gelowige egpaar tot geestelike groei te lei en tot insig te bring oor God se wil vir seksuele intimiteit in die huwelik.

Die finale gevolgtrekking waartoe die navorser kom, is dat, soos wat die sentrale teoretiese argument van hierdie studie dit duidelik stel, die daarstel van pastorale riglyne rakende die inrigting van seksuele intimiteit aan die beginfase van die Christelike huwelik inderdaad kan bydra tot 'n dieper en intiemer huweliksverhouding.

## **SUMMARY**

### **PASTORAL STUDY RELATED TO THE ESTABLISHMENT OF SEXUAL INTIMACY IN THE INITIAL PHASE OF THE CHRISTIAN MARRIAGE.**

The research done in preparation for this study illustrated that – although a lot of research has been done in terms of the impact of intimacy on marriage, Biblical models for marriage, and the implications of intimacy prior to marriage – few studies have been done regarding researched Scriptural perspectives and pastoral guidelines related to sexual intimacy aimed at religious newlywed couples.

The above situation resulted in the main research question:

What pastoral guidelines can be given to a newlywed religious couple regarding sexual intimacy in the initial stage of their marriage? Further research questions arose from this research question.

This study was aimed at compiling pastoral guidelines regarding the establishment of sexual intimacy in the initial stage of the Christian marriage. The method designed by Zerfass for Practical Theology was used during this study.

During basic theoretical research, as designed in chapter 2, it became clear that relevant pastoral guidelines regarding the establishment of sexual intimacy in the Christian marriage can be identified from Scripture. Four guidelines, relevant to this study, were subsequently formulated.

The practical theoretical research of the neighbouring sciences Psychology and Sociology in chapter 3 showed that humans are by nature sexual beings and that this is a need that attention should be given to. Sex inside the marriage is necessary, good and an important factor in marital happiness. Seeing as marriage is an intimate and loving relationship, the husband and wife should have each other's interests and happiness as priority and not deny each other sex and sexual satisfaction.

An empirical study to determine religious newlywed couples' perceptions and attitudes regarding sexual intimacy in the initial stage of the Christian marriage was

done in chapter 4. During this qualitative study, seven religious newlywed couples completed questionnaires, after which semi-structured interviews were conducted with each individual.

In order to formulate specific practical theoretical pastoral guidelines, the researcher, in chapter 5, addressed the hermeneutical interaction within the context of religious newlywed couples. The basic theoretical perspectives arising from Scripture, practical theoretical perspectives as concluded from neighbouring Sciences, and the results from the empirical study were processed in order to compile possible guidelines for pastoral guidance. The aim of this pastoral guidance is the spiritual growth of both the husband and the wife, and to bring them to a better understanding of God's will for sexual intimacy.

The researcher's final conclusion – as indicated by the central theoretical argument of this study – is that the compilation of pastoral guidelines regarding the establishment of sexual intimacy in the initial stage of the Christian marriage can indeed contribute to a deeper and more intimate marital relationship.

## **SLEUTELTERME/KEYWORDS**

### **Sleutelsterme**

Pastorale berading, gelowige egpaar, intimiteit, seksuele intimiteit, pastoraal, huwelik, beginfase, berading.

### **Keywords**

Pastoral counselling, religious married couple, intimacy, sexual intimacy, pastoral, marriage, initial phase, counselling.



<b>VOORWOORD EN BEDANKINGS.....</b>	<b>I</b>
<b>SUMMARY.....</b>	<b>V</b>
<b>SLEUTELTERME/KEYWORDS .....</b>	<b>VII</b>

## **INHOUDSOPGAWE**

### **HOOFSTUK 1**

<b>1.1 TITEL VAN DIE STUDIE .....</b>	<b>1</b>
<b>1.2 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING .....</b>	<b>2</b>
1.2.1 Oriëntering.....	2
1.2.2 Navorsingsvraag .....	5
<b>1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE .....</b>	<b>5</b>
1.3.1 Doelstelling.....	5
1.3.2 Doelwitte.....	6
<b>1.4 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT .....</b>	<b>6</b>
<b>1.5 METODOLOGIE .....</b>	<b>6</b>
<b>1.6 HOOFSTUKINDELING .....</b>	<b>9</b>
<b>1.7 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE KORRELASIE TUSSEN PUNT .....</b>	<b>10</b>
<b>1.3, 1.4 EN 1.6.....</b>	<b>10</b>

### **HOOFSTUK 2**

#### **BASISTEORETIESE BEGINSELS AANGAANDE SEKSUELE INTIMITEIT IN DIE BEGINFASE VAN DIE HUWELIK**

<b>2.1 INLEIDING .....</b>	<b>11</b>
2.1.1 Wat is 'n basisteorie? .....	11
2.1.2 Die Skrif as openbaringsbron in pastorale berading.....	14

<b>2.2</b>	<b>DOELSTELLING .....</b>	<b>16</b>
<b>2.3</b>	<b>METODE .....</b>	<b>16</b>
<b>2.4</b>	<b>WERKPLAN.....</b>	<b>16</b>
<b>2.5</b>	<b>BASIESE BEGINSELS UIT DIE SKRIF .....</b>	<b>17</b>
2.5.1	Bybelse beginsels aangaande die verhouding waarbinne..... die gelowige egpaar seksuele intimiteit mag geniet en uitleef.....	17
2.5.1.1	Inleiding.....	17
2.5.1.2	Motivering van Efesiërs 5:21-33 as fokusverse:.....	18
2.5.1.3	Eksegese van Efesiërs 5:21-33 en vergelyking met die .....	
	res van die Skrif .....	20
2.5.2	Bybelse beginsels met betrekking tot die opdrag wat die .....	
	Bybel gee aangaande die man en vrou se plig teenoor mekaar .....	
	rakende die seksuele. ....	28
2.5.2.1	Motivering van 1 Korintiërs 7:3-5: as fokusverse:.....	28
2.5.2.2	Eksegese van 1 Korintiërs 7:3-5 en vergelyking met die .....	
	res van die Skrif. ....	29
2.5.3	Bybelse beginsels aangaande die prag, vryheid en besonders- .....	
	heid wat seksuele intimiteit inhou vir die gelowige egpaar binne .....	
	die huwelik. ....	34
2.5.3.1	Inleiding.....	34
2.5.3.2	Motivering van die boek Hooglied as fokus:.....	35
2.5.3.3	Eksegese van Hooglied 1-8 .....	35
2.5.4	Bybelse beginsels aangaande die eksklusiwiteit en skoonheid .....	
	van seksuele intimiteit. ....	47
2.5.4.1	Inleiding.....	47
2.5.4.2	Motivering van Spreuke 5:15-19 as fokusverse .....	48
2.5.4.3	Eksegese van Spreuke 5:15-19 en vergelyking met die .....	
	res van die Skrif .....	49

2.5.5	Voorlopige samevatting oor seksuele intimiteit in die Skrif .....	53
2.5.6	Basisteoretiese beginsels .....	54

### HOOFSTUK 3

#### **METATEORETIESE PERSPEKTIEWE AANGAANDE SEKSUELE INTIMITEIT AF- GELEI VANUIT NAASLIGGENDE WETENSKAPPE PSIGOLOGIE EN SOSIOLOGIE**

<b>3.1</b>	<b>INLEIDING .....</b>	<b>56</b>
3.1.1	Definiëring van 'n metateoretiese model .....	56
<b>3.2</b>	<b>DOELSTELLING .....</b>	<b>57</b>
<b>3.3</b>	<b>METODE EN WERKSPLAN .....</b>	<b>57</b>
<b>3.4</b>	<b>NAASLIGGENDE WETENSKAPPE .....</b>	<b>58</b>
3.4.1	Sosiologie .....	58
3.4.1.1	'n Snit van wat Sosiologie bied aangaande die huweliks- verhouding as verhouding waarbinne seksuele intimiteit ervaar en geniet word .....	58
3.4.1.2	'n Snit van wat Sosiologie bied aangaande die man en vrou se plig teenoor mekaar rakende die seksuele .....	61
3.4.1.3	'n Snit van wat Sosiologie bied aangaande die vryheid, prag en besonderheid wat seksuele intimiteit inhou vir die egpaar .....	64
3.4.1.4	'n Snit van wat Sosiologie bied aangaande die eksklusiwi- teit en skoonheid van seksuele intimiteit .....	65
3.4.1.5	Gevolgtrekking .....	66
3.4.2	Psigologie .....	67
3.4.2.1	'n Snit van wat Psigologie bied aangaande die huweliks- verhouding as verhouding waarbinne seksuele intimiteit ervaar en geniet word .....	67

3.4.2.2	’n Snit van wat Psigologie bied aangaande die man en vrou se plig teenoor mekaar rakende die seksuele	69
3.4.2.3	’n Snit van wat Psigologie bied aangaande die vryheid, prag en besondersheid wat seksuele intimiteit inhou vir die egpaar	73
3.4.2.4	’n Snit van wat Psigologie bied aangaande die eksklusiwiteit en skoonheid van seksuele intimiteit	75
3.4.2.5	Gevolgtrekkings	76
3.4.3	Ter opsomming	77

## **HOOFSTUK 4:**

### **EMPIRIESE STUDIE AANGAANDE SEKSUELE INTIMITEIT IN DIE HUWELIK: PERSEPSIES EN HOUDINGS BY JONG GELOWIGE EGPARE**

<b>4.1</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>79</b>
<b>4.2</b>	<b>DIE EMPIRIESE ONDERSOEK</b>	<b>79</b>
4.2.1	Doel van die navorsing	79
4.2.2	Die navorsingsontwerp	79
4.2.2.1	Inleiding	79
4.2.2.2	Kwalitatiewe navorsing	81
4.2.3	Deelnemers	82
4.2.4	Data-insameling	83
4.2.5	Data-analise	86
4.2.6	Vertrouenswaardigheid van data	87
4.2.7	Etiese aspekte	89
<b>4.3</b>	<b>RESULTATE EN BESPREKING</b>	<b>89</b>
4.3.1	Die verhouding waarbinne seksuele intimiteit geniet en uitgeleef mag word	90

4.3.2	Die man en vrou se plig teenoor mekaar rakende die seksuele.....	93
4.3.3	Die vryheid en besonderheid wat seksuele intimiteit inhou binne die..... huwelik .....	100
4.3.3.1	Die vryheid en grense van seksuele intimiteit in die huwelik .....	100
4.3.3.2	Die besondere bydrae wat die seksuele komponent van die..... egpaar se huwelik tot hulle huweliksverhouding lewer.....	105
4.3.4	Die eksklusiwiteit van seksuele intimiteit.....	107
4.3.5	Samevatting van resultate.....	110
<b>4.4</b>	<b>INTEGRASIE VAN VERKREË DATA MET DIE BASIS- EN META- .....</b> <b>TEORETIESE PERSPEKTIEWE.....</b>	<b>112</b>
4.4.1	Die verhouding waarbinne seksuele intimiteit geniet en uitgeleef .....	112
4.4.2	Die man en vrou se plig teenoor mekaar rakende die seksuele en die..... eienskappe van 'n gesonde seksuele verhouding .....	113
4.4.3	Die vryheid en besonderheid wat seksuele intimiteit inhou binne..... die huwelik .....	114
4.4.4	Die eksklusiwiteit van seksuele intimiteit.....	115

## HOOFSTUK 5

### PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE VIR DIE BEGINSELS VIR PASTORALE HUWELIKSBERADING TEN OPSIGTE VAN SEKSUELE INTIMITEIT

<b>5.1</b>	<b>INLEIDING.....</b>	<b>117</b>
<b>5.2</b>	<b>DOELSTELLING .....</b>	<b>118</b>
<b>5.3</b>	<b>WAT IS PASTORALE BERADING? .....</b>	<b>119</b>
<b>5.4</b>	<b>DOEL VAN PASTORALE BERADING.....</b>	<b>120</b>
<b>5.5</b>	<b>DIE PASTORALE VERHOUDING .....</b>	<b>121</b>

<b>5.6</b>	<b>BYBELSE BERADINGSMODELLE .....</b>	<b>122</b>
5.6.1	Howard Clinebell se holistiese groeimodel.....	123
5.6.2	Daniel McKeever se lewensverhaalmodel (narratiewe model) .....	123
5.6.3	Jay E Adams se noutetiese beradingsmodel.....	124
5.6.4	Lawrence Crabb se rasioneel-analitiese / Bybelse model .....	124
5.6.5	Gary Collins se Christelike beradingsmodel.....	125
5.6.6	Daniël Louw se gespreksmodel.....	125
5.6.7	Donald Capps se tematiese metafoormodel.....	126
<b>5.7</b>	<b>DIE PASTORALE BERADINGSPROSES .....</b>	<b>128</b>
5.7.1	Fase 1: Ontmoetingsfase / opbou van 'n verhouding:.....	129
5.7.2	Fase 2: Betrokkenheids- of analisefase .....	131
5.7.3	Fase 3: Beplanningsfase.....	131
5.7.4	Fase 4: Vorderings- of implementeringsfase.....	132
5.7.5	Fase 5: Beëindigings-/ontbindingfase .....	133
<b>5.8</b>	<b>RIGLYNE VIR PASTORALE BERADING.....</b>	<b>134</b>
<b>5.9</b>	<b>PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE AAN JONG EGPARE .....</b>	<b>135</b>
	<b>TEN OPSIGTE VAN SEKSUELE INTIMITEIT .....</b>	<b>135</b>
<b>5.10</b>	<b>SAMEVATTING .....</b>	<b>149</b>

## HOOFSTUK 6

### SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

<b>6.1</b>	<b>FINALE GEVOLGTREKKINGS.....</b>	<b>156</b>
<b>6.2</b>	<b>MOONTLIKE BEPERKINGE VAN DIE STUDIE .....</b>	<b>157</b>
<b>6.3</b>	<b>AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING .....</b>	<b>158</b>

<b>BIBLIOGRAFIE .....</b>	<b>159</b>
<b>BYLAE A .....</b>	<b>176</b>
<b>BEGELEIDENDE BRIEF AAN DEELNEMERS VAN DIE STUDIE .....</b>	<b>176</b>
<b>BYLAE B .....</b>	<b>178</b>
<b>KWALITATIEWE VRAELYS AAN DEELNEMERS VAN DIE STUDIE.....</b>	<b>178</b>

# **HOOFSTUK 1**

## **1.1 Titel van die studie**

**Pastorale studie rakende die inrigting van seksuele intimiteit in die beginfase van die Christelike huwelik.**

### **Sleutelsterme**

Pastorale berading, gelowige egpaar, intimiteit, seksuele intimiteit, pastoraal, huwelik, beginfase, berading.

### **Keywords**

Pastoral counselling, religious married couple, intimacy, sexual intimacy, pastoral, marriage, initial phase, counselling.

### **Seksuele intimiteit / Sexual intimacy**

Die term “intimiteit” het sy oorsprong in die Latynse woord “*intimus*” wat “innigste” of “diepste” beteken. Intimiteit kan gedefinieer word as ’n proses waarbinne twee persone wat vir mekaar omgee so vrylik moontlik met mekaar deel in die uitruil van gevoelens, gedagtes en handeling (Masters, Johnson & Kolodny, 1992:310).

Intimiteit kan uit verskillende hoeke beskryf word. Olsen (aangehaal deur Bauman, 1998:134) en Chapman (2005:2) meen dat intimiteit uit verskeie tipes bestaan, waarvan een tipe, die seksuele of fisiese intimiteit, verwys na die ervaring en deel van algemene affeksie en/of seksuele aktiwiteit.

Seksualiteit is egter baie meer omvattend as slegs geslagsgemeenskap: dit beskryf ook die omvang van emosionele en liggaamlike behoeftes wat tot uitdrukking kom in liefdeskommunikasie. God het dit geskep en bedoel vir wedersydse aanvulling,



emosionele sekuriteit en hartstog, asook fisieke eenwording en voortplanting (Louw, 2004:139).

Seksuele intimiteit as sodanig is nie 'n Bybelse term nie; tog kan die belangrike plek wat dit in die huweliksverhouding inneem, afgelei word uit Skrifgedeeltes rakende intimiteit in die konteks van die Christelike huwelik. Voorbeelde van snitte in die Bybel kan hiervoor voorgehou word, naamlik 1Korintiërs 7:3-5, Hooglied 1-8, Spreuke 5:15-23, Efesiërs 5:21-25 en Hebreërs 13:4. Bestudering van hierdie gedeeltes behoort meer lig te werp op die tema.

## **Die verhouding tussen man en vrou in die Christelike huwelik /**

### **The relationship between husband and wife in die Christian marriage**

Vir die doeleindes van hierdie studie verwys “gelowige egpaar” na twee individue in 'n heteroseksuele huweliksverhouding wat mekaar liefhet en 'n gemeenskaplike geloof het in die Drie-enige God.

### **Beginfase van die huwelik / Initial phase of marriage**

Alhoewel die aanpassingstydperk binne die huwelik van egpaar tot egpaar verskil, verwys “beginfase van die huwelik” veral na die eerste ses maande van die huwelik. Dit is juis in hierdie fase waar dikwels aanpassingsprobleme ervaar word – wat onrealistiese verwagtinge oor die huwelik, ontnugtering ten opsigte van seks, waninligting oor intimiteit, en veranderende rolle kan insluit (vgl. Collins, 2005:259). Hieruit word afgelei dat die fisiese aspek van intimiteit dikwels oorbeklemtoon word, en verwarring, onsekerheid en ontnugtering tot gevolg kan hê.

## **1.2 Oriëntering en probleemstelling**

### **1.2.1 Oriëntering**

Die huwelik is bestem om 'n intieme verhouding te wees, en ook die één geleentheid om die lewe in sy volheid met 'n ander persoon te deel.

Bogenoemde kan afgelei word uit die feit dat juis die huweliksverhouding in die Bybel (Ef. 5:22-33) gebruik word om die verhouding tussen Christus en sy kerk te verduidelik (Louw, 2004:59).

Om hierdie rede (Knowds, 2000:15) het elke mens 'n natuurlike begeerte na 'n betekenisvolle, diep verhouding met ten minste een ander persoon. Wanneer hierdie intimiteit dan in die huwelik beleef word, wek dit 'n diepe vrede, genot en geluk by die individu.

Die seksuele intimiteit waarna hier verwys word, is daardie besonderse mooi en intieme verhouding wat eie is aan die verhouding tussen man en vrou, in die privaatheid van liefde – en dit is heilig, aangesien God dit bedoel het vir juis hierdie verhouding (LaHaye & LaHaye, 2003:11).

Die kwaliteit van hierdie seksuele intimiteit binne die huwelik is dikwels 'n aanduiding van die diepte van die huweliksverhouding. Om hierdie rede is dit belangrik om ware seksuele intimiteit in die huwelik te bereik (Louw, 2004:139).

Cate, Long, Angera en Draper (aangehaal deur Lieser *et al.*, 2007:374) bevestig bogenoemde deur te sê dat daar 'n sterk verband is tussen seksuele interaksie en tevredenheid in huweliksverhoudings.

Aangesien die huwelik beskou word as die intiemste van alle menslike verhoudings, is dit terselfdertyd die mees komplekse en die mees belonende, omdat dit gerig is op permanente huwelikstrou, wedersydse afronding en aanvulling van mekaar tot 'n liefdeseenheid, en die genieting van mekaar met die oog op lewensvreugde, nabyheid en intimiteit (Louw, 2004:138).

Navorsers is dit eens dat een van die algemeenste redes waarom egpare vir professionele huweliksberading aanmeld, kommer oor hul seksuele lewe is (Joanning & Keoughan, 2005:351; Lieser, Tambling, Bischof & Murry, 2007:374). Die redes vir disfunksionele seksuele intimiteit strek veel wyer as seksuele mishandeling, fisiese probleme en verhoudingsprobleme (Collins, 2005:305). Dit kan ook dikwels

toegeskryf word aan negatiewe houdings teenoor seks en geloofsoortuigings wat sekere seksuele aktiwiteite verbied.

Dit is juis hierdie wanopvatting dat die Bybel se siening van seksualiteit vuil en sondig is wat 'n groot oorsaak van seksuele disfunksie is (Casaleggio & Van Rensburg, 2002:372).

Seksualiteit het sowel 'n fisiologiese as 'n psigologiese komponent wat dinamies van aard is en 'n konstante verandering oor tyd ondergaan (Lieser *et al.*, 2007:374), wat dit 'n komplekse en integrale komponent van die mens se bestaan maak. Daarom is dit so belangrik en verrykend om seksualiteit, intimiteit en die kombinasie daarvan in die huwelik te verstaan.

### **Stand van navorsing**

Voordat werk aan die navorsingsvoorstel 'n aanvang geneem het, is die volgende soekenjins geraadpleeg (met gebruikmaking van bogenoemde sleutelwoorde): NEXUS, Noordwes-Universiteit-biblioteekatalogus, SACat, EBSCOhost, Sae-Publications en Sabinet Online. Hierdie soektog het die volgende resultate opgelewer:

- Daar bestaan verskeie studies oor intimiteit en die impak daarvan op die huwelik (Le Roux & De Beer, 1994; Van der Walt, 1991).
- Studies oor Bybelse modelle vir die huwelik bestaan ook reeds (Dreyer & Van Aarde, 2007; Dreyer, 1996).
- Verder bestaan daar talle studies oor seksuele intimiteit voor die huwelik, en die implikasies daarvan (De Bruyn, 1991; Steenkamp, 2003; Le Roux & Van Rooyen, 2007).

Bogenoemde resultate toon dat daar al deeglike navorsing gedoen is oor die impak van intimiteit op die huwelik, Bybelse modelle vir die huwelik en ook die implikasies van intimiteit voor die huwelik. Dit blyk egter daar 'n leemte bestaan ten opsigte van nagevorsde Skrifperspektiewe en pastorale riglyne rakende die inrigting van

seksuele intimiteit van jong, gelowige egpare. Hierdie studie beoog om die leemte te vul.

## **1.2.2 Navorsingsvraag**

**Watter pastorale riglyne kan aan 'n gelowige egpaar gegee word ten opsigte van seksuele intimiteit in die beginfase van hulle huwelik?**

Die volgende navorsingsvrae vloei hieruit voort:

1. Wat is die Bybelse beginsels met betrekking tot seksuele intimiteit aan die beginfase van die huweliksverhouding?
2. Watter perspektiewe aangaande seksuele intimiteit aan die beginfase van die huwelik kan geïdentifiseer word vanuit die naasliggende wetenskappe Psigologie en Sosiologie?
3. Watter inligting kan 'n empiriese studie oplewer met betrekking tot die persepsies en houdings van gelowige egpare ten opsigte van seksuele intimiteit gedurende die beginfase van die huwelik?
4. Watter pastorale riglyne vir die begeleiding van gelowige egpare ten opsigte van seksuele intimiteit aan die beginfase van die huwelik kan gegee word uit die gegewens wat hierbo verkry is?

## **1.3 Doelstelling en doelwitte**

### **1.3.1 Doelstelling**

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is die daarstel van pastorale riglyne rakende die inrigting van seksuele intimiteit aan die beginfase van die Christelike huwelik.

### **1.3.2 Doelwitte**

Ten einde hierdie oorkoepelende doelstelling vir die studie te bereik, word die volgende spesifieke doelwitte voorgestel:

1. Om Bybelse beginsels vas te stel met betrekking tot seksuele intimiteit aan die beginfase van die huweliksverhouding.
2. Om perspektiewe aangaande seksuele intimiteit aan die beginfase van die huwelik vanuit die naasliggende wetenskappe Psigologie en Sosiologie te identifiseer.
3. Om aan die hand van 'n empiriese studie die persepsies en houdings van gelowige jong egpare oor seksuele intimiteit gedurende die beginfase van die huwelik na te vors.
4. Om deur 'n kritiese sintese van die gegewens pastorale riglyne van die huwelik ten opsigte van seksuele intimiteit aan die beginfase van die huwelik saam te stel.

## **1.4 Sentrale teoretiese argument**

Die sentraal teoretiese argument van hierdie studie is dat die daarstel van pastorale riglyne rakende die inrigting van seksuele intimiteit aan die beginfase van die Christelike huwelik kan bydra tot 'n dieper en intiemer huweliksverhouding.

## **1.5 Metodologie**

Hierdie teologies-pastorale studie word gedoen vanuit die gereformeerde tradisie. Dit behels onder meer dat die geïnspireerde Woord van God as primêre bron vir normatiewe begroning en rigtingaanduiding gebruik word (2 Tim. 3:16-17).

In die beantwoording van die verskillende navorsingsvrae word die volgende metode gebruik:

Die model wat Zerfass vir die Praktiese Teologie ontwerp het, sal gebruik word.

Hierdie model behels 'n hermeneutiese wisselwerking tussen die basisteorie, metateorie en praktykteorie.

In die formulering van 'n basisteorie (De Wet, 2009:10) word merkers uit die Skrif en die geloofsgeskiedenis van die kerk geïdentifiseer waarvolgens die praktiese teoloog sy benadering tot die vakgebied verantwoord en teologiese ankerpunte vir die kriteria wat gebruik word, aandui om die handelingpraksis te verstaan, te verklaar en te verander.

'n Basisteorie sal ontwerp word na aanleiding van die Bybelse beginsels ten opsigte van seksuele intimiteit. Hier word eerstens 'n relevante literatuurstudie gedoen, en dan, aan die hand van die voorgestelde metode van De Klerk en Van Rensburg (2005), grammaties-historiese eksegeese van toepaslike Bybelgedeeltes uit sowel die Ou (Hoogl. 1-8 & Spr. 5:15-23) as die Nuwe Testament (1 Kor. 7:3-5, Ef. 5:21-25 & Hebr. 13:4).

Metateoretiese insigte sal vanuit die navorsingsresultate van die naasliggende wetenskappe verwerk word. Die funksie van die metateorie in wetenskapsbeoefening is, volgens De Wet (2009:10), om universele raakpunte tussen die ondersoekveld van Praktiese Teologie en ander wetenskappe soos Psigologie en Sosiologie te ondersoek en die implikasies daarvan in die eie benadering te geïntegreer. Deur hierdie raakpunte vanuit die teologiese invalshoek te bestudeer, word verskynsels in menslike gedrag, wat in die menswetenskappe ten opsigte van sosiale, psigologiese en intermenslike kommunikatiewe faktore (horisontale dimensie) ondersoek word, altyd op die snylyn van die geloofsverhouding met God (vertikale dimensie) gebring (De Wet, 2009:10).

'n Empiriese studie sal gedoen word om die persepsies en houdings van gelowige jong egpare oor seksuele intimiteit gedurende die beginfase van die huwelik na te vors.

'n Kerngroep sal bestaan uit sewe egpare met wie semigestruktureerde onderhoude gevoer sal word. Dus sal van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak word. Die rede hiervoor is dat daar ten opsigte van die navorsing nie statistiese gegewens nagegaan gaan word nie, maar eerder tendense en gevoelens. Dus sal die data nie statisties geanaliseer en geïnterpreteer word nie, maar eerder geanaliseer word by wyse van interpretasie van gevallestudies. Die voorgeskrewe etiese norme, soos deur die Noordwes-Universiteit vereis, sal nagevolg word.

Die doel van die empiriese studie is om kwalitatief te bepaal wat die huidige persepsies en houdings ten opsigte van seksuele intimiteit in die huwelik is van pasgetroude, gelowige egpare wat hulle in die Christelike huwelik aan mekaar verbind het.

In die praktykteorie, kom die wisselwerking tussen teologiese tradisie en die konkrete, geanaliseerde situasie ter sprake. Hierdie wisselwerking word dikwels gekenmerk deur spanning tussen hoe die konkrete situasie veronderstel is om te lyk en hoe dit in die werklikheid lyk (De Wet, 2006:73). Daarom sal daar op hierdie punt in die metodologie praktykteorie gebruik word om, deur die hermeneutiese wisselwerking tussen die gegewens uit die basisteorie, die metateoretiese perspektiewe en die huidige praktyk van berading, tot 'n kritiese sintese van die gegewens te kom en pastorale riglyne rakende die inrigting van seksuele intimiteit in die beginfase van die huwelik, saam te stel. Spesifieke praktykteoretiese riglyne sal dan geformuleer kan word deur die wisselwerking binne die konteks van gelowige, pasgetroude egpare na te gaan.

## 1.6 Hoofstukindeling

**Hoofstuk 1:** Inleiding.

**Hoofstuk 2:** Basisteoretiese beginsels aangaande seksuele intimiteit in die beginfase van die huweliksverhouding.

**Hoofstuk 3:** Metateoretiese perspektiewe aangaande seksuele intimiteit, afgelei vanuit die naasliggende wetenskappe Psigologie en Sosiologie.

**Hoofstuk 4:** Empiriese studie aangaande seksuele intimiteit in die huwelik: persepsies en houdings by jong gelowige egpare.

**Hoofstuk 5:** Praktykteoretiese riglyne vir die beginsels vir pastorale huweliksberading ten opsigte van seksuele intimiteit.

**Hoofstuk 6:** Samevattende gevolgtrekkings: pastorale studie rakende die inrigting van seksuele intimiteit in die beginfase van die Christelike huwelik.

Bibliografie.



## 1.7 Skematiese voorstelling van die korrelasie tussen punt

### 1.3, 1.4 en 1.6

1.3 Navorsingsvraag	1.4 Doelstellings en Doelwitte	1.6. Metodologie
Watter pastorale riglyne kan verskaf word rakende die inrigting van seksuele intimiteit aan die beginfase van die Christelike huwelik?	Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is die daarstel van pastorale riglyne rakende die inrigting van seksuele intimiteit aan die beginfase van die Christelike huwelik.	'n Basisteorie sal ontwerp word na aanleiding van die Bybelse beginsels ten opsigte van seksuele intimiteit.
Wat is die Bybelse beginsels met betrekking tot seksuele intimiteit aan die beginfase van die huweliksverhouding?	Om Bybelse beginsels vas te stel met betrekking tot seksuele intimiteit aan die beginfase van die huweliksverhouding.	'n Basisteorie sal ontwikkel word na aanleiding van die Bybelse beginsels ten opsigte van seksuele intimiteit.
Watter perspektiewe aangaande seksuele intimiteit aan die beginfase van die huwelik kan geïdentifiseer word vanuit die naasliggende wetenskappe Psigologie en Sosiologie.	Om perspektiewe aangaande seksuele intimiteit aan die beginfase van die huwelik vanuit die naasliggende wetenskappe Psigologie en Sosiologie te identifiseer.	Metateoretiese insigte sal vanuit die navorsingsresultate van die naasliggende wetenskappe Psigologie en Sosiologie verwerk word, en praktykteoretiese perspektiewe sal aangewend word om 'n gewysigde teorie vir die praksis te ontwerp.
Watter inligting kan 'n empiriese studie oplewer met betrekking tot die persepsies en houdings van gelowige jong egpaar ten opsigte van seksuele intimiteit gedurende die beginfase van die huwelik?	Om aan die hand van 'n empiriese studie die persepsies en houdings van gelowige jong egpare oor seksuele intimiteit gedurende die beginfase van die huwelik na te vors.	'n Empiriese studie sal gedoen word om die persepsies en houdings van gelowige jong egpare oor seksuele intimiteit gedurende die beginfase van die huwelik na te vors.
Watter pastorale riglyne vir die begeleiding van gelowige egpare ten opsigte van seksuele intimiteit aan die beginfase van die huwelik kan gegee word uit die gegewens wat hierbo verkry is?	Om deur 'n kritiese sintese van die gegewens pastorale riglyne vir die begeleiding van gelowige egpare ten opsigte van seksuele intimiteit aan die beginfase van die huwelik saam te stel.	Praktykteorie sal deur die hermeneutiese wisselwerking tussen die gegewens uit die basisteorie, die metateoretiese perspektiewe en die huidige praktyk van berading in die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika gebruik word om deur 'n kritiese sintese van die gegewens pastorale riglyne vir die begeleiding van gelowige egpare ten opsigte van seksuele intimiteit aan die begin van die huwelik saam te stel.

## **HOOFSTUK 2**

### **BASISTEORETIESE BEGINSELS AANGAANDE SEKSUELE INTIMITEIT IN DIE BEGINFASE VAN DIE HUWELIK**

#### **2.1 Inleiding**


##### **2.1.1 Wat is 'n basisteorie?**

Zerfass se handelingswetenskaplike model word dikwels in prakties-teologiese navorsing aangewend waar die klem lê op die siklus wat nodig is om van 'n problematiese Christelik-kerklike praxis na 'n nuwe praxis te beweeg.

De Wet (2006:72) maak enkele aksentverskuiwings en spesifiserings ten opsigte van die bogenoemde model van Zerfass ten einde dit toepaslik vir gebruik in 'n gereformeerde konteks te maak. Vervolgens die aksentverskuiwings volgens De Wet (2006:72):

- Eerstens moet die fokus van 'n navorsingsvraag verskuif vanaf 'n vraag wat geformuleer word ten opsigte van 'n meer effektiewe inrigting van 'n bepaalde handelingspraxis (antroposentries) na 'n vraag wat geformuleer word ten opsigte van hoe God se eer gedien kan word (teosentries).
- In die openbaring van God in sy Woord sal hermeneutiese wisselwerking tussen Skrif en praxis sy vertrekpunt vind.
- Die reformatoriese gerigtheid sal in geloof gefokus wees op Christus deur Wie die handelingspraxis van die kerk met reddende krag oopgebreek word, eerder as om vasgevang te wees in 'n sikliese gang van bestaande praxis deur 'n nuwe praxis te korrigeer.
- Laastens sal die hoofokus van die teorievormende arbeid verskuif word na die prakties-teologiese formulering van die basisteorie uit die Skrif wat in hermeneutiese wisselwerking gerig word op resultate wat uit die analyse van die konkrete situasie verkry word (metateorie).

Ten einde die volledige konteks te verstaan en te begryp, word dit nodig geag om die werking van Zeffass se handelingswetenskaplike model oorsigtelik te verduidelik en van toepassing te maak op die vraagstuk van hierdie studie. Dit word gedoen met verwysing na punte 1 tot 13 van onderstaande illustrasie.



**Figuur 1: Zeffass se model (De Wet, 2006:72)**

**Praxis 1:** Hier gaan dit oor die huidige stand van 'n spesifieke problematiese situasie, in hierdie geval 'n tekort aan begeleiding in die inrigting van seksuele intimiteit in die beginfase van die Christelike huwelik. Handelingsdruk word geplaas op die situasie, wat die weer oproep tot 'n bereidheid om na te dink. Daar moet nagedink word oor die situasie, met die doel om vas te stel wat die beste is om hierdie situasie ten goede te verander.

### **Geldende oorlewing: pyltjie 2 & 4:**

As eerste reaksie tot bogenoemde situasie word teruggegryp na die geldende teologiese tradisie (basisteorie). Die invloed hiervan lê op veelvuldige maniere opgesluit in die onbewuste, geïnternaliseerde verhoudingspatrone, denkmodelle en norme vir handeling wat in dissiplines soos Dogmatiek neerslag vind (De Wet, 2006:73). Dit gee aanleiding tot die vraag: Hoe is tot nou toe gedink oor die inrigting van seksuele intimiteit in die beginfase van die Christelike huwelik? Hier moet in gedagte gehou word dat, om slegs dit wat as norme beskou word, as geldend voor te hou, dikwels tot gevolg het dat die noodsaak van verandering of vernuwing nie raakgesien word nie.

### **Geanaliseerde werklikheidsituasie: pyltjie 3 & 6:**

Hier kom die navorsingsprosedure ter sprake wat nodig is om tot 'n situasie-analise van die empirie te kom. Dit word gedoen deur geldige meetinstrumente vanuit die naasliggende wetenskappe Psigologie en Sosiologie te gebruik ten einde 'n juiste beeld van die werklikheid te verkry rakende die huidige persepsies en houdings van pasgetroude, gelowige egpare aangaande seksuele intimiteit in die huwelik.

### **Wisselwerking tussen teologiese tradisie en die geanaliseerde situasie: pyltjie 5:**

Wisselwerking tussen teologiese tradisie en die geanaliseerde situasie kom hier ter sprake. Hierdie wisselwerking word dikwels gekenmerk deur spanning tussen hoe die konkrete situasie veronderstel is om te lyk en hoe dit in die werklikheid lyk (De Wet, 2006:73). Die inligting wat deur die situasie-analise verkry word, moet ten opsigte van die implikasies daarvan eers vergelyk word met die teologiese oorlewing; sodoende vind daar wisselwerking tussen hulle plaas.

### **Invloed van die teologiese tradisie en die situasie-analise: pyltjie 7 & 8:**

Gesamentlik kom 7 & 8 tot 'n nuwe prakties-teologiese teorie (9). Daar word tot 'n besef gekom dat iets gedoen moet word om die situasie te verander, weens die

spanning tussen hoe dit in werklikheid lyk en hoe dit veronderstel is om te lyk (De Wet, 2006:74). 'n Teorie word ontwikkel om spesifieke praktykteoretiese riglyne vir die huwelik te formuleer, ten opsigte van seksuele intimiteit aan die begin van die Christelike huwelik.

### **Handelingsimpuls in die daarstel van 'n nuwe praksis: pyltjie 10:**

Die handelingsimpuls van (9) in die daarstel van 'n nuwe praksis (11) kom hier ter sprake, en moet in die praktyk toegepas word. Die praksis word deur die handelingsimpuls in die gewenste rigting gestuur (De Wet, 2006:74). Die teorie moet praktyk word.

### **Beoordeling van die nuwe praksis: pyltjie 12 & 13:**

Hierdie nuwe praksis (11) word hier eers aan die situasie (12) en aan die teologiese oorlewing (13) getoets. Terugherleiding na situasie-analise kan tot 'n meer presiese omlyning van die teoretiese raamwerk (9) en tot nuwe handelingsaanwysings (10) lei. Aan die ander kant behoort 'n nuwe praksis ook by te dra tot 'n verdieping in die verstaan van hoe teologiese oorlewing (13) werk.

### **2.1.2 Die Skrif as openbaringsbron in pastorale berading.**

Dit is die uitgangspunt van hierdie studie dat die Bybel algehele gesag dra en normatief is.

Enkele bewyse dat die Bybel outoriteit dra (Zukeran, 2003:2), is

- interne bewyse, nl.:
- Self-proklamasie, soos duidelik in 2 Timoteus 3:16: *“Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.”*

- Bevestiging deur die Heilige Gees dat dit die Woord van God is. Johannes 16:13: *“Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig.”*
- Vermoë om verandering teweeg te bring, meer spesifiek, om lewens te kan verander, soos gesien word in Hebreërs 4:12: *“Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.”*
- Eenheid van die Bybel. Alhoewel die Bybel duisende onderwerpe dek, weerspreek die Bybel homself nooit. Daar moet in gedagte gehou word dat die Bybel oor 'n tydperk van meer as 'n duisend jaar ontstaan, deur verskillende mense geskryf is, in verskillende plekke, onder verskillende omstandighede, en vir verskeie redes. Ten spyte van al bogenoemde faktore weerspreek die Bybel homself nooit, maar één tema loop deur dit alles soos 'n goue draad: God se verlossing vir die mens.
- asook eksterne bewyse, nl. die onverganklikheid van die Bybel, argeologiese bewyse en ook Bybelse profesieë wat waar geword het (Zukeran, 2003:2).

Soos hierbo aangetoon, maak die Bybel self daarop aanspraak dat dit die Woord van God is, en dat dit die opgetekende gebeure akkuraat weergee. Indien hierdie stelling die waarheid is, behoort die Bybel geag te word as outoritêr (Collins, 2001:31).

Vir die doeleindes van hierdie studie word dus van die uitgangspunt uitgegaan dat die Bybel 'n boek van sodanige akkuraatheid en outoriteit is dat 'n wêreldbeeld hierop gebou en pastorale riglyne hieruit ontwikkel kan word.

## **2.2 Doelstelling**

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is om in die lig van Bybelse beginsels vas te stel wat die perspektiewe van die Bybel is aangaande seksuele intimiteit.

Hierdie hoofstuk, wat die basisteorie bevat, kan in samehang met die metateoretiese perspektiewe (wat in hoofstuk 3 ondersoek word) meewerk tot die vasstelling van Bybelse riglyne ten opsigte van seksuele intimiteit.

“Seksuele intimiteit” as sodanig is nie ’n Bybelse term nie. Ander terme en begrippe wat egter hierby aansluit sal, soos dit in verskillende plekke in die Bybel voorkom, aan die orde gestel word. Deur hierdie teksverse te ondersoek, kan moontlike riglyne aangedui word aangaande seksuele intimiteit.

## **2.3 Metode**

Soos aangedui in hoofstuk 1 sal ’n basisteorie ontwerp word vanuit die beginsels wat die Bybel bied. Vir die doeleindes van hierdie studie word nie gefokus op wat uit die geskiedenis afgelei kan word rakende seksuele intimiteit nie, maar eerder op tendense, dus snitte uit die Bybel. Hier word eerstens ’n relevante literatuurstudie gedoen, en dan, aan die hand van die voorgestelde metode van De Klerk en Van Rensburg (2005), grammaties-historiese eksegesi van relevante Bybelgedeeltes uit sowel die Ou (Hoogl. 1-8 & Spr. 5:15-23) as die Nuwe Testament (1 Kor. 7:3-5, Ef. 5:21-25 & Hebr. 13:4).

## **2.4 Werkplan**

Hierdie navorsing se hooffokus is die seksuele intimiteit in die beginfase van die Christelike huwelik. Daarom word hier nou aandag geskenk aan die volgende:

- Eerstens word gekyk na die verhouding waarbinne die gelowige egpaar seksuele intimiteit mag geniet en uitleef.

- Tweedens word ondersoek ingestel na die Bybelse opdrag aangaande die man en vrou se plig teenoor mekaar rakende die seksuele.
- Derdens word die prag, vryheid en besonderheid wat seksuele intimiteit vir die gelowige egpaar binne die huwelik inhou, bestudeer.
- Vierdens word die eksklusiwiteit en skoonheid van seksuele intimiteit ondersoek.

## **2.5 Basiese beginsels uit die Skrif**

### **2.5.1 Bybelse beginsels aangaande die verhouding waarbinne die gelowige egpaar seksuele intimiteit mag geniet en uitleef**

#### **2.5.1.1 Inleiding**

*“Being sexual is part of being human, and the Bible quite frankly acknowledges this important aspect of our humanity.”*

- Menn (2003:37)

Vir hierdie studie is dit van die uiterste belang om presies te verstaan wat seksuele intimiteit beteken, aangesien God die seksuele ontwerp het om veel meer te wees as slegs fisiese omgang (Smalley & Cunningham, 2008:16). Dit vorm die “sement” wat die boustene van die huwelik bind en die huwelikshuis stewig hou (Craig & Stander, 2008:23). Meer nog: dit is bedoel en gestel as die diepste vorm van menslike kommunikasie, en die hoogste en intiemste kennis van ’n persoon word juis hier beleef (De Bruyn, aangehaal deur De Klerk, 1997:24).

Seksuele intimiteit neem dus ’n besondere plek in die gelowige egpaar se huweliksverhouding in. Hierdie huweliksverhouding moet ’n toonbeeld in hierdie wêreld wees van Christus se verhouding met sy kerk, en daarom is dit van groot belang dat die huwelik juis so ingerig sal wees.



Ten einde Bybelse beginsels uit te lig wat 'n rol kan speel in die onderwerp onder bespreking, gaan veral na vier teksgedeeltes in die Bybel gekyk word: Efesiërs 5:21-33, 1 Korintiërs 7:3-5, Hooglied 1-8 en Spreuke 5:15-19.

### **2.5.1.2 Motivering van Efesiërs 5:21-33 as fokusverse:**

“Wees uit **eerbied** vir Christus aan **mekaar** onderdanig. Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here **onderdanig** is. Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk. Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees. Mans, julle moet julle vrouens **liefhê** soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het. Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het, sodat Hy die kerk in volle heerlijkheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik. Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief, want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met sy kerk doen omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is. Daar staan in die Skrif: “Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees”. Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk.” (Bybel 1983.)

Hierdie boek maak deel uit van Paulus se briewe aan gelowiges in verskillende stede. Dit is 'n brief aan die gelowiges in Klein-Asië, waaronder die gelowiges van Efese. Paulus het hierdie brief geskryf gedurende sy gevangenskap (Ef. 3:1 & Ef. 4:1) in Rome. Dit was in die vroeë sestigerjare na Christus (Best, 2004:46), dus ongeveer 61-63 nC. Paulus skryf die brief om die lidmate van die gemeente in Efese in hulle geloof te versterk deur hulle te wys op die eenheid van die kerk asook hoe hierdie eenheid elke dag in praktyk uitgeleef moet word (Best, 2004:75). Die motivering hiervoor is sodat die geloof en die liggaam van Christus versterk kan word en sal groei (Anon, 2008:5).

In die boek Romeine staan geskrywe: *“Van Paulus, ’n dienaar van Christus Jesus, geroep om apostel te wees, afgesonder vir die evangelie van God. Hierdie evangelie het Hy vooruit deur sy profete in die Heilige Skrif aangekondig, en dit handel oor sy Seun.”* (Rom. 1:1-2.) Hieruit kan gesien word dat Paulus homself voorstel as dienaar van Christus, soos ’n slaaf in die destydse wêreld in sy eienaar se diens was. Verder gebruik hy ook die woord “apostel”, wat dui daarop dat hy geroep is om ’n gevolmagtigde gesant van Christus te wees, met ’n spesifieke boodskap van die Here af (Henry, 1721).

Daarom kan afgelei word dat Paulus se woorde as geïnspireerd deur God aanvaar kan word.

Wanneer Paulus dan die uitsprake in Efesiërs 5:21-33 maak oor die aard van die huwelik, kan aanvaar word dat sy woorde waarde het, en die boodskap van God oordra. Hierdie gedeelte wys daarop dat man en vrou se nuwe lewe in Christus, as lig, en onder beheer van die Heilige Gees moet gestalte kry in hulle huwelik. Geen riglyn van God vir ’n huweliksverhouding (waaronder dan ook die aspek van seksuele intimiteit) kan sonder die kragtige werking van die Heilige Gees in ons nagekom word nie. Hierdie verhouding is die spieël van Jesus Christus se verhouding met sy kerk; daarom mag daar nie onvrede wees tussen man en vrou in ’n huwelik nie (De Klerk, 2001:101; Ney, 2002:32). Die hele perikoop van Efesiërs 5:21-33 is voluit op die wederkerigheid van die verhouding tussen man en vrou gerig (De Klerk, 1997:42).

*“The secret of having a good marriage is to understand that marriage must be total, it must be permanent and it must be equal.”* (Frank Pittman, aangehaal deur Craig & Stander, 2008:37.)

### 2.5.1.3 Eksegese van Efesiërs 5:21-33 en vergelyking met die res van die Skrif

#### A. *Tekstuele konteks van die perikoop*

##### *Die plek van die perikoop binne die boek*

Vir die doeleindes van hierdie studie word vers 21 as deel van die perikoop geneem, aangesien dit aan vers 22-32 verbind is deur dieselfde gedagtegang. Die sentrale gedagte hier is die onderdanigheid aan mekaar, in verskillende verhoudings.

- Briefaanhef (1:1-2)
  
- God se verlossende werk (1:3-3:21)
  1. Lofroep en die rede vir die lofroep (1:3-14)
  2. Paulus se danksegging (1:15- 23)
  3. Die gevolg van God se handeling vir die gelowiges (2:1-22)
  4. Die gevolg van God se handeling vir Paulus (3:1-21)
  
- Oproepe op grond van God se verlossingswerk (4:1-6:20)
  1. Handhaaf die eenheid onder gelowiges (4:1-16)
  2. Breek met die ou mens, en lewe as nuwe mense (4:17-5:5)
  3. Lewe as mense van die lig (5:6-20)
  4. Riglyne vir gedrag binne gesagsverhoudings (5:21-6:9)
  5. Oproepe om tot die einde toe op die pos te bly (6:10-20)
  
- Briefslot (6:21-24) (Vosloo & Van Rensburg, 2007:1822)

##### *Die plek van die perikoop in die Bybel*

Die boek Efesiërs is die tiende boek in die Nuwe Testament. Dit maak deel uit van die algemene sendbriewe van Paulus.

## ***B. Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop***

Hierdie perikoop bestaan uit 5 dele wat soos volg onderskei kan word:

- a) Algemene opdrag tot onderdanigheid (5:21)
- b) Opdrag aan die vrou (5:22-24)
- c) Opdrag aan die man (5:25-32)
- d) Skriftuurlike fundering (5:31-32) met gevolgtrekking
- e) Slot (De Klerk, 1997:51)

Soos reeds aangedui in A word die onderdanigheid wat in vers 21 genoem is die sentrale idee van hierdie perikoop.

## ***C. Die genre van die perikoop en die boek waarin die perikoop voorkom***

Die literêre genre van hierdie die boek Efesiërs is egte briewe. Volgens De Klerk en Van Rensburg (2005:21) is hierdie tipe briewe geskryf om 'n spesifieke probleem wat in 'n bepaalde gemeente ondervind is aan die orde te stel. 'n Bepaalde outeur skryf dan vanuit sy eie situasie in 'n poging om oplossings vir hierdie probleme te verskaf. Hierdie brief van Paulus (Hoehner, 2004:61), in ooreenstemming met sommige van sy ander briewe, word verdeel in twee dele, nl. doktrine en teologie (hoofstuk 1-3) en verpligtinge of etiek (hfst. 4-6).

## ***D. Openbaringshistoriese plasing en betekenis van die perikoop***

Uit hierdie perikoop is dit duidelik dat die saak wat hier aangespreek word die verhoudings van Christene met ander mense is. In besonder dan is die openbaringstema hier die verhouding tussen man en vrou, soos tussen Christus en sy kerk.

Om te verseker dat die wese van seks, en die huwelik, reg verstaan en begryp word, is dit nodig om aan die begin van God se verhouding met die mens, in Genesis, te begin. Reeds in die skeppingsverhaal word dit duidelik dat God dit nie goed gevind dat die mens alleen is nie (Gen. 2:8), en daarom maak Hy vir hom 'n maat, 'n helper

(Gen. 2:18), wat die mens se grootste behoefte (die behoefte na 'n ander mens) vervul het (Arnold, 1982:204; Knouwds, 2000:15; Mack & Mack, 2006:21). Hieruit kan ook gesien word dat God die maker van die huwelik is (Gen. 2:18), deur die man en vrou in Genesis 2:24-25 aan mekaar te verbind in Genesis 2:24-25.

God is dan ook die skepper van die seksuele, dit was in sy volmaakte plan vir die mens. Wanneer weer gekyk word na Genesis 2:24, *“en hulle sal een vlees word...”*, word dit duidelik dat hier verwys word, nie net na die geestelike eenwording nie, maar ook na seksuele intimiteit, wat dien tot die versterking van die eenheid van man en vrou (Vosloo & Van Rensburg, 2007:12). God se wil vir die huwelik is ook dat dit 'n lewenslange verbintenis tot mekaar sal wees, soos duidelik blyk uit Matteus 19:6: *“Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie”* en ook Romeine 7:2-3.

Hoewel dit dalk as vanselfsprekend aanvaar word, is dit tog nodig om ook hier te bevestig dat God se doel met die huwelik was dat dit 'n liefdesverhouding sal wees (Kol. 3:19). Dit is duidelik dat God elke eggenoot spesifiek vir die ander eggenoot geskep het, nie bloot as aanvullende, komplementerende geslagte nie, maar as aanvullende, komplementerende individue, vir mekaar. Hulle is vir mekaar bedoel om met mekaar die lewe deur te gaan in wederkerige liefde (De Klerk, 1997:19). Liefde gaan oor 'n totale wedersydse aangetrokkenheid tot die ander, waaraan die seksdaad as liefdesdaad uitdrukking gee. In hierdie soort liefde is daar totale wedersydse aanvaarding – onvoorwaardelike aanvaarding, ook van die tekortkominge van die ander persoon. Liefde vorm die lewensaar vir hierdie verhouding, dus ook vir die seksuele verhouding. Dit impliseer 'n wedersydse gee en neem, 'n diepe teerheid, 'n belofte tot trouheid en 'n hunkering na eenheid (Groenewald, 2006:66).

Die inhoud en onderwerpe wat aangeraak word in Efesiërs 5:21-33 is onderwerpe wat nie op hulle eie staan nie, maar gestaaf en bevestig word in ander plekke in die Bybel.

Bespreking van hierdie perikoop.

Die algemene beginsel vir die verhouding tussen man en vrou is dat Christus se verhouding met man en vrou, en hulle s'n met Hom, die bepalende faktor is van man en vrou se verhouding in die huwelik (5:21). Christus se lewenswyse en wyse van verhoudings handhaaf is immers die voorbeeld waarna gelowiges streef.

Die vrou in die huwelik word in 5:22-24 aangespreek om onderdanig te wees aan haar man, soos wat sy onderdanig is aan God. Dit is interessant dat Paulus sê dat die vrou aan haar eie man onderdanig moet wees, teenoor om aan mans in die algemeen onderdanig te wees (Hoehner, 2004:732). Onderdanigheid verwys na die gewilligheid om iemand te gehoorsaam, asook na gedwee, nederig en onderworpe (Odendaal, Schoonees, Swanepoel, du Toit & Booyen, 1994:723). Hierdie tema van onderdanigheid word ook gevind in Korintiërs 14:34, 1 Petrus 3:1-2, en Kolossense 3:18.

Die motivering vir hierdie onderdanigheid word verduidelik in vers 23, en dit is dat die man die hoof van die vrou is, soos wat Christus hoof van die kerk is (Hoehner, 2004:728). Ten einde duidelik te verstaan wat die implikasies daarvan is dat die man die hoof van die vrou is, is dit belangrik om die betekenis van die hoofskap van Christus oor die kerk te verstaan. "Hoof" in hierdie konteks het betrekking op "heerser" of "outoriteit oor". In die lig hiervan is dit duidelik dat die man se outoriteitsposisie oor die vrou beskermend van aard is (Hoehner, 2004:744).

Bogenoemde motief stem ooreen met Efesiërs 1:22 en Kolossense 3:19, wat ook handel oor Christus as hoof van die kerk.

Die man van die huishouding word beveel in 5:25 om sy vrou lief te hê. Dit verwys na liefde ongeag verdienste. Die woord liefde impliseer vir Carr, Capps, Gill, Oberholzer, Page, Van Deusen Hunsinger en Williams (2002:206) "*a liking, a fondness, concern, affection, and also sexual desire*", wat beskrywend is van die onderskeie tipes liefde Eros en agape. Ook dui liefde op hartlike geneentheid, gehegtheid aan 'n persoon of saak; geneentheid van 'n man vir 'n vrou of omgekeerd (Odendaal *et al.*, 1994:618).

Die verantwoordelikhede van die man is in hoofsaak om sy vrou se leier te wees, en ook haar beminde. Volgens Hoehner (2004:747) dui die imperatief daarop dat die man se liefde vir sy vrou 'n aanhoudende proses is, en dat hy sy vrou moet liefhê, selfs al lyk dit asof sy dit nie verdien nie, dus onvoorwaardelik. Die motivering hiervoor is dat Christus die kerk liefhet. Hy het sy bruid, die kerk, so lief dat hy homself vir haar gegee het (Hoehner, 2004:728).

Christus se liefde vir sy kerk, is

- 'n onvoorwaardelike liefde (Rom. 5:8),
  - 'n keuse (Deut. 7:7; Ef. 1:6-7),
  - 'n intense liefde (Joh.13:1; Ef. 5:2 & 25),
  - 'n oneindige liefde (Joh. 31:1; Jer. 31:3; Rom. 8:39),
  - 'n onselfsugtige liefde (Fil. 2:6-7),
  - 'n opofferende liefde (Ef. 5:2; Gal. 2:20; 1 Pet. 3:18; Rom. 5:6-11; 1 Pet. 2:24), en
  - 'n gemanifesteerde liefde (Joh. 10:1-14; Rom. 8:32; Fil. 4:13; Heb. 4:14-16)
- (Mack, 1999:40).

'n Belangrike insig in die teologie van menslike seksualiteit is die feit dat die “mens” geskep is as man en vrou. Let op dat die “manlik” en “vroulik” parallel staan met die uitdrukking “mens” (Gen. 1:27). Daar is daarom glad nie sprake van enige meerderwaardigheid of minderwaardigheid tussen man en vrou nie. Beide is as gelykes na die “beeld van God” geskep (Davidson, 1988:7).

Dit vrou moes iemand wees wat gelykwaardig kon wees aan die man. Aangesien hierdie helper toe uit die sy van die eerste mens gemaak is, kan gesê word dat man en vrou letterlik “been van dieselfde gebeente en vlees van dieselfde vlees” is, dat die een soos die ander is, gelykes (Gen. 2:23). Die skepping van die man aan die begin en die skepping van die vrou aan die einde stem met mekaar ooreen in belangrikheid. Die verloop van hierdie verhaal in Genesis is 'n verhaal van “onvolledigheid” na “volledigheid” (Groenewald, 2006:58). Wat betref seksualiteit, blyk dit dat die mens van die begin af geskep is met 'n seksuele begeerte gerig tot die ander. Uit die man se interaksie met die diere word hy bewus van sy eie

behoefte aan 'n helper wat by hom pas (Gen. 2:18, 20). Eers wanneer die vrou aan hom gegee word, word hy ten volle bewus van sy seksualiteit. In die skepping van die vrou word hy uiteindelik volledig mens. Die eenwording dui nie net op een in vlees nie, maar verder ook tot hulle hele eksistensie. Dit is duidelik dat 'n eenheid asook intimiteit in die verhouding, van die totaliteit van die persoon van die man, tot die totaliteit van die persoon van die vrou, bestaan (Groenewald, 2006:60).

Paulus verduidelik in 5:26-27 dat Christus die kerk reinig deur die Heilige Gees; daarom moet man en vrou daarna streef dat hulle huwelik getuig van Christus se liefdevolle voorbereiding van sy kerk vir Homself. Efesiërs 1:4 (Vosloo & Van Rensburg, 2007:1833) sluit hierby aan deur te beskryf hoe ons slegs deur Christus se toedoen skoon en onberispelik voor God kan wees. God het ons verkies omdat Hy liefhet; deur onberispelik te lewe, wys ons dat ons verkies is om heilig te lewe (De Klerk, 2001:11). Paulus toon die intensie van Christus se liefde vir die kerk met drie frases: sodat hy haar daardeur reinig (vers 26), sodat hy die kerk in volle heerlijkheid kan ontvang (vers 27a), en sodat sy heilig en sonder blaam kan wees (vers 27b) (Hoehner, 2004:750).

Vers 28-30 handel daarvoor dat 'n man sy vrou moet liefhê soos sy eie liggaam, en dat hulle gelyk is voor God, en dit stem ooreen met 1 Petrus 3:7. Die man moet bereid wees om alles vir sy vrou op te offer, soos wat Christus gedoen het deur sy lewe vir die kerk, sy liggaam, te gee (Rom. 12:5; 1 Kor. 12:27). Hoehner (2004:764) formuleer dit akkuraat wanneer hy sê dat mans beveel word om hulle vrouens onvoorwaardelik lief te hê, nie slegs as hulle onderdanig is nie. Mans moet hulle vrouens liefhê in gehoorsaamheid aan God, en vanweë Christus se liefde as voorbeeld. Dit is nie die vrou se plig om haar man te vra om haar lief te hê nie; dit is 'n opdrag van God dat hy haar moet liefhê. Paulus maak dit meer persoonlik deur verder te sê dat hy haar soos sy eie liggaam moet liefhê. Hoehner (2004:766) noem dat 'n mens jou eie liggaam liefhet, ten spyte van imperfeksies, wat vanselfsprekend duidelik omskryf hoe die man se liefde vir sy vrou moet wees. Soos wat dit vir die man natuurlik is om nie sy eie liggaam te haat nie, maar na dit om te sien, dit op te pas en te versorg, so is dit ook natuurlik vir Christus om na sy liggaam, die kerk, om te sien.



In 5:31-32 is die kernsaak die man en vrou wat één word, 'n nuwe eenheid. Hulle word één soos Christus en die kerk. Paulus gebruik die aanhaling uit Genesis 2:24 om dit te demonstreer. Die eenheid van die man en vrou lê in 'n diep geheimenis opgesluit, die geheim van seksuele eenheid, die eenheid van Christus met sy kerk (De Klerk, 2001:109).

Ter opsomming word hier weereens onderstreep dat die man sy vrou moet liefhê; met opofferende liefde moet hy sy vrou laat ontwikkel sodat sy meer en meer kan word wat God se bedoeling vir haar was. As antwoord op hierdie liefde van haar man, gee die vrou aan hom eerbied en ondersteuning (De Klerk, 2001:109). Bogenoemde stem ooreen met die boodskap van 1 Petrus 3:1-2.

### ***E. Sosiohistoriese konteks van die perikoop***

In Klein-Asië (vandag Turkye) het alle paaie nie na Rome gelei nie, maar na Efese. Die mylpale langs die provinsie se handelsroetes het telkens die afstand na Efese, en nie soos gebruikelik na Rome nie, aangedui. Efese het 'n bevolking van ongeveer 'n kwartmiljoen mense gehad, en was die hoofstad van die rykste provinsie van die Romeinse Ryk. Rondom die Middellandse See was net Rome, Alexandrië en Antiogië groter stede as Efese gewees (Nel, 2009:1).

Aangesien daar 'n tekort is aan gedetailleerde inligting oor die lesers van die brief Efesiërs (Best, 2004:2), is daar weinig wat afgelei kan word van hulle sosiale samestelling. Ten spyte hiervan kan wel gesê word dat sommige lesers Grieks geken het, al het hulle dit nie as eerste taal gebruik nie. Verder, soos afgelei kan word uit die manier hoe Paulus hulle aanspreek in hoofstuk 6:5-8, was daar ook slawe onder dié aan wie Paulus die brief gerig het. Uit Efesiërs 4:5 en 6:25 (Bybel, 1983) is dit ook duidelik dat ten minste sommige van die lesers al gedoop is (Best, 2004:3). Die lesers was al lank genoeg Christene sodat daar van hulle verwag kon word om die Ou Testament as 'n gesaghebbende standaard vir gedrag, in ten minste sekere areas van die lewe, te aanvaar.

Wanneer Paulus dan aan hierdie lesers skryf, is dit nie om dwaalleer of een of ander verkeerde praktyk reg te stel nie. Dit is 'n brief om die lesers te bemoedig om hulle lewenswandel in ooreenstemming te bring met die roeping wat hulle van God ontvang het (Vosloo & Van Rensburg, 2007:1821).

#### ***F. Geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers gestel het***

Die brief Efesiërs is geskryf aan gelowiges, algemeen aanvaar as woonagtig in Klein-Asië en omliggende gebiede (Best, 2004:2). Die tema van liefde is 'n opmerklike deurlopende tema in die boek Efesiërs, en ook in ander plekke waar die gemeente van Efese aangespreek is. Die doel van die brief Efesiërs is om liefde aan te moedig en liefde vir mekaar te bevorder wat die liefde van Christus en God as basis het (Hoehner, 2004:106). Bogenoemde vorm ook die basis van eenheid. Hoehner (2004:106) meen dat Paulus dalk besef het dat die Efesiërs hulle eerste liefde vergeet het, en daarom hierdie brief skryf om hulle aan te moedig om beide God en hulle medegelowiges meer opreg lief te hê.

#### ***G. Samevatting***

Die gelowige vrou word opgeroep om vrywillig onderdanig te wees aan haar man deur hom te ondersteun en te dien, soos wat die kerk Christus dien omdat Christus en sy kerk een is. Die man weer, word opgeroep om sy vrou lief te hê soos sy eie liggaam, om homself heeltemal op te offer, haar hoër te ag as homself en haar te versorg soos wat Christus met sy kerk doen. Die man en vrou word werklik één in die huwelik, soos Christus en sy kerk. Hulle huwelik moet getuig van die nuwe lewe in Christus, en dit deur diepe liefde en respek vir mekaar te hê en te wys. Die fokus is op die hoë waarde en eenheid van die huwelik.

#### ***H. Basisteoretiese beginsel***

God het die huwelik geskep vir die man en vrou om werklik een te wees, as 'n afbeelding van die eenheid tussen Christus en sy kerk. Hierdie eenheid word verdiep deur intimiteit, wat die volste belewenis is van eenheid van hart en lewe. Hierdie

intimiteit, waarin 'n gelowige man en vrou mekaar liefhet en dien, bied vir beide warmte en nabyheid in die huwelik.

## **2.5.2 Bybelse beginsels met betrekking tot die opdrag wat die Bybel gee aangaande die man en vrou se plig teenoor mekaar rakende die seksuele.**

### **2.5.2.1 Motivering van 1 Korintiërs 7:3-5: as fokusverse:**

“Die man moet sy **huwelikspilg** teenoor sy vrou nakom, en net so ook die vrou teenoor haar man. Die vrou beskik nie oor haar eie liggaam nie, maar die man; net so beskik die man ook nie oor sy eie liggaam nie, maar die vrou. Moenie vir mekaar **omgang** weier nie, behalwe met wedersydse toestemming en net vir 'n bepaalde tyd om julle aan die gebed te wy. Daarna moet julle weer saamkom, sodat die Satan julle nie miskien weens julle gebrek aan selfbeheersing verlei nie.” (Bybel 1983.)

Paulus gee in hierdie gedeelte leiding ten opsigte van die Christelike huwelik, aangesien daar wanopvattinge oor die huwelik en oor seksuele sedelikheid bestaan het. Ongelukkig is Paulus se bespreking oor seks en die huwelik dikwels in die geskiedenis van die kerk misverstaan, met tragiese gevolge (Hays, 1997:111). Dit is om hierdie rede van groot belang om hierdie gedeelte noukeurig te bestudeer ten einde Paulus se leiding reg te verstaan. Juis omdat dit hier oor die huwelik handel, is 1 Korintiërs 7 die sleutel tot die verstaan van die seksuele en sosiale implikasie van Christelike identiteit (May, 2004:144).

In besonder wys Paulus in 1 Korintiërs 7:3-5 daarop dat die huwelik beskou word as 'n seksuele verhouding wat vir die welsyn van die egpaar bedoel is (De Klerk, 1997:44) en dat man en vrou 'n verpligting teenoor mekaar het om mekaar se seksuele drange te bevredig (Craig & Stander, 2008:40).

## 2.5.2.2 Eksegese van 1 Korintiërs 7:3-5 en vergelyking met die res van die Skrif.

### A. *Tekstuele konteks van die perikoop*

#### *Die plek van die perikoop binne die boek*

- Inleiding (1:1-9)
  
- Paulus praat oor die kerk se probleme (1:10-6:20)
  1. Verdeeldheid in die kerk: partyskappe (1:10-4:21)
  2. Onenigheid in die kerk – oor misbruike: onsedelikheid, hofsake (5:1-6:20)
  
- Paulus beantwoord vrae uit die gemeente (7:1-15:58)
  1. Leiding ten opsigte van die Christelike huwelik (7:1-40)
  2. Leiding ten opsigte van Christelike vryheid: offervleis en offermaaltye (8:1-11:1)
  3. Leiding ten opsigte van erediens (11:2-14:40)
  4. Leiding ten opsigte van die opstanding (15:1-58)
  
- Slot (16:1-24)
  1. Kollekte vir Judea (16:1-4)
  2. Paulus se reisplanne (16:5-12)
  3. Laaste versoeke en groete (16:13-24) (Vosloo & Van Rensburg, 2007:1756)

#### *Die plek van die perikoop in die Bybel*

Die boek 1 Korintiërs maak deel uit van verskeie briewe wat Paulus aan gemeentes geskryf het. Hierdie briewe is almal opgeneem in die Nuwe Testament.

Die gemeente vra Paulus se raad en leiding ten opsigte van verskeie kwellinge en probleme. Na aanleiding hiervan skryf Paulus hierdie brief aan hulle en gee met eerlikheid en openhartigheid raad en leiding.

Paulus skryf hierdie brief om hulle te leer hoe om Christus en die naaste lief te hê te midde van 'n bedorwe samelewing (Vosloo & Van Rensburg, 2007:1755).

### ***B. Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop***

Hierdie perikoop bestaan uit 6 dele wat soos volg onderskei kan word:

- a) Algemene opdrag aan die man tot die huweliksplig (7:3a)
- b) Algemene opdrag aan die vrou tot die huweliksplig (7:3b)
- c) Opdrag aan die vrou (7:4a)
- d) Opdrag aan die man (7:4b)
- e) Leiding ten opsigte van huweliksplig (7:5a)
- f) Motivering (7:5b)

### ***C. Die genre van die perikoop en die boek waarin die perikoop voorkom***

1 Korintiërs 7:3-5, asook die hele boek 1 Korintiërs, val binne die genre van 'n egte brief, aangesien dit geskryf is om spesifieke probleme wat in 'n bepaalde gemeente ondervind is, aan die orde te stel (De Klerk & Van Rensburg, 2005:21).

### ***D. Openbaringshistoriese plasing en betekenis van die perikoop***

Uit hierdie perikoop is dit duidelik dat dit hier handel oor God se wil vir die seksuele binne die huwelik. Daar is dus één openbaringstema ter sprake, naamlik die seksuele verhouding binne die huwelik.

Op verskeie plekke in die Bybel word hierdie tema aangeraak. Hoewel Eksodus 21:10 oor eienaars se pligte teenoor hulle vrou en byvroue handel, word daar tóg lig gewerp op die plig van 'n gelowige man teenoor sy vrou. Die plek hiervan in die openbaringsgeskiedenis is duidelik dat die man en vrou huwelikspligte teenoor

mekaar het. Ook in 1 Petrus 3:7 word die man se plig – alhoewel meer omvattend – beskryf, beklemtoon, en word dit duidelik gestel dat die man nie sy vrou moet domineer nie, maar moet besef dat man en vrou voor God gelyk is (Vosloo & Van Rensburg, 2007:1953). Daar moet in die man en vrou se denke nooit die idee wees dat dit goed is om apart van mekaar te wees asof in 'n staat van selibaatheid nie. Hulle is aan mekaar verbind, in elke opsig moet hulle teerheid openbaar, en die geluk en reinheid van die ander bevorder (Barnes, 1962).

In verse 4 en 5 van hierdie perikoop word verder hierop uitgebrei wanneer Paulus onomwonde die stelling maak dat man en vrou se liggeme nie aan hulself behoort nie, maar aan mekaar. Paulus se opdrag hier is direk en duidelik dat die man en vrou byna geen reg tot seksuele onthouding het in die huwelik nie (May, 2004:218). Seksuele omgang in die huwelik is dus nie sonde nie, maar onthouding hiervan juis 'n gevaarlike roete na sonde, aangesien dit die ander party ontnem van seksuele bevrediging en omdat die Satan baie maklik aansluiting vind by die menslike natuur om mense tot ongeoorloofde seksuele verhoudinge te verlei (Van Zyl, 2002:239).

In ooreenstemming met bogenoemde vind ons ook in Matteus 4:10 die motief van versoeking van die Satan, en die gevaar daarvan. 1 Tessalonisense 3:5 beskryf die Satan tereg as die verleier.

Daar is egter tye waarin onthouding van gereelde seksuele omgang geoorloof is. Die voorwaardes is:

- dat dit tydelik van aard moet wees;
- dat man en vrou saam daarvoor moet besluit (seks mag dus nooit gebruik word om mekaar te manipuleer of te beheer nie (Ney, 2002:33; Smalley & Cunningham, 2008:45));
- dat hierdie onthouding slegs mag plaasvind indien dit ten doel het dat beide man en vrou hulself aan gebed wy;
- dat hulle daarna weer bymekaar moet kom om die gevaar van verleiding te vermy (Hays, 1997:117).

Anders gestel: die persoon wat sy huweliksmaat van seksuele intimiteit ontnem, skep moontlik die omstandighede waarin Satan sy huweliksmaat tot seksuele sondes kan verlei weens 'n tekort aan selfbeheersing (May, 1997:117). God het alles, ook seks, as goed geskep (1 Tim. 4:4). Dit is 'n integrale aspek van menswees en daarom ook van huweliksvervulling (Arnold, 1982:206; Gardner, 2002:9; Van Zyl, 2002:239). Wanneer 'n gelowige man en vrou hulself in die huwelik aan mekaar verbind, beteken dit dat hulle hulself vir mekaar gee, binne sowel as buite die slaapkamer (LaHaye, 2003:56). Seksualiteit was dus nie 'n fout, 'n sondige afwyking, of 'n skandelige gebeurtenis, soos maar alte dikwels in die geskiedenis van die Christelike kerk voorgehou is nie. Inteendeel, menslike seksualiteit is 'n fundamentele aspek van menslike bestaan (Arnold, 1982, 207; Groenewald, 2006:58).

### ***E. Sosiohistoriese konteks van die perikoop***

Die gemeente in Korinte, wat deur Paulus tydens sy tweede sendingreis gestig is (Hand. 18:1-20), was ongeveer 3-5 jaar oud met die skryf van hierdie brief in 55 nC (Hays, 1997:6).

Korinte was 'n hawestad van die Romeinse provinsie Agaje (Ferreira, 2008:60), geleë op 'n belangrike handelsroete tussen Asië en Wes-Europa. Dit het groot ekonomiese voordele vir die stad ingehou, maar het ook tot gevolg gehad dat dit 'n plek was waar baie nasionaliteite bymekaargekom en paaie gekruis het. Vanselfsprekend het verskeie godsdienste mekaar dan ook wedersyds beïnvloed, en godsdienstige sinkretisme tot gevolg gehad. Die wette, politieke strukture en kulturele gebruike van Korinte is hoofsaaklik bepaal deur die stad se Romeinse oriëntasie, alhoewel dit 'n Griekse stad was. Ongelukkig het Korinte die reputasie gehad dat dit die kern van seksuele promiskuiteit en morele verval was (Hays, 1997:4). Die inwoners van die stad Korinte het talle heidense afgode aanbid, waaronder die groot standbeeld van Atene (May, 1997:4). Die jong Christene in Korinte sou vanselfsprekend elke dag gekonfronteer gewees het met hierdie lewenstyl waaruit hulle geroep is.

Die meerderheid van die gemeentelede was van nie-Joodse afkoms (Vosloo & Van Rensburg, 2007:1755), en aanvanklik was Paulus se groot taak tydens die stigting van die gemeente om die denkwyse van die Korintiese bekeerlinge te verander na dié van simboliese Judaïsme en die opkomende Christelike beweging waarin God alleen gedien word (Smith, 2009:17).

Wanneer Paulus hierdie brief aan die jong gemeente in Korinte skryf, is hy al lank genoeg weg dat nuwe probleme en ernstige misverstande kon ontstaan het in die gemeente. Aan die wortel van die gemeente se probleme was die feit dat hulle moes leef in 'n wêreld waar sonde hoogty gevier het, en dat daar sterk druk op hulle was om by hulle omgewing aan te pas. Hierdie heidense omgewing waarbinne die gemeente elke dag moes funksioneer, het aanleiding gegee tot baie vrae waarop hulle nie self antwoorde gehad het nie (Earle, 2007:35). Hulle skryf aan Paulus en vra vir leiding ten opsigte van sake rakende die huwelikslewe (hfst. 7); die eet van vleis wat aan afgode geoffer is (hfst. 8); die besondere genadegawes van die Gees (hfst. 11-14); en 'n moontlike besoek van die apostel.

In besonder dan is dit nodig om hier te fokus op die seksuele versoekings waarvoor die gemeente elke dag te staan gekom het. Paulus moes opdragte en definitiewe riglyne gee oor die huwelik en seksuele gedrag.

#### ***F. Geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers gestel het***

Soos reeds in die voorafgaande gedeeltes vermeld, is die geloofskeuses waarvoor hierdie jong gemeente in Korinte te staan kom keuses aangaande die opdrag om nie een te word met die sondige wêreld nie en om nie die waardes en lewenswyse van hierdie sondige wêreld aan te neem nie.

In besonder dan kan uitgelig word dat die kwessie in hier perikoop daaroor handel dat wanneer die huweliksomgang opgeskort word die gevaar ontstaan dat huweliksgenote kan toegee aan die versoekings van Korinte (Vosloo & Van Rensburg, 2007:1766). Die gemeente word aangemoedig om binne die binding van



die huwelik hulle seksuele behoeftes uit te leef, meer nog, dat man en vrou 'n plig het teenoor mekaar ten opsigte hiervan.

### ***G. Samevatting:***

God het seks as goed geskep, uitsluitlik vir die huwelik. Die gelowige egpaar moet beseft dat God dit ook so bestem het dat hulle na mekaar sal hunker. Hulle kom bymekaar om hulself vrylik met mekaar te deel, en saam genot en plesier te ervaar, maar nooit ten koste van die ander nie. Hulle behoort aan mekaar; daarom rus daar 'n huwelikspelig op elkeen om sy maat se behoeftes te ken en te bevredig ten einde die huwelik te beskerm teen die verleiding van Satan.

### ***H. Basisteoretiese beginsel***

God het die huwelik ingestel vir die man en vrou om een te word in die huwelik; daarom behoort die man en vrou se liggame nie aan hulself nie, maar aan mekaar. Elk het 'n liefdesplig teenoor die ander om mekaar nie seksuele intimiteit te ontnem nie, maar mekaar se seksuele behoeftes op liefdevolle wyse te bevredig.

## **2.5.3 Bybelse beginsels aangaande die prag, vryheid en besonderheid wat seksuele intimiteit inhou vir die gelowige egpaar binne die huwelik.**

### **2.5.3.1 Inleiding**

Seksualiteit is 'n Godgegewe gawe en ook deel van elke huwelik. Dit is geskep om genotvol, verrykend, intiem en vervullend te wees binne die huwelik (Craig & Stander, 2008:9).

Aangesien die hele boek Hooglied een deurlopende tema het, naamlik die liefde tussen man en vrou, gaan hierdie boek vervolgens, anders as in 2.6.1 en 2.6.2, nie vers vir vers bespreek word nie, maar tematies behandel word.

### **2.5.3.2 Motivering van die boek Hooglied as fokus:**

*“This poetic exchange reflects the very heart of our Trinitarian God*

*from whom love, intimacy, and musical expression flow.”*

- Driscoll (2008:10)

In Hooglied kan gesien word hoedat seksuele liefde 'n hunkering van man en vrou na mekaar se liggame is, en dat hierdie seksuele liefde vol emosie, drif en behoefte is (Louw, 2004:100). Die inhoud spreek van seksuele verlange en vreugde van die liefde tussen man en vrou.

Dit is 'n bruiwielied waarin die liefde besing word. Die motivering vir die gebruik van die boek Hooglied as geheel is dat dit die vraagstuk van hierdie studie tot 'n groot mate beantwoord aangesien dit eksplisiete verwysings na seks binne die huwelik bevat.

Seksuele intimiteit word ongelukkig soms beskou as 'n vuil handeling, of 'n handeling waarvoor daar skaam gekry behoort te word. Dit is egter juis God se bedoeling dat daar geen skaamte tussen die man en die vrou moet wees nie (Gen. 2:25). Dit betuig volgens De Klerk (1997:23) die volkomenheid van hulle gemeenskap en harmonie waarin God die mens en sy vrou aan mekaar verbind het. Die seksuele is 'n vergestaltung van die lewenseenheid gebou op die liefde; dit is daarom ook gegee as bron van vreugde vir mekaar.

Dit word hierin uitgebeeld as iets moois waarvoor daar nie skaam gekry behoort te word nie, maar wat met respek hanteer behoort te word.

### **2.5.3.3 Eksegese van Hooglied 1-8**

#### ***A. Die plek van die boek Hooglied in die Bybel***

Hooglied is 'n Ou-Testamentiese boek, die 22ste boek in die Bybel, en maak deel uit van die Wysheidsliteratuur van die Ou Testament.

## **B. Die struktuur van die boek Hooglied**

- Die eerste ontmoeting (1:2-2:7)
- Voorbereiding vir die huwelik (2:8-3:5)
- Huweliksklokke (3:6-5:1)
- Ware liefde vrees verwydering (5:2-6:3)
- Die bruidspaar is tot oor die ore verlief (6:4-8:4)
- Liefde tot die dood (8:5-14) (Vosloo & Van Rensburg, 2007:955)

## **C. Ontleding van die gedagteopbou van die boek**

- a) Openingslied met tweegesprek tussen bruid en bruidegom (1:1-17)
- b) Bruid se verlange (2:1-3:11)
- c) Bruidegom verheug hom oor sy bruid en sy antwoord hierop (4:1-16)
- d) Bruid se droom en beskrywing van haar man (5:1-17)
- e) Gesprek tussen bruid en vroue (6:1-13)
- f) Bruidegom se bewondering vir sy bruid en haar beminning van hom (7:1-13)
- g) Bruid se verlange (8:1-5)
- h) Bruid en bruidegom word herenig (8:5-14) (Vosloo & Van Rensburg, 2007:955)

## **D. Die genre van die boek**

Hooglied is 'n boek wat 'n versameling liefdesgedigte of -liedere bevat. Die inhoud handel oor die liefde tussen 'n man en 'n vrou (Lotter & Steyn, 2006:1). Volgens Vosloo en Van Rensburg (2007:956) kan daar met hierdie liefdesliedere verder onderskei word tussen bewonderingsliedere, beskrywingsliedere, spogliedere, skertsliedere en liedere van verlange.

## **E. Openbaringshistoriese plasing en betekenis van die perikoop**

Hoewel verklarers nie saamstem oor die betekenis van Hooglied nie, en dit soms allegories, met 'n dieper, geestelike betekenis verklaar, word hierdie studie van Hooglied gedoen vanuit die oortuiging dat Hooglied sonder enige verwysing na God

of enige godsdienstige seremonie die gelowige verseker dat die lewe en ook dan die liefdeslewe binne God se wêreld tuishoort (Vosloo & Van Rensburg, 2007:957).

Daarom is die uitgangspunt van hierdie studie dat Hooglied verstaan moet word as die beskrywing van die liefde tussen man en vrou. Hooglied is 'n viering van die liefde.

Volgens Vosloo en Van Rensburg (2007:955) word daar in Hooglied verskeie liedere gevind, waaronder drie bewonderingsliedere (4:4, 6:4-7, 7:1-5), beskrywingsliedere, spogliedere, skertliedere, en liedere van verlange.

Reeds in die beginverse van Hooglied word die atmosfeer van erotiek en liefde geskep. Dat die bruid van haar man se soene en liefkosings praat, dui daarop dat dit hier gaan oor fisieke, liggaamlike begeerte. Hooglied1:2: *“Soen my, soen my weer en weer! Jou liefkosings is beter as wyn...”* (Bybel, 1983.)

Deurlopende temas kom na vore in die lees en bestudering van die boek Hooglied:

- a. Wederkerige betrokkenheid
- b. Die aantrekkingskrag en emosionele liefde tussen man en vrou wek opgewondenheid en erotiese gevoelens by hulle.
- c. In die huwelik het die liefde definitief 'n sterk seksuele komponent.
- d. Hierdie liefde en seksuele intimiteit maak soveel bewondering vir die man en vrou in mekaar wakker dat hulle gedurig by mekaar wil wees.
- e. In die intimiteit van die huwelik geniet man en vrou mekaar se liefkosing en liefde.
- f. Romantiese liefde is permanent en laat man en vrou beseef dat hulle uitsluitlik aan mekaar behoort.
- g. Hierdie intense liefde veroorsaak opgewondenheid wanneer man en vrou in mekaar se oë kyk, want juis dan word die eenheid hegter beleef as andersins.

Vervolgens word verder eksegeese gedoen aan die hand van onder andere Knouws (2000:190) se sienswyse van die verskeie temas.

- a) Eerstens is dit van belang om te noem dat daar 'n deurlopende tema van wederkerige betrokkenheid voorkom in die boek.

*“Die man wat ek liefhet, is myne, en ek syne...”* (2:16); *“Ek behoort aan die man wat ek liefhet en dit is na my dat hy smag”* (7:10). Hulle liefde is wedersyds en die vrou neem selfs die inisiatief wanneer sy haar beminde uitnooi na die veld (Craig, 2008:127).

Beide man en vrou neem inisiatief in die uitnodiging en uitlok van mekaar. *“Vat my saam met jou, kom ons hardloop...”* (1:4); *“Staan op, my liefling, my mooiste, kom na my toe”* (2:10). Hierdie aspek is ook vir Vosloo en Van Rensburg (2007:962) belangrik, en hulle bevestig bogenoemde wanneer hulle die stelling maak dat, in 'n gesonde huwelik, beide man en vrou vry is, en behoort te vóél, om inisiatief te neem, soos wat die vrou doen in 7:11-12: *“Kom man wat ek liefhet, kom ons gaan veld toe, kom ons gaan slaap in die dorpies; ons gaan vroeg smôrens na die wingerde toe, ons gaan kyk of die wingerdstokke bot, of die botsels oop is en die granaatbome bloei. Daar sal ek my liefde vir jou gee...”* (Bybel, 1983.)

- b) Die aantrekkingskrag en emosionele liefde tussen man en vrou wek opgewondenheid en erotiese gevoelens by hul.

Hierdie aspek kom duidelik na vore in 1:4; 2:4-5: *“Hy vat my na 'n feesplek toe; hy straal van liefde vir my. Julle moet vir my rosyntjies gee om my sterk te maak, julle moet my met appels verfris, want die liefde verteer my.”* Sy ervaar daardie warm gevoel op haar maag, sy het geen eetlus nie, al wat dit sal beter maak, is haar geliefde, en om te eet en te drink van die ekstase van sy intieme liefde (Gledhill, 1994:126). Vergelyk Hooglied 5:4,6,8. Die emosies is so sterk dat dit die bloed deur hulle are laat bruis. Dit brand soos 'n vuur in hulle binneste. Die man en vrou is deurentyd bewus van hierdie emosies en kan nie daarvan loskom nie.

In die laaste beskrywing van hulle liefde (8:6-7) sluit die vrou sekere betekenisvolle eienskappe van hulle liefde in, naamlik dat die liefde so sterk is soos die dood, nie deur rampe of tyd vernietig of gekoop kan word nie. Die liefde, soos die dood, word hier verpersoonlik, as 'n eksterne krag wat sy slagoffer jag, oorrumpel en in besit neem (Gledhill, 1994:230).

Hierdie hegte verhouding tussen die man en vrou in Hooglied, laat hulle met ander oë na mekaar kyk, spesifiek na mekaar se liggame. Dit is vir beide lekker om mekaar te sien en dit het natuurlik tot gevolg dat hulle mekaar met vleierende woorde komplimenteer (1:9,10; 1:15; 4:1,3,7; 7:6; 5:10,15,16). Laasgenoemde teksgedeeltes is voorbeelde van die bewonderingsliedere – liedere waarin die liggaamlike skoonheid van die man en die vrou besing word. Man en vrou kan naak voor mekaar staan sonder skaamte (Hoogl. 3:1-5), want dit is hoe God hulle geskep het om te wees (Lotter & Steyn, 2006:73).

Jenson (2005:57) werp lig op 5:9-16. Die vrou beskryf haar man se liggaam in besonderse detail. Sy vind haar man begeerlik, perfek, beide liggaamlik en as lewensmaat, wie se woorde haar verheug. Ook hierdie is vanselfsprekend een van die beskrywingsliedere (Vosloo & Van Rensburg, 2007:955) in Hooglied. Sy prys haar man se aantreklikheid en die feit dat hy homself versorg, wat bevorderlik is vir die opwekking van seksuele begeertes. Ook Groenewald (2006:54) meen dat die skoonheid van die beminde op aanskoulike wyse besing word in Hooglied 5:9-16. Die jong meisie se vriendinne wil by haar weet wat dit is wat haar geliefde van die ander mans onderskei. In haar gedagtes laat sy haar blik gly oor sy liggaam. In 'n reeks uitsprake – hoogs eroties – beskryf sy dan sy liggaam, om uiteindelik vas te stel: “Dit is my beminde, en dit is my vriend.”

In 4:1-5: *“Jy is mooi, my liefling, jy is mooi, jou oë is duiwe agter jou sluier. Jou hare is soos 'n trop bokke wat teen die Gileadberge afkom. Jou tande is so wit soos 'n ry pasgeskeerde skape wat nou net skoon gewas is, elkeen met 'n tweeling, nie een sonder 'n lam nie. Jou lippe is soos skarlakenrooi lint, jou mond bekoor my. Die versiersels op jou voorkop is soos granaatpitte agter jou sluier. Dié aan jou nek is soos die Dawidstoring wat uit rye klip gebou is; aan hom hang*

*duisend skilde, al die skilde van die helde. Jou twee borste is soos takboklammers, soos die tweeling van 'n ribbok wat tussen die lelies wei*" en 6:4: "My liefling, jy is so mooi soos Tirsa, so aantreklik soos Jerusalem, so indrukwekkend soos 'n afdeling vaandeldraers" beskryf die man die skoonheid van die vrou deur haar liggaam te vergelyk met iets waarvan die skoonheid bo alle twyfel verhewe is. Hy beskryf haar oë, hare, tande, lippe, mond, slape, hals en borste. Die grammatika van die Hebreeus weef drie *encomia* (lofprysings) saam, naamlik dat die vrou uniek is in vergelyking met die vroue van die harem, dat sy uniek is vir haar ma, en dat sy uniek is vir haar beminde (Jenson, 2005:63). In die volgende vers, vers 10, lyk dit asof die skrywer so ver gaan om te sê dat – as dit nie verbied was nie – hy sy beminde sou aanbid het, so bekoorlik vind hy haar (Jenson, 2005:66). Ter aansluiting hierby, vergelyk Hooglied 7:1-5.

Dit is dus goed om na mekaar te kyk en te hou van wat hulle sien. Dit is ook goed en opbouend om mekaar komplimente in hierdie verband te gee.

Romantiese liefde veroorsaak dat man en vrou mekaar beleef as kosbaar, en dat hy en sy mekaar gelukkig maak (14; 8:10). Hulle vind dus vreugde in mekaar en hulle liefde is daarop gefokus om mekaar op te bou (Lotter & Steyn, 2006:76).

Ook in 1:13-15: "Die man wat ek liefhet, is vir my 'n sakkie mirre wat tussen my borste lê... Jy is mooi, my liefling, jy is mooi, jou oë is duiwe" praat man en vrou vleiend met mekaar. Wie waarlik liefhet, streef nie daarna om self te geniet nie, maar om aan die ander genot te verskaf (Kroeze, 1970:134).

c) In die huwelik het die romantiese liefde definitief 'n sterk seksuele komponent.

Dit skep begeerte by die man en vrou om aan mekaar te raak en fisiek naby mekaar te wees (4:13-14, 5:1, 7:7-9). Dit is 'n soort liefde wat die sensuele in mekaar raaksien (Knouwds, 2000:191).

Louw (2004:100) is van mening dat daar 'n hunkering is na mekaar se liggame, aangesien seksuele liefde vol emosie, drif en geslagsbehoefte is. Die ekstase van liggaamlike streling en die genieting van seksuele bevrediging en orgasme

verdiep intimiteit in die huwelik. Seksuele liefde is die wedersydse genot van twee mense wat mekaar met liggaamlike stimulering en geslagsgemeenskap plesier gee. Dit laat die liefde in vreugde en nabyheid ontspan. Romantiese liefde en seksuele liefde verhoog die belewingskomponent van huweliksliefde.

Na aanleiding van 7:7-9 verduidelik Kroeze (1970:156) dat die beminde die vrou met 'n dadelpalm vergelyk, en haar borste met vrugtetrosse. Hy begeer om teen die dadelpalm op te klim en haar borste te streel. Dit is 'n duidelike sinspeling op gemeenskap waarby hy haar borste sal streel, die geur van haar asem sal ruik en die soetheid van haar verhemelte sal indrink. Vergelyk 4:13,14, 5:1. 'n Verdere afleiding wat gemaak kan word uit die vele verwysings na kos, eet en drink, is dat hierdie liefde die man en vrou voed en versadig. Dit skep 'n duidelike en erotiese liefdestoneel gesimboliseer deur die man, wie se fokus en fantasie gevestig is op die palm en om die vrugte aan te raak (Hess, 2005:221).

Craig (2008:126) verklaar 7:10-13: *“Ek behoort aan die man wat ek liefhet en dit is na my dat hy smag. Kom, man wat ek liefhet, kom ons gaan veld toe, kom ons gaan slaap in die dorpies; ons gaan vroeg smôrens na die wingerde toe, ons gaan kyk of die wingerdstokke bot, of die botsels oop is en die granaatbome bloei. Daar sal ek my liefde vir jou gee. Hy: “Die liefdesappels versprei hulle geur; daar is allerlei keurige vrugte by ons deur, vars en oud; ek het hulle vir jou gebêre, man wat ek liefhet”* as 'n pragtige liefdesgedig waarin die vrou haar geliefde uitnooi na 'n alleen tyd in die veld. Sy kies 'n romantiese atmosfeer. Die man het 'n goeie vooruitsig, want sy beminde beloof hom reguit en duidelik dat sy haar vir hom sal gee. Enersyds neem die vrou haar geliefde na 'n tuin sodat hulle daar hulle liefde met mekaar kan deel. Andersyds word sy sêlf die tuin wat al hierdie genotvolle vrugte (seksuele plesiere) aan haar man bied. Vosloo en Van Rensburg (2007:962) het 'n soortgelyke verstaan van hierdie gedeelte, en voeg by dat daar meer en meer spontaneïteit op seksuele gebied behoort te wees hoe langer twee mense getroud is. LaHaye (2004:54) is dit hieroor eens. Die man bruis van smagting na sy vrou. Hy maak emosionele kontak met haar. In reaksie daarop nooi sy hom na intieme aktiwiteit (1:2; 3:1; 7:11-12). Dit spreek van plesier wat lewenslus en dryfkrag bring in alle aspekte van die lewe.



- d) Hierdie romantiese en seksuele liefde maak soveel bewondering vir die man en vrou in mekaar wakker dat hulle gedurig bymekaar wil wees.

Wanneer bogenoemde nie gebeur nie, verloor die lewe bietjie van sy kleur (Knouws, 2000:190). As gevolg hiervan is dit veral romantiese liefde wat 'n intense verlange in die man en vrou na mekaar skep wanneer hulle vir lang tye van mekaar geskei is (3:1; 5:2; 5:3-8). In 2:10: "*Die man wat ek liefhet, praat, hy sê vir my: 'Staan op, my liefling, my mooiste, kom na my toe!'*" is ons beeld van hierdie man dat hy alleen is, ten midde van die tekens van die lente om hom. Hy mis iets, hy wil die skoonheid geniet met haar wat hy liefhet. Slegs as sy by hom is, kan hy die blomme en die voëls van die lente verdra en van harte bewonder (Kroeze, 1970:139).

- e) In die intimiteit van die huwelik geniet man en vrou mekaar se liefkosing en liefde.

Die vrou weet dat die man se begeerte na haar is (7:10); en dit is vir haar 'n vreugde (1:2, 4:10, 7:8-9).

Kroeze (1970:110) wys daarop dat die vrou juis haar man se liefkosings vergelyk met wyn. Dit wat wyn aan mens doen, word nog meer deur liefkosings gedoen. Die wyn maak die hart bly (Ps.104:15), dit vertroebel insig, sodat die beheer oor die sinne verdwyn (4:10-11): "*Ek hou van jou liefkosings, my beminde bruid, jou liefkosings is beter as wyn, jou parfuum ruik lekkerder as al die lekkerruik-kruie. Hy: Jou lippe proe soos heuningstroop, my bruid, jou tong soos heuning en dikmelk, en jou klere ruik soos die Libanon.*" Sy liefkosings is egter beter, aangeneramer en lekkerder as wyn.

Volgens Smalley en Cunningham (2008:40) bestaan daar vyf vlakke van seksuele intimiteit, naamlik:

- Oog tot liggaam en oog tot oog, wat die aangetrokkenheid en begeerte tydens hierdie fase voorstel (1:5-5, 1:9).
- Hierop volg hand tot hand, hand tot skouer, hand tot middel, hand tot gesig en hand tot kop, wat handel oor die uitstel en afwagting (1:13, 2:6, 2:14).

- Daarna is dit mond tot gesig, mond tot mond, mond tot liggaam, wat die intieme aanraking beskryf (2:17, 4:11).
- Uiteindelik lei bogenoemde tot die vlak van liggaam tot liggaam, wat dui op die seksuele omgang en eenwording (4:16, 5:1).
- Die werklik klimaks, wat dui om verbintenis en diepte, word gevind in hierdie vlak (8:6-7).

Smalley en Cunningham (2008:119) se kommentaar aangaande 4:13-15 behels dat, soos wat die man sy beminde soen, sy daarop reageer. Fisies. Haar metaforiese tuin is in volle blom. Hy ruik haar, alles van haar, en geniet die ontluiking. Sy beminde reageer nie net op dit wat hy sê nie, maar ook op hoe hy haar aanraak, soos hy opmerk in 4:15. Sy is nie meer geslote (fontein) nie, maar die water vloei vrylik. Sy is dus hier opgewek, en begeerte en die voorspel daartoe het haar hiertoe gelei. Ook 2:6: “*Sy linkerarm is onder my kop, sy regterarm omhels my*” is vir Gledhill (1994:176) ’n beskrywing van hoe hy haar kop stut met sy linkerarm, en met sy regterhand, haar liefkoos. Sy laat hom toe om haar liggaam se kontoere en valleie te verken.

Die doel daarvan om die beminde in 4:12-5:1 te beskryf met al hierdie reuke en geure, is volgens Jenson (2005:51) om aan te toon dat die vrou eksoties, sensueel oorweldigend, en besonders begeerlik is. In 7:6: “*Jy is so mooi, so bekoorlik, liefste, met soveel wat geniet kan word*” word die hartstog en genot van seksualiteit baie goed beskryf (Louw, 2004:139).

- f) Romantiese liefde tussen man en vrou is permanent en laat man en vrou besef dat hulle uitsluitlik aan mekaar behoort.

Daarom skep dit die behoefte aan permanensie. Dit roep om ’n verbintenis wat hulle vir altyd bymekaar sal laat wees.

Hooglied 2:15-17 is vir Kroeze (1970:142) ’n liefdesliedjie van die vrou wat ten volle oortuig is van die egtheid en vastigheid van die liefde tussen haar en haar beminde. Groenewald is dit eens dat hierdie misterie op sublieme manier

verwoord word in die poësie van hierdie boek wat in geheel gewy is aan die beskrywing van twee geliefdes se aangetrokkenheid tot mekaar. So verklaar die vrou in 2:16 *“my beminde is myne, en ek is syne”* (Groenewald, 2006:61). Vergelyk 6:3, 7:10 en 8:12.

In 8:6-7 wil die bruid hê dat haar man haar altyd by hom sal hou, soos 'n seëlring. Sy wil by hom wees, en wil dat hy haar by hom dra, beskerm en vashou; dit gee haar 'n gevoel van veiligheid: *“Hou my teen jou soos die seëlring op jou bors, soos die seëlring aan jou arm. Die liefde is sterker as die dood, die hartstog magtiger as die doderyk; dit brand en vlam soos vuur. Strome water kan die liefde nie blus nie, riviere kan dit nie afkoel nie. Al wil iemand vir die liefde al die rykdom in sy huis betaal, hy sal daaroor uitgelag word.”*

Dat die man en sy beminde besef dat hulle uitsluitlik en eksklusief aan mekaar behoort, kom ook na vore in 4:12: *“My beminde bruid is 'n tuin wat toegemaak is, 'n tuin met 'n muur om, 'n fontein wat afgekamp is”*, waar die bruidegom sê dat sy bruid toegemaak is, 'n afgekampde fontein, met ander woorde dat sy haarself vir haar man eenkant gehou het (Smalley & Cunningham, 2008:119).

In veral vers 12 van hoofstuk 8 blyk duidelik dat die vrou haarself volkome aan haar man gee, sonder om enigiets terug te hou. Die betekenis vir die huwelik hierin, volgens Vosloo en Van Rensburg (2007:963), is dat daar geen “private eiendom” in die huwelik is nie, maar dat beide man en vrou vir mekaar alles gee wat hulle het, 8:12: *“My wingerd is myne alleen. Hou maar die silwer, Salomo, en sit daar twee duisend gram by vir dié wat die opbrengs bewaak.”* (Bybel, 1983.)

- g) Hierdie intense liefde veroorsaak opgewondenheid wanneer man en vrou in mekaar se oë kyk, want juis dan word die eenheid hegter beleef as andersins (4:9; 6:5).

Bogenoemde is eienskap van die erotiese liefde en wat dit aan die mens doen (Knouwds, 2000:192). Die skrywer van Hooglied het self die vrugte en vryheid daarvan beleef. Hy het beleef hoe dit hom laat voel, hy sien kans vir enige

uitdaging in die lewe wanneer hy sê: “*Ek ken myself nie, dit is of sy my laat ry op die strydwa van die keur van my volk.*” (6:12.)

Daarom sê hy enersyds dat daar ’n tyd is vir hierdie vurige, romanties-erotiese liefde (2:7). Dit hoort binne ’n bepaalde konteks, naamlik die konteks van twee mense wat hulle aan mekaar verbind het. Dis iets wat hoort tussen ’n bruidegom en sy bruid. Wanneer twee mense weet dat hulle hulself aan mekaar verbind het, is dit tyd om hierdie liefde aan te vuur. Sonder verskonings. Dit pas so in God se plan vir die mens se lewe. In die lig hiervan kom die uitnodiging aan almal vir wie die tyd reg is om hierdie liefde wakker te maak en aan te vuur in 5:1. Die ander kant van die muntstuk moet ook egter in ag geneem word, en dit is dié van reinheid totdat die tyd reg is (2:7, 3:5, 8:4), dit wil sê om nie die liefde aan te wakker voordat die tyd daarvoor reg is nie (Hess, 2005:82).

Die vrou wys op ’n baie belangrike aspek van die verhouding wanneer sy melding maak van die jakkalsies (2:15). Alhoewel die “vang vir ons die jakkalse” verskillend geïnterpreteer kan word, verwys dit waarskynlik na die konflikte wat deur die hele lewe loop (Smalley & Cunningham, 2008:44). Die jakkalsies is diere wat skade aanrig (Eseg. 13:4; Luk.13:32). Jakkalsies kan ook verwys na ander mans wat van haar af weggehou moet word (Kroeze, 1970:142). Dit is dus vir die vrou belangrik dat daar niks moet wees wat haar van haar man af kan weghou of haar verhouding met hom kan benadeel nie. Wanneer die jakkalse hanteer word, word sekuriteit geskep, waardeur intimiteit groei.

#### ***F. Sosiohistoriese konteks van die boek***

In die Joodse Bybels is dit deel van die feesrolle wat tydens die groot feeste gelees word. Die Ou Jode het Spreuke vergelyk met die buitehof van die tempel, Prediker die heilige plek, en Hooglied met die allerheiligste waar die ark was (Vosloo & Van Rensburg, 2007:954).

## **G. Samevatting**

Seksuele gevoelens behoort tot die skepping van God. Die seksuele intimiteit van man en vrou binne die huwelik is iets moois en spesiaals. Hier hoort geen skaamte nie, maar bewondering vir mekaar se liggame en genieting van mekaar se liefkosing, wat deur óf die man óf die vrou geïnisieer kan word. Wederkerige betrokkenheid is van groot belang.

Die aantrekkingskrag en emosionele liefde tussen die man en die vrou wek opgewondenheid en erotiese gevoelens by beide die man en die vrou. Hierdie liefde en seksuele intimiteit maak soveel bewondering vir die man en vrou in mekaar wakker dat hulle gedurig bymekaar wil wees. In die huwelik se intieme liefde geniet die man en die vrou mekaar se liefkosing en liefde. Romantiese liefde is permanent en laat man en vrou beseef dat hulle uitsluitlik aan mekaar behoort. Hierdie intense liefde veroorsaak opgewondenheid wanneer man en vrou in mekaar se oë kyk, want juis dan word die eenheid hefter beleef as andersins.

Die begeerte om die ander verryk te sien is deel van onselfsugtige liefde wat vir ewig duur. Hierdie intieme liefde gryp plesier aan en dit is passievol. Dit bring verwarring en ook vrede. Dit is rustig, dog speels. Dit is selfgesentreerd, en totaal en al andergesentreerd. Dit gee en ontvang. Dit begeer om plesier te gee, en hoop om dit ook self te ontvang (Gledhill, 1994:230).

## **H. Basisteoretiese beginsels**

Alhoewel die bestudering van Hooglied slegs ten doel gehad het om één basisteoretiese beginsel te ondersoek, het soveel meer gedurende hierdie studie aan die lig gekom.

- Daar bestaan byna oneindigende vryheid binne die huwelik aangaande seksuele intimiteit.
- Die aantrekkingskrag en emosionele liefde tussen man en vrou in die huwelik mag en behoort opgewondenheid en erotiese opwekking tot gevolg te hê.

- In reaksie op bogenoemde erotiese en seksuele opwekking is dit geoorloof vir beide man en vrou om inisiatief te neem in hierdie verband en die ander uit te nooi.
- In die huwelik geniet die man en die vrou mekaar se liefkosing en liefde, en behoort nie enige skaamte te wees nie.
- Man en vrou eer God as hulle mekaar liefhet en die prag, vryheid en besonderheid geniet wat seksuele intimiteit binne die huwelik inhou.

## **2.5.4 Bybelse beginsels aangaande die eksklusiwiteit en skoonheid van seksuele intimiteit.**

### **2.5.4.1 Inleiding**

In 'n volwasse en voortreflike huwelik is daar slegs plek vir twee mense. Toewyding is nodig vir 'n intieme huweliksverhouding, en die oprigting van grense is onvervangbaar vir 'n fantastiese huwelik en seksuele lewe (Rosenau, 2002:17).

Vir Rosenau (2002:18) is egbreek 'n omvattende begrip wat behalwe vir seksuele ontrouheid aan 'n eggenoot ook ander aspekte insluit. 'n Man of vrou kan ontrou wees deur sigself te verbind en toegewyd te wees aan sy of haar beroep, kinders of selfs die kerk.

'n Mooi metafoor ten verduideliking van boegenoemde is dié van 'n omheinde tuin. Die omheining wat God daarstel is vir beskerming van die pragtige huweliks- en seksuele tuin. Ongelukkig word hierdie omheining soms gesien as 'n hindernis waaroor gespring kan word om by die groener gras aan die ander kant uit te kom, maar die heining is in werklikheid daar juis sodat die egpaar die intimiteit kan geniet waarin 'n ongelooflike verhouding binne hierdie beskerming ontwikkel kan word, 'n dieper vlak van emosionele en seksuele eenwording (Rosenau, 2002:17).

Daar is skoonheid en vreugde in seksuele intimiteit in die huwelik. LaHaye en LaHaye (2004:20) beskryf hierdie besonderheid van die huweliksdaad tussen (as voorbeeld) Adam en Eva as die verhewe, intieme versmelting van verstand, hart,

emosies en liggaam in 'n hartstogtelike, opwellende klimaks wat die deelhebbers in 'n golf van onskuldige ontspanning omvou en hul liefde ten volle ontplooi.

Mack (1999:119) is dit eens dat geen plek is waar hierdie totale deel van mekaar mooier geskets word of in 'n groter mate ervaar word as in die seksuele verhouding van die man met sy vrou nie.

#### **2.5.4.2 Motivering van Spreuke 5:15-19 as fokusverse**

“Jy het tog self 'n vrou, jy het tog self 'n put met water: drink die strome uit jou eie fontein. Moet jou fontein dan ook die wêreld vol loop, jou strome water oral heen vloei? Hulle is tog net joune, en jy sal hulle nie met 'n ander wil deel nie. Sing die lof van jou eie fontein, verheug jou oor jou eie vrou, so vol liefde, so mooi soos 'n takbok, soos 'n ribbok. Geniet voluit van haar liefkosings, laat dit jou deurentyd bedwelm.” (Bybel, 1983.)

Spreuke bevat heelwat oor die verkeerde tipe seksuele betrokkenheid, maar leer ook iets oor die regte tipe. Binne die grense van die huwelik is daar veiligheid en tevredenheid. In hierdie gedeelte, Spreuke 5:15-19, word verduidelik hoe die man sy vrou geniet, en ook seksueel bevredig word deur haar. Die man word bedwelm deur haar liefde. Terselfdertyd egter word die man sterk gewaarsku om nie op ander plekke te soek vir die hierdie bevrediging nie, maar om dankbaar te wees vir die vrou wat God aan hom gegee het (Parsons, 2009:7).

Seksualiteit is 'n uitdrukking van warm menslike verhoudings (Spr. 5:15-19), wat uiteraard genot en vreugde impliseer (Groenewald, 2006:57.)

Die skrywer van Spreuke gee in hierdie gedeelte waardevolle raad en leiding aangaande huwelikstrou en die gevaar daarvan om daarvan af te wyk. Belangriker nog brei hy uit op die besonderheid, eksklusiwiteit en vreugde wat dit inhou.

### **2.5.4.3 Eksegese van Spreuke 5:15-19 en vergelyking met die res van die Skrif**

#### ***A. Tekstuele konteks van die perikoop***

*Die plek van perikoop binne die boek en in die hele Bybel*

Die boek Spreuke kom voor in die Ou Testament, en kan soos volg opgedeel word:

- **Wysheidspreuke (1:1-22:16)**
  1. Wysheid vir jongmense (1:1-9:18)
  2. Wysheid vir alle mense (10:1-22:16)
- **Gesegdes van die wyse manne (22:17-24:34)**
  1. Spreuke met buitelandse trekke (22:17-24:22)
  2. 'n Aanhangsel (24:23-34)
- **Die “Hiskia”-versameling (25:1-29:27)**
- **Gesegdes van die wyse mense (30:1-31:9)**
  1. Spreuke van Agur (30:1-33)
  2. Voorskrifte van Lemuel se moeder (31:1-9)
- **Die volmaakte huisvrou (31:10-31)** (Vosloo & Van Rensburg, 2007:887).

#### ***B. Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop***

Hierdie perikoop bestaan uit 3 dele, wat soos volg onderskei kan word:

- a) Opdrag aan man om by sy vrou bevrediging te soek (5:15)
- b) Waarskuwing aangaande gevaar van onbevredig word in huwelik (5:16-17)



- c) Oproep aan man om sy eie vrou te geniet en homself te verjeug oor haar (5:19)

Soos reeds aangedui, word die aanbeveling aan die man om hom in sy eie vrou se liefde te verbly (5:15-19) die fokusverse van hierdie perikoop.

### **C. Die genre van die perikoop en die boek waarin die perikoop voorkom**

Die genre van Spreuke word geklassifiseer as wysheidsliteratuur (Perdue, 2000:3). Verskeie literêre vorms word in die boek Spreuke gebruik, nl. poësie, kort gelykenisse, skerp vrae en koelette, asook verskeie literêre stylmiddele soos teenstellings, vergelykings en personifikasie (Vosloo & Van Rensburg, 2007:886). Wysheidsliteratuur gee gestalte aan kennis, en in die konteks van die boek Spreuke is die inhoud hoofsaaklik moreel en teologies van aard (Murphy, 1998:3; Perdue, 2000:5).

### **D. Openbaringshistoriese plasing en betekenis van die perikoop**

In hierdie gedeelte is dit baie duidelik oor watter saak God se wil geopenbaar word, naamlik die aanbeveling aan die man om hom in sy eie vrou se liefde te verbly, asook 'n beskrywing van die seksuele intimiteit en tevredenheid wat daar in hierdie huweliksverhouding gevind kan word.

Soos vroeër in die hoofstuk (2.5.1.3) vermeld, impliseer die woord liefde vir Carr, Capps, Gill, Oberholzer, Page, Van Deusen Hunsinger en Williams (2002:206) “*a liking, a fondness, concern, affection, and also sexual desire*”, wat beskrywend is van die onderskeie tipes liefde Eros en agape. Ook dui liefde op hartlike geneentheid, gehegtheid aan 'n persoon of saak; geneentheid van 'n man vir 'n vrou of omgekeerd (Odendaal *et al.*, 1994:618).

Hierdie tema kom ook elders in die Bybel voor. Hooglied 4:12-15 vind aansluiting by die motief wanneer die bruidegom die liefde tussen hom en sy vrou beskryf as 'n verfrissende fontein. In Prediker 9:9 word in duidelike en eenvoudige taal gesê dat die man die lewe moet geniet met die vrou wat hy liefhet; dis bedoel om so te wees,

en reg as dit so is. Sekere gedeeltes uit Hooglied is reeds bespreek in 2.6.3. Hier moet egter weer melding gemaak word van Hooglied 4:5, waar die bruidegom die bekoorlikheid van sy bruid se borste beskryf, asook Hooglied 8:14, waar die bruid uitsien na haar man se spoedige terugkeer.

Die verwysing na die drink van water in vers 15 van hierdie perikoop hou verband met seksuele intimiteit tussen eggenote. Hierdie beeldspraak verwys na die bevrediging van die man se seksuele begeertes deur geslagsgemeenskap met sy eie vrou (Perdue, 2000:121). Varswaterbronne is simbole in Hooglied vir die vrou wat haar man seksuele ekstase en bevrediging bied, daarom die opdrag om uit sy eie bron te drink (Murphy, 1998:32).

Die betekenis van vers 16 en 17 kan tweërlei wees. Eerstens sou dit kon beteken dat die man buite die huwelik soek na bevrediging by prostitute en egbrekers in plaas daarvan om dit te soek in seksuele intimiteit met sy vrou (Perdue, 2000:121). Tweedens sou hierdie terme egter ook na die vrou kon verwys wat bevrediging elders gaan soek indien sy onvervuld en onbevredig sou wees. Die waarskuwing in laasgenoemde is daarom dat dit belangrik is dat ook na die vrou se behoeftes omgesien word ten einde te keer dat sy bemoediging elders gaan soek (Murphy, 1998:32).

In vers 18 word water (’n fontein) weer gebruik om die vrou te beskryf wie se lof besing moet word, dus behoort hy sy vrou in staat te stel om die seën ten opsigte van die genot van seksuele intimiteit te ontvang wat spruit uit getrouheid aan die huweliksbelofte (Perdue, 2000:121).

Die verdere vergelyking van die vrou met ’n takbok en ’n ribbok (vers 19a) simboliseer vroulike aantreklikheid en skoonheid, soos gebruik deur Salomo (Hoogl. 2:9, 4:2, 6:6, 7:3) om sy beminde te beskryf (Murphy, 1998:32; Perdue, 2000:121).

Ten slotte word die man in vers 19b aangemoedig om hom te verlustig in sy vrou se deernis en liefkosing en om altyd deur haar liefde bedwelm te wees (Perdue, 2000:121).

Hieruit is die navorsers se afleiding dat – behalwe daarvoor dat die seksuele intimiteit tussen man en vrou eksklusief van aard moet wees, en dat wat ook al tussen hulle gebeur tydens intieme tye albei persone se goedkeuring moet wegdra – daar byna geen beperking is op die maniere waarop man en vrou seksueel met mekaar mag omgaan nie.

### ***E. Sosiohistoriese konteks van die perikoop***

Die huishouding was die institusie waarin baie Joodse waardes hulle inhoud verkry het. Hierdie waardes is oorgedra deur die opvoeding van ouers, en geïmplementeer in die daaglikse lewe (Perdue, 2000:122). Die verleiding deur vreemde gelowe en kulture, en deur egbrekers en prostitute, het in die tydperk ná die terugkeer uit die ballingskap 'n bedreiging ingehou vir die Joodse jongmense se geloof en manier van lewe. Hierdie wysshede en instruksies was dan bedoel gewees om juis hierdie jongmense te keer om verlei te word deur die sedelose vrou (Perdue, 2000:123).

### ***F. Samevatting***

Seksuele omgang mag nooit gebruik word vir oorreding of manipulasie van die huweliksmaat nie. Binne die grense van die huwelik is daar sekuriteit en bevrediging. Die man en vrou moet mekaar geniet en seksueel deur mekaar bevredig word. Verder behoort hulle bedwelmd te wees deur mekaar se liefde. Daar is egter ook 'n sterk waarskuwing om nie elders, d.w.s. buite die huwelik, bevrediging te soek nie, maar om God dankbaar te wees vir die eie man of vrou. Man en vrou word beide aangemoedig om hulle lewe lank bevrediging, plesier, vreugde en kameraadskap by mekaar te vind. Die ervaring behoort vir beide genot te bring en hulle diep liefde vir mekaar tot uitdrukking te laat kom.

### ***G. Basisteoretiese beginsel***

Behalwe daarvoor dat die seksuele intimiteit tussen man en vrou eksklusief van aard moet wees, en dat wat ook al tussen hulle gebeur tydens intieme tye albei persone

se goedkeuring moet wegdra, is daar byna geen beperking op die maniere waarop man en vrou seksueel met mekaar mag omgaan nie.

### **2.5.5 Voorlopige samevatting oor seksuele intimiteit in die Skrif**

Die man en vrou word werklik een in die huwelik, soos Christus en sy kerk. Hulle huwelik moet getuig van die nuwe lewe in Christus, en dit deur diepe liefde en respek vir mekaar te hê en te wys. Die fokus is op die hoë waarde, en eenheid, van die huwelik. Die huwelik bring sekuriteit, 'n atmosfeer waarbinne die persone een word met mekaar in die uitleef van hulle seksualiteit. In só 'n verhouding behels sekuriteit onder meer, betrokkenheid by mekaar, 'n veilige ruimte en verantwoordelike omgang met die seksuele.

Van die begin af het God seks as goed geskep, uitsluitlik vir die huwelik. Die gelowige egpaar moet die lewe en seksualiteit met mekaar deel. In hierdie konteks beteken seks dus om die "self" vir iemand anders te gee, nie om toe te eien of te besit nie. Die seksuele spel moet dus beide man en vrou bemagtig, bevry en opbou. Gesien teen hierdie agtergrond is seksuele omgang nie 'n selfgeldende item nie, maar eerder iets waaraan voortdurend deelgeneem word saam met die ander party as deelgenoot.

Man en vrou behoort te besef dat God dit ook so bestem het dat hulle na mekaar sal hunker. Hulle kom bymekaar om hulself vrylik met mekaar te deel, en saam genot en plesier te ervaar, maar nooit ten koste van die ander persoon nie. Hulle behoort aan mekaar; daarom rus daar 'n huwelikspelig op elkeen om sy maat se behoeftes te ken en te bevredig ten einde die huwelik te beskerm teen die verleiding van Satan. Die seksuele intimiteit van man en vrou binne die huwelik is iets moois en spesiaals. Hier hoort geen skaamte nie, maar bewondering vir mekaar se liggame en genieting van mekaar se liefkosings, wat deur óf die man óf die vrou geïnisieer kan word. Die aantrekkingskrag en emosionele liefde tussen man en vrou wek opgewondenheid en erotiese gevoelens. Hierdie liefde en seksuele intimiteit maak soveel bewondering vir die man en vrou in mekaar wakker dat hulle gedurig bymekaar wil wees. In die huwelik se intieme liefde geniet man en vrou mekaar se liefkosing en liefde.

Romantiese liefde is permanent en laat man en vrou beseef dat hulle uitsluitlik aan mekaar behoort. Hierdie intense liefde veroorsaak opgewondenheid wanneer man en vrou in mekaar se oë kyk, want juis dan word die eenheid hegte beleef as andersins. Seksuele omgang mag nooit gebruik word vir oorreding of manipulasie van die huweliksmaat nie. Binne die grense van die huwelik is daar sekuriteit en bevrediging. Die man en vrou moet mekaar geniet en seksueel deur mekaar bevredig word. Verder behoort hulle bedwelmd te wees deur mekaar se liefde. Daar is egter ook 'n sterk waarskuwing om nie elders, d.w.s. buite die huwelik, bevrediging te soek nie, maar om God dankbaar te wees vir die eie man of vrou. Man en vrou word beide aangemoedig om hulle lewenslang bevrediging, plesier, vreugde en kameraadskap by mekaar te vind. Die ervaring behoort vir beide genot te bring en hulle diep liefde vir mekaar tot uitdrukking te laat kom.

### **2.5.6 Basisteoretiese beginsels**

Op grond van die gevolgtrekkings uit die Skrif (2.5.1 – 2.5.4) kom God se plan vir die seksuele intimiteit van 'n gelowige egpaar binne die huwelik na vore.

Die volgende basisteoretiese beginsels, wat van belang is vir die res van hierdie studie, word vervolgens ter samevatting geformuleer:

2.5.6.1 God het die huwelik geskep vir die man en vrou om werklik een te wees, as 'n afbeelding van die eenheid tussen Christus en sy kerk. Hierdie eenheid word verdiep deur intimiteit, wat die volste belewenis is van eenheid van hart en lewe. Hierdie intimiteit, waarin 'n gelowige man en vrou mekaar liefhet en dien, bied vir beide warmte en nabyheid in die huwelik.

2.5.6.2 God het die huwelik ingestel vir die man en vrou om een te word in die huwelik, en daarom behoort die man en vrou se liggame nie aan hulself nie, maar aan mekaar. Elk het 'n liefdesplig teenoor die ander om mekaar nie seksuele intimiteit te ontnem nie, maar mekaar se seksuele behoeftes op liefdevolle wyse te bevredig.

2.5.6.3 Daar bestaan byna oneindigende vryheid binne die huwelik aangaande seksuele intimiteit. Die aantrekkingskrag en emosionele liefde tussen man en vrou in die huwelik mag en behoort opgewondenheid en erotiese opwekking tot gevolg te hê. In reaksie op bogenoemde erotiese en seksuele opwekking is dit vir beide man en vrou geoorloof om inisiatief te neem in hierdie verband en die ander persoon uit te nooi. In die huwelik geniet die man en die vrou mekaar se liefkosing en liefde, en behoort nie enige skaamte te wees nie. Man en vrou eer God as hulle mekaar liefhet en die prag, vryheid en besonderheid wat seksuele intimiteit binne die huwelik inhou, geniet.

2.5.6.4 Behalwe daarvoor dat die seksuele intimiteit tussen man en vrou eksklusief van aard moet wees, en dat wat ook al tussen hulle gebeur tydens intieme tye albei persone se goedkeuring moet wegdra, is daar byna geen beperking op die maniere waarop man en vrou seksueel met mekaar mag omgaan nie.

## **HOOFSTUK 3**

### **METATEORETIESE PERSPEKTIEWE AANGAANDE SEKSUELE INTIMITEIT AFGELEI VANUIT NAASLIGGENDE WETENSKAPPE PSIGOLOGIE EN SOSIOLOGIE**

#### **3.1 Inleiding**

In hoofstuk 2 van hierdie studie (2.6.1-2.6.4) was die fokus op basisteoretiese aspekte van God se ontwerp, wil en opdrag ten opsigte van seksuele intimiteit van gelowige egpare binne die huwelik. Die lig wat die Bybel op bogenoemde ondersoekwerp, het aanleiding gegee tot die formulering van hoofsaaklik vier basisteoretiese beginsels (2.8). Vervolgens word in hierdie hoofstuk vanuit 'n metateoretiese invalshoek aandag gegee aan die aspekte van seksuele intimiteit binne die huwelik.

##### **3.1.1 Definiëring van 'n metateoretiese model**

Die term "metateorie" verwys volgens Heyns en Pieterse (aangehaal deur Larney, 2009:67) na teorieë wat uitgangspunte definieer wat min of meer universeel met ander wetenskapsvelde ooreenstem. Metateoretiese insigte, soos reeds in hoofstuk 1 (1.6) en 2 (2.3) verduidelik, word vanuit die navorsingsresultate van die naasliggende wetenskappe verwerk.

Die funksie van die metateorie in wetenskapsbeoefening is volgens De Wet (2009:10) om universele raakpunte tussen die ondersoekveld van Praktiese Teologie en ander wetenskappe soos bv. Psigologie en Sosiologie te ondersoek en die implikasies daarvan in die eie benadering te integreer. Deur hierdie raakpunte te bestudeer, word verskynsels in menslike gedrag, byvoorbeeld ten opsigte van sosiale en psigologiese faktore, ondersoek (De Wet, 2009:10).

## 3.2 Doelstelling

Hierdie hoofstuk sal primêr ten doel hê om deur gebruikmaking van belangrike inligting uit die naasliggende wetenskappe Psigologie en Sosiologie 'n beeld vanuit hierdie hoek te verkry van die werklikheid rakende die huidige persepsies en houdings van pasgetroude, gelowige egpare aangaande seksuele intimiteit in die huwelik.

## 3.3 Metode en werksplan

Zerfass se model vir praktiese-teologie-navorsing en teorie-ontwikkeling, soos bespreek in hoofstuk 1 (1.6) en hoofstuk 2 (2.7), word gebruik as raamwerk ten opsigte van die metateoretiese perspektiewe vanuit die naasliggende wetenskappe.

Alvorens verskeie naasliggende wetenskappe se sienings aangaande die vraagstuk bestudeer word, word eerstens aandag geskenk aan die definisie en aard van die twee onderskeie naasliggende wetenskappe Sosiologie en Psigologie.

Vervolgens word ondersoek ingestel na die sienings van hierdie naasliggende wetenskappe aangaande:

- die huweliksverhouding as verhouding waarbinne seksuele intimiteit ervaar en geniet word;
- die man en vrou se plig teenoor mekaar rakende die seksuele;
- die prag, vryheid en besonderheid wat seksuele intimiteit inhou vir die gelowige egpaar; en
- die eksklusiwiteit en skoonheid van seksuele intimiteit.

Met bostaande ondersoek word geensins op volledigheid aanspraak gemaak nie. Hierdie ondersoek is beperk deur die feit dat dit slegs 'n onderdeel van 'n verhandeling is, wat eweneens vanweë sy aard 'n beperkte omvang het.



## **3.4 Naasliggende wetenskappe**

### **3.4.1 Sosiologie**

Weber (soos aangehaal deur Blunden, 1999:1) definieer Sosiologie as 'n wetenskap wat poog om sosiale aksie interpreterend te verstaan ten einde by 'n oorsaaklike verduideliking van die verloop en gevolge daarvan uit te kom. Aansluitend hierby beskryf Giddens (1993:5) hierdie veld as dat dit 'n onderskeidende en hoogs verhelderende perspektief op menslike gedrag bied. Sosiologie gee 'n treetjie agteruit vanuit die persoonlike interpretasies van die wêreld om na die sosiale invloede te kyk wat vorm gee aan ons lewens. Giddens (1993:9) stel dit selfs nog eenvoudiger dat Sosiologie die noodsaak demonstreer om 'n veel wyer blik te kry op waarom ons optree soos wat ons optree.

Ten opsigte van hierdie studie word verwag dat Sosiologie insigte mag bied met betrekking tot:

- liefde en intimiteit in die huweliksverhouding;
- die rol van man en vrou; en
- seksualiteit.

#### **3.4.1.1 'n Snit van wat Sosiologie bied aangaande die huweliksverhouding as verhouding waarbinne seksuele intimiteit ervaar en geniet word**

Liefde is 'n natuurlike deel van die menslike bestaan; daarom word dit gevind in alle gemeenskappe, in noue verband met die huwelik. Giddens (1993:13) meen dat die idee dat huweliksverbindinge op romantiese liefde gebaseer is 'n onlangse konsep is wat nie algemeen in die vroeë geskiedenis of Westerse gemeenskappe of kulture voorgekom het nie, en dat romantiese liefde in werklikheid relatief onbekend is in die meeste gemeenskappe.

Die konsep van die huwelik is kompleks aangesien verskillende huwelikstelsels in die verskillende dele van die wêreld bestaan. Dit het tot gevolg dat daar nie een algemeen aanvaarbare definisie daarvoor bestaan nie (Benokraitis, 1999:2). Formele wette (landswette) en verskeie geloofsleerstellinge vorm deel van die norme wat meehelp met die definiëring van die huwelik.

Oor die belangrikheid wat die huwelik inhou ten opsigte van algemene geluk, bestaan wyd uiteenlopende sienings. Navorsing dui daarop dat ongetroude mans toenemend gelukkiger is as getroude mans (Lee, Seccombe & Shehan, 1991:839). Dit blyk dat dieselfde geld vir vrouens. Solot (2010:1) skryf hierdie verskynsel – weliswaar tong in die kies – daaraan toe dat 'n vrou nie noodwendig meer 'n man nodig het om haar te ondersteun en te onderhou nie, en, omgekeerd, dat 'n man ook nie noodwendig meer 'n vrou nodig het om vir hom kos te kook en huis te hou nie. Die huwelik is dus nie meer nodig vir “oorlewing” nie, en daarom word trou toenemend opsioneel. Worner (2010:31; Anon, 2010:1) stem egter nie met bogenoemde stelling saam nie. Sy resultate, op grond van onlangse navorsing in Westerse lande, dui daarop dat getroude mans en vrouens oor die algemeen gelukkiger is as ongetroude mans en vrouens.

Verdere motiverings vir die belangrikheid van die huwelik word deur verskeie Sosiologie-outeurs vermeld, maar nie in die opsig dat, soos vroeër die verwagting in die meeste Westerse samelewings was (Rodgers, 1973:24), dit die grense verteenwoordig waarbinne seksuele intimiteit eksklusief hoort nie.

Hoewel die huwelik die enigste universeel aanvaarbare konteks is waarbinne seks goedgekeur word, word seksuele gedrag en houdings aangaande seks meer dikwels buite hierdie konteks bestudeer (Vaughn, Sprecher & Schwartz, 1995:639). Daar is selfs individue wat opmerk dat die idee dat seks alleenlik binne die huwelik hoort, meer lagwekkend is as wat dit 'n belangrike sosiaal-wetenskaplike onderwerp is (Vaughn *et al.*, 1995:639). Hieruit blyk dat die huwelik in sekere Sosiologiese kringe nie die enigste geoorloofde konteks vir seksuele intimiteit is nie.

Wat kinders en die huwelik aanbetref, is Rodgers en White (2008:231) se gevoel dat

die samelewing steeds druk plaas op paartjies egpare om te trou – ten spyte van bogenoemde. Om kinders te hê binne die huwelik blyk die kriterium te wees in die samelewing se oë om te kwalifiseer as 'n gesin (Rodgers & White, 2008:231).

Mense stel, in teenstelling met bogenoemde, juis toenemend uit om in die huwelik te tree aangesien daar al hoe meer aanvaarding in die samelewing is ten opsigte van ongetroude egpare wat saamwoon, asook meer aanvaarding ten opsigte daarvan om kinders te hê buite die huwelik (Benokraitis, 1999:231). Deur saam te woon, gee 'n paartjie publiek te kenne dat hulle 'n seksuele verhouding het (Thornton, Axinn & Hill, 1992:630). Klein en White (2008:135) bevind dat, hoewel daar in die vroeë tagtigerjare bevind is dat saamwoon voor die huwelik negatief inwerk op latere huwelikstabiliteit, dit deesdae na die ander kant toe neig, en dat mense wat voor die huwelik saamwoon 'n kleiner kans staan op latere huweliksworsteling.

Dit is belangrik om daarop te let dat dit ook in die Sosiologie algemeen bekend is dat jongmense se besluit om saam te bly of te trou grootliks beïnvloed word deur hulle verbintenis tot geloof/godsdiens, asook deur hulle deelname daaraan. Lae vlakke van deelname en verbintenis tot geloof/godsdiens hou verband met hoë vlakke van saamwoon eerder as trou, en andersom (Thornton, Axinn & Hill, 1992:647).

Ten einde 'n verdere verstaan te ontwikkel van die huwelik, gesien vanuit die Sosiologie, is dit nodig om hier 'n verdere konsep van die huwelik te ondersoek. Die konsep van onderdanigheid, en die man as hoof van die vrou en die gesin kom selde voor in resente Sosiologie-bronne. Enkele dekades gelede het daar nog in die meeste Westerse samelewings die verwagting bestaan dat die man in die huweliksverhouding die primêre versorger, beskermer en hoof van die huishouding moet wees, terwyl die vrou se primêre verantwoordelikhede huishoudelike take, kosvoorsiening en persoonlike versorging van die gesin insluit (Rodgers, 1973:24; Rodgers & White, 2008:235). Die industrialisasie van die samelewing het alternatiewe rolle vir die vrou tot gevolg gehad, wat in baie gevalle strydig was met haar tradisionele rolle (Rodgers & White, 2008:235). Dit het stelselmatig aanleiding gegee tot 'n al hoe meer algemene siening van man en vrou as mekaar se gelykes (Jamieson, 1999:490). Die siening van die vrou as gelyke is ook van toepassing op

intimiteit. Hoewel dit voorkom asof die meeste mense hulle in romantiese verhoudings begeef met die verwagting dat dit wedersydse emosionele ondersteuning gaan insluit, en dat die man en vrou mekaar se gelykes is (Jamieson, 1999:491), sê dit nie op die ou einde veel van hoe mense mekaar in werklikheid behandel en ook self optree nie. In die meeste romantiese verhoudings is dit opmerklik dat intimiteit en ongelykheid ten opsigte van rolle steeds hand aan hand gaan (Jamieson, 1999:491).

Baie jongmense het idealistiese sienings en verwagtinge oor die huwelik. Dit het tot gevolg dat sulke jongmense dikwels beplan om vroeg te trou, en die risiko loop om ontnugter en ongelukkig in hulle huwelike te wees. Belangriker nog loop hulle die risiko dat hulle huwelike in egskeiding gaan eindig (Segrin & Nabi, 2002:261).

Dus, al vorm die huwelik nie die grense waarbinne seksuele intimiteit geoorloof is nie, neem die huwelik vir sosioloë steeds 'n belangrike plek in die samelewing in en kan dit vele voordele inhou vir beide die man en die vrou.

### **3.4.1.2 'n Snit van wat Sosiologie bied aangaande die man en vrou se plig teenoor mekaar rakende die seksuele**

Uit die voorafgaande bespreking (3.4.1.1) blyk dit duidelik dat daar nie melding gemaak word of aangetoon word dat seks slegs binne die huwelik geoorloof is nie. Wanneer verder in ag geneem word dat man en vrou in die meeste domeine van die samelewing reg en aanspraak het op gelykheid (3.4.1.1) is dit byna vanselfsprekend dat geen spesifieke huweliksplig op man en vrou afgedwing kan word nie.

In die lig hiervan kan dit belangrik wees om vervolgens sosioloë se bevindinge en perspektiewe met betrekking tot die seksuele verhouding en intimiteit te verken. 'n Bevinding gemaak deur Vaughn *et al.* (1995:641) is dat 'n egpaar se seksuele intimiteit binne die eerste jaar nadat hulle in die huwelik tree aansienlik afneem in vergelyking met hulle seksuele intimiteit voor die huwelik. Meer kommerwekkend is die feit dat hierdie afname gedeeltelik toegeskryf word aan die toenemende toeganklikheid, beskikbaarheid en voorspelbaarheid van seks. Dus raak seks 'n saak

van roetine en voorspelbaarheid. Sonder dat daar 'n seksuele plig op óf man óf vrou geplaas word, kom die belangrikheid van die seksuele tog hier na vore.

Tot dusver blyk dit uit hierdie gedeelte dat daar, wat die geraadpleegde Sosiologie-bronne aanbetref, geen plig op man of vrou rus binne die huwelik nie, veral nie aangaande seks nie.

Verskeie navorsers (Balon, 2008:298; Haavio-Mannila & Kontura, 1997:339; Rosen & Bachmann, 2008:292; Santilla, Wager, Witting, Harlaar, Jern, Johansson, Varjonen & Sandnabba, 2008:31; Sprecher, 2002:195) is egter van mening dat daar spesifieke onderwerpe en feite is wat beide man en vrou behoort te weet en in ag te neem aangaande seksualiteit en seksuele intimiteit. Die tema van die verband tussen huwelikstevredenheid en seksuele tevredenheid kom hier sterk na vore.

Vaughn *et al.* (1995:641) beskryf hoe algemene tevredenheid in die huwelik 'n invloed het op hoe gereeld 'n getroude egpaar seksueel verkeer. Tevredenheid in die huwelik het groter begeerte na seksuele intimiteit, en die skep van geleenthede daarvoor, tot gevolg. Hierdie toename in seksuele intimiteit lei dan dikwels tot 'n selfs groter algemene tevredenheid binne die huwelik. Om hierdie bewering te staaf, kan bygevoeg word dat daar in verskeie bronne melding gemaak word van die voordele wat die huwelik kan inhou ten opsigte van onder andere moraliteit en algemene psigologiese welstand (Baker, soos aangehaal deur Coontz, 2005:412; Gallagher, 2000:2; Mahoney, 2006:213; Steward, 2010:1).

Seksuele tevredenheid, wat gedefinieer word as geen diskrepansie tussen verlangde gereeldheid van seksuele intimiteit en werklike gereeldheid daarvan nie, word geassosieer met verhoudingstevredenheid (Santilla *et al.*, 2008:31). Balon (2008:298) voeg by dat algemene fisiese en emosionele welstand meer opmerklik bydra tot seksuele geluk as wat seksuele geluk bydra tot algemene fisiese en emosionele welstand.

Daar is konstante bewyse van die verband tussen seksuele aktiwiteit en tevredenheid enersyds, en aspekte van emosionele welstand, tevredenheid met die verhoudingsmaat en algemene lewenskwaliteit andersyds (Rosen & Bachmann,

2008:292). Seksuele tevredenheid veral by vrouens, het 'n voordelige uitwerking op hulle verhoudings, asook op hulle algemene welstand (Rosen & Bachmann, 2008:291).

Egpare wat seksuele tevredenheid ervaar se gevoelens teenoor mekaar word ook daardeur beïnvloed (Sprecher, 2002:194). Seksuele tevredenheid hou implikasies in vir hoe die man en die vrou oor mekaar voel, en tot watter mate hulle hulself verbind, en verbind bly, tot die verhouding.

Oor die algemeen bestaan daar groot verskille ten opsigte van die seksuele behoeftes van mans en vrouens. Mans se behoefte aan en begeerte na gereelde seks is baie meer as dié van vrouens. Waar die tydsduur van seksuele omgang byvoorbeeld vir mans baie belangrik is, is die teerheid, aanraking en koestering weer vir vrouens belangrik (Klein & White, 2008:84; Santtila *et al.*, 2008:32). Ten spyte van hierdie verskil tussen mans en vrouens aangaande hulle spesifieke seksuele behoeftes en intimiteit is daar geen beduidende verskil in die gereeldheid waarop beide groepe hierdie onderskeie bevrediging verlang nie (Baumeister, Catanese & Vohs, 2001:264). Haavio-Mannila en Kontura (1997:339) skryf hierdie verskil in die seksuele behoeftes van mans en vrouens onder andere toe aan die feit dat vrouens gemiddeld baie later in hulle lewens seksueel aktief raak as mans, dat vrouens meer konserwatiewe houdings oor seks het, aan 'n tekort aan seksuele assertiwiteit, en aan die gebruik van eensydige tegnieke.

In 'n soortgelyke studie oor seksuele tevredenheid en die verband met verhoudingstevredenheid (Santtila *et al.*, 2008:31) is gevind dat vrouens meer gereeld streling, soene, drukkies en liefkosing as seksuele omgang verlang. Verder is mans meer geneig as vrouens om die kwaliteit van hulle seksuele verhoudings as maatstaf vir verhoudingskwaliteit te gebruik (Sprecher, 2002:195).

Dit blyk dus dat, hoewel daar in die huwelik geen afdwingbare plig vir die man en die vrou teenoor mekaar aangaande seksuele intimiteit en vervulling bestaan nie, daar tog sekere rolle is wat deur huweliksmaats van mekaar verwag word.

### **3.4.1.3 'n Snit van wat Sosiologie bied aangaande die vryheid, prag en besonderheid wat seksuele intimiteit inhou vir die egpaar**

Wanneer daar in Sosiologie na seksuele intimiteit verwys word, is die bedoeling nie dat dit tot die huwelik beperk is nie. Die tendens is dat daar in die samelewing al hoe meer vryheid bestaan ten opsigte van seksuele praktyke, oriëntasie, gewoontes en begeertes (Hawkes, 2002:146).

Daar het oor verloop van die laaste paar dekades 'n aansienlike skuif plaasgevind aangaande die vryheid van seksualiteit – vanaf seks as 'n gevaar na seks as plesier. Sosiale verandering het dus plaasgevind op die terreine van buite-egtelike seks, egskeding, vroeër aanvang van seksuele aktiwiteit, en die beskikbaarheid en gebruik van voorbehoedmiddels (Hawkes, 2001:53).

Ongeag die milieu, beskou sosioloë die mens se hunkering na seks en seksuele intimiteit as 'n fundamentele menslike eienskap, net soos honger of dors (Hawkes, 2002:6). Juis as gevolg van hierdie fundamentele status is dit so sentraal tot elke huweliksverhouding. Seksuele intimiteit is besonders in dié opsig dat dit 'n bron van byna oneindige geluk en vervulling kan wees. Dit is 'n sensuele ervaring met 'n groot mate van affektiewe betrokkenheid (Hawkes, 2002:6).

Affektiewe uitdrukking, spesifiek met betrekking tot die demonstrasie van toegeneentheid, die seksuele verhouding en die wys van liefde, word beskou as 'n belangrike kwaliteitsaspek wat huweliksintegrasie in die hand werk (Van Staden, 1996:76).

Die slotsom is dat seksuele intimiteit iets besonders kan wees vir beide die man en die vrou in die huwelik – ook uit die oogpunt van die Sosiologie. Geen aanduiding is gevind dat daar enige beperkinge bestaan (volgens sosioloë) aangaande seksuele intimiteit in die huwelik nie; daarom kan die teendeel afgelei word, naamlik dat daar vryheid vir die egpaar bestaan aangaande seksuele intimiteit in die huwelik.

### **3.4.1.4 'n Snit van wat Sosiologie bied aangaande die eksklusiwiteit en skoonheid van seksuele intimiteit**

Die meeste mense gaan 'n huweliksverhouding binne met die verwagting dat seksuele intimiteit vir beide die man en die vrou eksklusief sal wees tot hulle huwelik. Hierdie verwagting realiseer egter dikwels nie (Treas & Giesen, 2000:59).

Dit is belangrik om daarop te let dat persone wat vóór die huwelik reeds seksueel aktief was baie meer geneig is tot huweliksontrou as individue wat nie reeds seksueel aktief was nie (Treas & Giesen, 2000:59). 'n Verdere tendens wat Forste en Tanfer (1996:45) identifiseer, is dat vrouens in 'n gewone liefdesverhouding, sowel as vrouens wat saamwoon, meer geneig is tot seksuele ontrouheid as getroude vrouens, selfs al loop die saamwoonverhouding later uit op 'n huwelik.

Hoewel die samelewing toenemend minder waarde heg aan seks binne die huwelik, is dit vir Kahn en London (1991:852) opmerklik dat individue wat eers ná die huweliksluiting seks het se risiko tot egskeiding laer is as egpare wat reeds vóór die huwelik verskeie seksmaats gehad het. Hierdie verskynsel kan moontlik te doen hê met die feit dat omgee, intimiteit en, veral belangrik, "toewyding" aan ware liefde ten grondslag lê (Benokraitis, 1999:134). Verder is liefde, seks, goeie kommunikasie en getrouheid elemente wat vir mans sowel as vrouens voorvereistes is vir 'n "goeie" huwelik (Benokraitis, 1999:262).

Seks binne die huwelik, en hierdie eenheid tussen twee mense, het verskeie positiewe funksies (Van Staden, 1996:29), naamlik:

- Dit dra daartoe by dat seksuele behoeftes uitgeleef kan word.
- Dit help om seksuele kompetisie te minimaliseer.
- Dit is vir jongmense 'n aansporing om wel in die huwelik te tree.
- Geslagsiektes word uitgeskakel.



Dit wil dus voorkom asof die huwelik op sigself getrouheid en daarom ook eksklusiwiteit bevorder. Eksklusiwiteit, op sy beurt, hou ook, volgens sommige sosioloë, verskeie positiewe funksies in.

### **3.4.1.5 Gevolgtrekking**

Uit die navorsing oor die standpunte van sommige sosioloë kan afgelei word dat daar geen beperking van seksuele intimiteit tot die huwelik is nie, hoewel dit voordele kan inhou om dit wel daartoe te beperk. Seksuele intimiteit vorm 'n sentrale element van alle romantiese verhoudings. In hierdie afdeling van die studie is die slotsom daarom dat seksuele intimiteit, volgens sommige sosioloë, nie beperk is tot die huwelik nie, maar onontbeerlik is selfs vir romantiese verhoudings buite die huwelik.

Die huweliksverhouding word nie as die enigste geoorloofde terrein beskou waarbinne seksuele intimiteit ervaar en beoefen kan word nie, maar dit het in hierdie gedeelte duidelik na vore gekom dat die huwelik op sigself getrouheid en daarom ook eksklusiwiteit bevorder en dat daar 'n groot mate van vryheid aangaande seksuele intimiteit in die huwelik bestaan.

Seksuele tevredenheid van beide die man en die vrou in die huwelik is van kardinale belang vir die sukses, geluk en funksionering van die huwelik. Dit is, volgens die navorser, bevorderlik vir die huwelik en huweliksgeluk dat die huweliksmaats openlik moet kan gesels – nie net oor hulle verhouding in die algemeen nie, maar ook oor hulle seksuele verhouding en elk se behoeftes en sienings daaroor. Man en vrou moet mekaar se behoeftes en liggame ken ten einde mekaar suksesvol te kan bevredig. Tevredenheid in die seksuele verhouding het 'n positiewe invloed om die mate en volhoubaarheid van wedersydse toewyding tot die huweliksverhouding te bevorder.

In die Sosiologie is daar geen aanduiding gevind dat die man in die huwelik as hoof van die vrou aangestel is en dat die vrou aan hom onderdanig behoort te wees nie, maar wel dat hulle mekaar se gelykes is.

### **3.4.2 Psigologie**

Psigologie is kortom die wetenskaplike bestudering van menslike gedrag (Nicholas, 2003:2). “Psigologie” is afgelei van die Griekse word “psyche” (die siel) en “logos” (studie). Louw, Edwards en Blignaut (1993:1) definieer Psigologie as die wetenskaplike bestudering van gedrag en psigiese prosesse.

Ten opsigte van die vraagstuk van hierdie studie, werp Psigologie lig op onder meer:

- romantiese verhoudings en die huwelik as deel van die lewensverloop;
- seksualiteit en intimiteit; en
- eksklusiwiteit van seks.

#### **3.4.2.1 'n Snit van wat Psigologie bied aangaande die huweliks-verhouding as verhouding waarbinne seksuele intimiteit ervaar en geniet word**

'n Huwelik is 'n wetlik erkende vereniging tussen twee mense, gewoonlik 'n man en vrou, waarin hulle seksueel verenig word, ekonomies saamwerk, en waarskynlik geboorte skenk aan kinders, of kinders aanneem, en hulle dan grootmaak (Strong, DeVault & Cohen, 2008:8). Dit is belangrik om te vermeld dat homoseksuele huwelike drasties veld wen en dat hierdie verskynsel in die Psigologie aanvaar word, en toenemend geakkommodeer word (Mustanski, 2008:3).

In die Suid-Afrikaanse konteks is die huwelik iets waarna die meeste jongmense verlang (Nicholas, 2003:43). Mense trou om verskeie redes, waaronder religieuse, emosionele, sosiale en ekonomiese redes. Hierdie oorgang tot getroud wees verloop gewoonlik glad en bevredigend, en gaan gepaard met 'n warm, intieme verhouding. Volgens Nicholas (2003:43) het die huwelik as instelling sekere voordele. Volgens 'n studie wat in Suid-Afrika gedoen is, is getroude mense in hulle twintigerjare oor die algemeen gelukkiger en meer tevrede as ongetroude mense tydens dieselfde

lewensfase. Hierdie bevinding word gestaaf deur ander navorsers (Anon, 2010:31; Worner, 2010).

Volgens Baron en Byrne (2000:339) is daar dikwels sekere ooreenkomste ten opsigte van houdings, waardes, belangstellings en ander trekke tussen huweliksmaats, met ander woorde mense trou met iemand wat baie met hom of haar in gemeen het.

Daar bestaan nege psigologiese take wat onderhandel moet word in die totstandbrenging van 'n suksesvolle huweliksverhouding. Veral die sesde taak is baie toepaslik vir hierdie afdeling van die studie (Brown & Brown, 2002:12). Die psigologiese take is:

- Konsolidering van die psigologiese losmakingsproses van die gesin van oorsprong en die vestiging van nuwe verhoudinge met die gesinne van oorsprong.
- Die bou van samehorigheid, saamwees en die skep van onafhanklikheid/autonomieit.
- Ouers word.
- Hantering van krisisse.
- Die skep van 'n veilige plek vir konflik.
- Die verkenning van seksuele liefde en intimiteit.
- Om saam te lag en wedersydse belangstelling wakker te hou.
- Verskaffing van emosionele versorging.
- Die vashou aan 'n dubbelvisie (dit verwys na die vermoë wat die man en die vrou moet hê/ontwikkel om tydens die hantering van konflikte vorige positiewe aspekte van hulle verhouding te onthou sodat dit die huidige konflik kan temper).

Uit boegenoemde take blyk dit duidelik dat die seksuele intimiteit tussen man en vrou in die huwelik binne 'n milieu van veiligheid, intimiteit, nabyheid en emosionele

versorging moet geskied. Hierdie denkbeeld word bevestig deur Schaefer en Olson (1981:47) wat aandui dat verskillende intimiteite deel vorm van die huwelik, naamlik die emosionele, sosiale, seksuele, intellektuele, rekreatiewe, religieuse/spirituele intimiteite. Soos in die onderstaande gedeeltes bespreek sal word, noem teoretici van beide die McMaster-model en die gedragsgeoriënteerde benadering tot huweliksdinamiek dat seksuele intimiteit binne die huwelik plaasvind waar verskeie ander vaardighede en dimensies ook aanwesig moet wees.

Dus neem seksuele intimiteit, volgens die Psigologie, 'n belangrike posisie in die suksesvolle huweliksverhouding in.

### **3.4.2.2 'n Snit van wat Psigologie bied aangaande die man en vrou se plig teenoor mekaar rakende die seksuele**

Hoewel die man en die vrou nie as sodanig 'n plig teenoor mekaar in die huwelik het nie, is dit duidelik dat die belangrikheid van seks en seksuele intimiteit ook in die wetenskap van Psigologie beklemtoon word.

Wanneer daar in die Psigologie verwys word na seksuele intimiteit, is dit, net soos vroeër in hierdie hoofstuk gesien by die naasliggende wetenskap van Sosiologie (3.4.1.1), nie noodwendig binne die grense van die huwelik nie. So byvoorbeeld maak Haavio-Mannila en Kontura (1997:345) die stelling dat seksualiteit 'n sentrale faktor is in huweliks- sowel as voorhuwelikse verhoudings.

In 3.4.2.1 is vlugtig verwys na die werk van Brown en Brown waarin die sesde van die noodsaaklike nege huwelikspilte of -take die verkenning van seksuele liefde en intimiteit behels. 'n Goeie seksuele verhouding (Brown & Brown, 2002:22) is 'n uitdrukking van toegeneentheid, liefde en 'n sterk huwelik, en beïnvloed al die aspekte van 'n egpaar se verhouding. Wallerstein (aangehaal deur Brown & Brown, 2002:22) brei verder hierop uit deur te stel dat wanneer 'n egpaar sáám seksuele genot ervaar, dit hulle persepsies en fantasieë oor mekaar verbreed. Beide se selfbeeld word aansienlik verander deur hulle gedeelde erotiese ervarings, die herinneringe wat hulle skep, asook die fisiese verbintenis en eenwording. Hierdie

verandering in beide die man en die vrou se selfbeeld sluit in 'n toename in selfvertroue en bevestiging van die man se manlikheid en die vrou se vroulikheid. Navorsing het ook getoon dat tevredenheid en vervuldheid ten opsigte van die seksuele verhouding 'n deurslaggewende rol speel in die inrigting en instandhouding van 'n gelukkige en bevredigende huwelik (Litzinger & Gordon, 2005:409).

Dit is juis binne die seksuele faset waar kommunikasie van die uiterste belang is vir die versterking van 'n gesonde seksuele verhouding (Brown & Brown, 2002:22). Tydens seksuele intimiteit is daar 'n kwesbaarheid, en moet beide die man en die vrou mekaar genoeg vertrou om te kommunikeer wat hulle behoeftes is. Indien 'n egpaar openlik en eerlik met mekaar kommunikeer oor hulle seksuele verhouding, en nie daarvan wegstroom nie, kan selfs meer bevrediging en vervulling bereik word in die huwelik (Brown & Brown, 2002:23).

Talle navorsers ondersteun die belangrikheid van doeltreffende kommunikasie as sentrale komponent van huweliksgeluk en -tevredenheid (Litzinger & Gordon, 2005:409). Navorsing het bewys dat, wanneer 'n egpaar se kommunikasie sistematies verken word, dit opmerklik in verhouding is tot hulle eie tevredenheid (Litzinger & Gordon, 2005:420). Bogenoemde bevindinge word verder beklemtoon deur Litzinger en Gordon (2005:429) as hulle aandui dat dit baie belangrik is dat egpare openlik met mekaar moet gesels oor hulle verhouding, ook oor hulle seksuele verhouding. Indien 'n egpaar op hierdie wyse kan kommunikeer, kan hulle 'n kritiese vlak van intimiteit in hulle verhouding bereik, wat tot gevolg mag hê dat hulle seksuele verhouding, of die tekortkominge daarvan, se impak op hulle verhouding verlaag word. Daar is verskeie feite rakende seks en seksuele intimiteit waarvan beide mans en vrouens bewus behoort te wees, en hierdie bewustheid word grootliks teweeggebring deur doeltreffende kommunikasie (Litzinger & Gordon, 2005:11).

Die gereeldheid van seksuele omgang neem met verloop van tyd af, veral ná die eerste vier jaar van die huwelik (Baron & Byrne, 2000:341). Gereeldheid van seksuele omgang, tevredenheid aangaande seksuele omgang, en die perseptuele tevredenheid van die huweliksmate hou regstreeks verband met

huwelikstevredenheid (Litzinger & Gordon, 2005:412). Hoe laer die huwelikstevredenheid, hoe groter is die waarskynlikheid van seksuele onaktiwiteit en egskedding (Litzinger & Gordon, 2005:412). Daar is dus 'n sterk verband tussen huweliks- en seksuele tevredenheid. Wanneer egpare beter kommunikeer oor veral hulle seksuele intimiteit neem seksuele tevredenheid dikwels aansienlik toe (Litzinger & Gordon, 2005:412).

Die McMaster-model van gesinsverhoudinge dui ook op die belangrikheid van seksuele bevrediging in goed funksionerende huwelike en gesinne. Volgens Epstein, Ryan, Bishop, Miller en Keitner (2003:585) fokus hierdie model op ses dimensies van gesinsfunksionering: probleemoplossing, kommunikasie, rolle, emosionele reaksie, emosionele betrokkenheid, en gedragsbeheer. Wat betref die dimensie van rolle word onderskei tussen verskeie gesinsfunksies of take, waaronder volwasse seksuele gratifikasie. Beide die man en die vrou behoort seksueel bevredig te word, asook te ervaar dat hulle mekaar seksueel kan bevredig. Dit is belangrik dat daar wedersydse tevredenheid moet wees oor die vlak van seksuele aktiwiteit, al is daar baie min of geen seksuele aktiwiteit is nie (Epstein *et al.*, 2003:591). Goeie kommunikasie- en probleemoplossingsvaardighede is volgens die McMaster-model belangrik vir die huwelik in die algemeen, en daarom ook belangrik vir die seksuele komponent.

Holtzworth-Munroe en Jacobson (1991:103) se gedragsgeoriënteerde benadering tot huweliksdinamiek sluit hierby aan. Daarvolgens handel die mees prominente konflikte tussen die man en die vrou in die gemiddelde huwelik oor die tema van die optimale vlak van intimiteit. Vanuit Holtzworth-Munroe en Jacobson (1991:97) se benadering is dit duidelik dat seksuele vervulling in die huwelik grootliks verband hou met die individu se algehele lewenstevredenheid. Toenemende bevindinge toon aan dat seksuele gratifikasie en die voortdurende groei en ontwikkeling van seksuele interaksie van enorme belang kan wees vir die langtermynsukses van 'n huwelik (Holtzworth-Munroe & Jacobson, 1991:100). Suksesvolle egpare bied die aanslae op hulle verhouding die hoof en behou volgehoue belangstelling in mekaar deur onder andere saam aan aktiwiteite deel te neem, nuwe belangstellings te ontwikkel, hulle seksuele "repertoire" te verbreed, en hulle kommunikasievaardighede te ontwikkel

(Holtzworth-Munroe & Jacobson, 1991:101). Hierdie vaardighede en vermoëns is belangrik vir alle dimensies van die suksesvolle huwelik en is gevolglik ook van toepassing op die seksuele terrein van die huwelik. Dit word daarom beklemtoon dat die man en die vrou die kapasiteit moet hê om aanpasbaar en buigsaam te wees.

Wat betref die onderskeie rolle van die man en die vrou in die huwelik, is die tendens dat die stereotipiese siening van die man as die hoof van die huishouding en die vrou as onderdanig aan haar man al hoe meer aan die kwyn (Chell, 2001:33; Holtzworth-Munroe & Jacobson, 1991:102). Dit is hoofsaaklik vrouens wat hierdie stereotipiese rolle uitdaag en bevraagteken, waar mans weer hoofsaaklik meer tevrede is met tradisionele rolle (Holtzworth-Munroe & Jacobson, 1991:104). Wanneer huwelike bestudeer word, is dit nodig dat die effek van geslagsrolle van die man en die vrou op mekaar en op die huweliksverhouding in ag geneem word.

Vanuit hierdie bespreking kom dit na vore dat, hoewel die man en die vrou geen verpligting teenoor mekaar het ten opsigte van seksuele omgang nie, die afwesigheid daarvan nadelig is vir die huwelik en dat die man en die vrou daarom seksuele intimiteit as hoë prioriteit moeg ag. Die man en die vrou in die gesonde huwelik is lief vir mekaar en hierdie liefde, soos Bergner (2005:427) dit baie akkuraat beskryf, behoort onselfsugtig van aard te wees. 'n Geliefde toon belangstelling in sy of haar beminde as persoon, en nie bloot as 'n besitting nie. Die beminde se behoeftes en begeertes geniet hoë prioriteit by die geliefde, selfs as dit nie noodwendig sy/haar eie belange en behoeftes bevorder nie.

Geen aanduiding kon gevind word binne die veld van Psigologie dat die man as hoof van die vrou aangestel is en dat die vrou aan hom onderdanig behoort te wees nie. Die tradisionele geslagsrolle hou voordele sowel as nadele in vir die individu (Benokraitis, 1999:96). Hierdie rolle kan bewustelik gekies word of kan onbewustelik 'n produk wees van gewoonte, gebruike, of sosialisering. Terwyl sommige individue gemaklik voel binne hierdie tradisionele rolle, is daar definitief baie wat ongelukkig en vasgevang voel daarbinne.

'n Belangrike taak van ouers is om 'n model vir hulle kinders te wees oor hoe

intimiteit en outonomie binne 'n huweliksverhouding uitgeleef kan en behoort te word. Hierdie gedagte vind neerslag in die uitsprake van Hovestadt, Anderson, Piercy en Cochran (1985:287) aangaande die gesin van oorsprong. Volgens Hovestadt *et al.* (1985:288) is die aanpasbare persoon iemand wat outonoom sowel as intiem kan wees en is dit die taak van die gesin om die lede van die gesin te help met die ontwikkeling van beide hierdie ontwikkelingstake.

Deurdadig intimiteit tussen die man en die vrou uitgebeeld word deur middel van algemene fisiese nabyheid, aanraking, en hulle manier van kommunikeer met mekaar, observeer die kinders in die gesin intimiteit in alle fasette van hulle ouers se verhouding. Die gesonde gesin ontwikkel intimiteit deur die aanmoediging van 'n wye reeks gevoelens, die skep van 'n warm huislike atmosfeer, doeltreffende konflikhantering, die kweek van sensitiwiteit by gesinslede, en deur vertrouwe te stel in die inherente goedheid van die mens (Hovestadt *et al.*, 1985:290). Andersyds ontwikkel die gesinslede outonomie deur onder andere die klem op persoonlike verantwoordelikheid, respek vir ander gesinslede en 'n openheid vir ander gesinslede te plaas, asook deur openlike hantering van verlies en skeiding (Hovestadt *et al.*, 1985:290).

Die voorbeeld van intimiteit en outonomie wat die kinders in hulle ouerhuis waarneem, stel hulle in staat om hulself later van tyd effektief en suksesvol in 'n liefdesverhouding te kan handhaaf.

### **3.4.2.3 'n Snit van wat Psigologie bied aangaande die vryheid, prag en besonderheid wat seksuele intimiteit inhou vir die egpaar**

In die soeke na dit wat Psigologie bied aangaande die prag, vryheid en besonderheid van seksuele intimiteit het dit geblyk dat daar betreklik min inligting te vinde is in hierdie verband. Dit kan waarskynlik grotendeels toegeskryf word aan die feit dat seksuele intimiteit en die vryheid en besonderheid daarvan 'n subjektiewe ervaring is, en die Psigologie daarom nie pertinent hieroor standpunt inneem nie. Tog maak Psigologie wel melding van die rol van seksuele intimiteit in die



huweliksverhouding, en van die belangrikheid daarvan dat beide man en vrou op hierdie terrein bevredig en gelukkig moet voel.

Vir psigoloë bestaan daar sekere kernkonsepte wanneer dit by die onderwerp van seks kom (Humphrey, 1983:71), waaronder die volgende:

- Seks is 'n natuurlike funksie. By gesonde eggenote kom manlike en vroulike reaksies voor as 'n gevolg van normale erotiese stimulasie, net so natuurlik as wat swaar asemhaling die gevolg sal wees van intense oefening.
- Seksuele omgang bestaan uit 'n gemeenskaplike aktiwiteit tussen twee persone; daarom kan daar nie iets wees soos 'n onbetrokke seksuele eggenoot wat sy of haar eggenoot kan blameer vir al die egpaar se seksuele probleme nie.
- Ervarings soos eerste seksuele omgang of eerste orgasme hou vir individue spesiale betekenis in.
- Seks is 'n uitruiling tussen eggenote. Eggenote moet plesier gee om dit self te kan geniet.

Bogenoemde toon aan dat seksuele intimiteit sentraal is tot elke huwelik. Geen melding word gemaak van enige beperking op seksuele intimiteit nie; daarom kan afgelei word dat daar vryheid bestaan ten opsigte van seksuele intimiteit.

In 'n suksesvolle huweliksverhouding spits egpare hulle daarop toe om heilsame gedrag teenoor mekaar te openbaar in elke verhoudingsdimensie – waaronder seks en affeksie (Venter, 1996:72). Die egpaar wat só 'n houding inneem, en oor goeie kommunikasievaardighede beskik, se verhouding kan in 'n groot mate verdiep word. Die samehorigheidsgevoel en intimiteit (wat seksuele intimiteit insluit) sal toenemend gevestig word en beide die man en die vrou sal dan toenemend voel dat hulle huweliksmat hulle verstaan en ondersteun (Venter, 1996:72).

Vanuit hierdie bespreking is dit duidelik dat seksuele intimiteit 'n waardevolle en besonderse plek in die huwelik inneem, en dat daar 'n groot mate van vryheid daaromtrent bestaan.

### **3.4.2.4 'n Snit van wat Psigologie bied aangaande die eksklusiwiteit en skoonheid van seksuele intimiteit**

As eksklusiwiteit verstaan word as dat 'n individu hom- of haarself "spaar" of rein hou vir die huweliksgenoot is dit duidelik vanuit die Psigologie dat dit nie die algemene tendens oor die wêreld is nie. Brown en Sinclair (1999:292) het 'n indringende studie gedoen oor die aantal seksuele maats wat die gemiddelde man en vrou onderskeidelik in 'n leeftyd het. Hulle bevinding is dat die getal seksmaats wat vrouens in hulle lewe het gemiddeld 3,79 is, terwyl dié van mans dubbeld en soms vier maal soveel is. In die werk van verskeie Psigologie-outeurs (Grello, Welsh & Harper, 2006:266) word verdere besprekings en syfers weergegee wat aantoon dat dit 'n algemene verskynsel is om verskeie seksuele maats buite die huwelik te hê. Volgens Nicholas (2003:405) verloor die gemiddelde tiener in Suid-Afrika reeds op die ouderdom van 18 sy of haar maagdelikheid. Baumeister *et al.* (2001:250) meld verder, ook sonder enige besware, dat daar gevind is dat 'n groter aantal seksuele maats vir 'n groot persentasie van mans baie belangrik is. Hieruit kan afgelei word dat seksuele intimiteit nie meer algemeen geag word as eksklusief tot die huwelik nie.

Pasgenoemde afleiding het egter gevolge. Allen en Rhoades (2008:61) maak die opmerking dat daar 'n hoë voorkoms van depressie is onder getroude persone wat in 'n buite-egtelike verhouding betrokke is. Dit wil dus voorkom dat eksklusiwiteit ten opsigte van seksuele intimiteit selfs in Psigologie waarde dra. Romantiese liefde impliseer eksklusiwiteit ten opsigte van intimiteit, seksualiteit, verbintenis en bereidheid om enigiets te gee vir die maat (Bergner, 2005:428).

Vanuit die strukturele gesinsterapie kan die belangrikheid en waarde van eksklusiwiteit ook afgelei word. Bevcar en Bevcar (2002:174) beskou die gesin as 'n sisteem. 'n Gesin bestaan hiervolgens uit drie subsisteme, naamlik die eggenoot-subsisteem, die ouer-sisteem en die kinder-subsisteem. Met verwysing na die belangrikheid van grense wat die man en die vrou ten opsigte van hulle verhouding behoort te vestig, noem Bevcar en Bevcar (2002:178) dat daar duidelike grense tussen die subsisteme moet wees. Deur grense daar te stel, beskerm die egpaar

hulle huwelik van buite-invloede. Hierdie invloede van buite sluit uiteraard ook eksklusiwiteit rakende seksuele intimiteit in.

Bogenoemde gedeelte impliseer daarom dat, volgens talle psigoloë, eksklusiwiteit in die huweliksverhouding, waarbinne die man en vrou mekaar akkommodeer, versorg en ondersteun, van groot belang is vir 'n suksesvolle en gelukkige huwelik. Die bevredigende seksuele verhouding vind plaas binne 'n omgewing (soos die huwelik) waar daar talle dimensies en vaardighede moet wees, aangesien die dimensies en vaardighede interafhanklik van mekaar blyk te wees.

### **3.4.2.5 Gevolgtrekkings**

Uit die navorsing oor die standpunte van sommige psigoloë kan afgelei word dat seksuele intimiteit nie beperk is tot die huwelik nie, maar nodig is vir die intieme verhouding selfs buite die huwelik.

Vanuit hierdie bespreking kom dit duidelik na vore dat seksuele intimiteit 'n baie belangrike plek inneem in die huwelik. Hoewel die man en vrou geen afdwingbare verpligtinge teenoor mekaar het ten opsigte van seksuele omgang nie, word seksuele verkenning en intimiteit geag as een van die psigologiese huwelikspligte of -take wat onderhandel behoort te word ter wille van 'n suksesvolle huwelik.

Dus is seksuele tevredenheid van beide man en vrou van kardinale belang vir die sukses van die huwelik. Seksuele tevredenheid en algemene huwelikstevredenheid hou inderdaad verband met mekaar. Goeie kommunikasie lewer 'n belangrike bydrae tot die vestiging en handhawing van seksuele intimiteit, en daarom ook tot algemene huwelikstevredenheid. Die effek wat geslagsrolle in die huwelik het, spesifiek ook in die seksuele deel van die huwelik, behoort altyd in ag geneem te word.

Aangaande vryheid in seksuele intimiteit is geen inligting gevind wat aandui dat daar as sodanig beperkinge geplaas kan word op seksuele intimiteit en wat dit behels nie

Eksklusiwiteit in die huweliksverhouding, meer spesifiek aangaande seksuele intimiteit, waarbinne die man en vrou mekaar akkommodeer, versorg en ondersteun,

is gevind om van groot belang te wees vir die suksesvolle en gelukkige huwelik.

### 3.4.3 Ter opsomming

- Die belangrike rol wat die huwelik en die gesinstruktuur in die samelewing speel, kan nie betwyfel word nie. Nie net hou dis psigologiese voordele in nie, maar dit is ook 'n unieke en baie besondere verhouding tussen twee mense wat mekaar liefhet.
- Hoewel die samelewing al hoe meer klem plaas op die gelykheid van die man en vrou in alle fasette van die lewe, blyk dit uit die voorafgaande bespreking dat daar wel mans en vrouens is wat geneig is om outomaties in hulle tradisionele rolle te verval, ten spyte van veral die vrou se behoefte vir gelykheid.
- Vanuit die naasliggende wetenskappe se standpunte is die mens inherent 'n seksuele wese, en is dit 'n behoefte waaraan aandag geskenk behoort te word. Seks binne die huwelik is nodig, goed en 'n belangrike faktor in huwelikstevredenheid. Die afwesigheid van seks binne die huwelik kan frustrasie, verwydering en uiteindelik vervreemding tussen huweliksmaats tot gevolg hê.
- Die mees voor die hand liggende en doeltreffende manier vir man en vrou om mekaar se behoeftes ten opsigte van seksuele intimiteit te leer ken, is deur middel van effektiewe kommunikasie. Die vryheid en vrymoedigheid om openlik en eerlik met mekaar te kan gesels oor selfs die intiemste en sensitiefste aangeleenthede kan lei tot 'n groot mate van bewusmaking by beide partye. Man en vrou kan mekaar nie seksueel vervul en bevredig as hulle nie bewus is van mekaar se wense en begeertes in dié verband nie.
- Geen beperkinge rakende seksuele intimiteit kon gevind word vanuit naasliggende wetenskappe nie, en daarom kan afgelei word dat daar 'n groot mate van vryheid bestaan rondom seksuele intimiteit.
- Seksuele intimiteit vind plaas binne 'n groter verhoudingskonteks wat talle ander dimensies en vaardighede insluit.

- Aangesien die huwelik 'n intieme liefdesverhouding is, behoort die man en die vrou mekaar se belange, vooruitgang, geluk en tevredenheid as prioriteit te stel en daarom mekaar nie te ontnem van seks of dit te gebruik vir manipulasie nie.
- Eksklusiwiteit, indien dit verstaan word as dat man en vrou hulself rein hou tot die huweliksluiting en ook daarná getrou bly aan mekaar, is nie meer die norm in die samelewing nie. Daar word intendeel allerlei voordele toegedig aan ervaring van seks. Inligting verkry vanuit die naasliggende wetenskappe dui egter daarop dat eksklusiwiteit ten opsigte van seksuele intimiteit in die huwelik steeds waarde dra en van groot belang is vir 'n suksesvolle en gelukkige huwelik.

## **HOOFSTUK 4:**

### **EMPIRIESE STUDIE AANGAANDE SEKSUELE INTIMITEIT IN DIE HUWELIK: PERSEPSIES EN HOUDINGS BY JONG GELOWIGE EGPARE**

#### **4.1 Inleiding**

In die tweede hoofstuk van hierdie studie is aandag geskenk aan die basisteoretiese aspekte aangaande seksuele intimiteit in die huwelik, en in hoofstuk drie aan die metateoretiese aspekte daarvan. Die prakties-teologiese model van Zerfass word in hierdie hoofstuk gebruik ten einde 'n deeglike analise van die situasie van die studie te doen alvorens 'n sinvolle praktykteorie in die hieropvolgende hoofstuk ontwikkel kan word.

#### **4.2 Die empiriese ondersoek**

##### **4.2.1 Doel van die navorsing**

Die doel van hierdie studie is om die persepsies en houdings van jong gelowige egpare aangaande seksuele intimiteit binne die huwelik na te vors, veral betreffende die verhouding waarbinne seksuele intimiteit geniet en uitgeleef word; die man en vrou se plig teenoor mekaar rakende die seksuele; die vryheid wat seksuele intimiteit inhou binne die huwelik; en die eksklusiwiteit van seksuele intimiteit binne die huwelik.

##### **4.2.2 Die navorsingsontwerp**

###### **4.2.2.1 Inleiding**

Die navorsingsontwerp het te make met die wetenskaplike werkswyse waarvolgens die navorsing en ondersoek aangepak word (Heitink, 1999:222). In die sosiale wetenskappe bestaan daar twee hoofbenaderings tot empiriese navorsing, naamlik

kwalitatiewe navorsing en kwantitatiewe navorsing. Die onderskeid tussen hierdie twee benaderings word algemeen gebaseer op 'n induktiewe (kwalitatiewe) teenoor 'n deduktiewe (kwantitatiewe) benadering tot navorsing (Broom, Barnes & Tovey, 2004:126).

Volgens De Wet (2006:66) bestaan daar drie hoofstrominge in die navorsingsmetodes van die sosiale wetenskappe waarby Praktiese Teologie aansluiting vind:

- Die normatief-deduktiewe stroming, waarin die normatiewe openbaringsbron van die Skrif die eerste en die laaste sê in teorievorming het, terwyl kennis geneem word van die resultate van die sosiale wetenskappe as "hulpwetenskappe".
- Die empiries-analitiese stroming wat in die besonder aansluit by die empiriese navorsingsmetode van die sosiale wetenskappe.
- Die hermeneuties-bemiddelde stroming wat grootliks aansluit by die hermeneutiese navorsingsmetode van die sosiale wetenskappe.

Aangesien dit moeilik sou wees om die benadering van Zerfass slegs in één van bogenoemde strominge toe te pas, sou dit wenslik wees om op te let in hoe 'n mate elemente van sowel die empiries-analitiese stroming as die hermeneuties-bemiddelde stroming ter sprake kom. Dit is noodsaaklik om 'n eie beskouing oor die verhouding tussen Praktiese Teologie en die sosiale wetenskappe duidelik te maak, sodat nie een van die twee geïgnoreer word nie.

Van der Ven (aangehaal deur De Wet, 2006:71) doen die volgende moontlike oplossings hiervoor aan die hand: 'n monodissiplinêre benadering waarin die Bybel of die leer van die kerk regstreeks aangewend word vir die praktyk; 'n multidissiplinêre benadering waarin teologie en die sosiale wetenskappe langs mekaar staan; of 'n interdissiplinêre benadering waarin teologie en die sosiale wetenskappe met mekaar in gesprek tree as verteenwoordigers van verskillende invalshoeke op dieselfde sosiale terrein. De Wet (2006:71) is van mening dat die

interdissiplinêre benadering die benadering is wat deur sy verskillende invalshoeke sou verseker dat die een dissipline nie die ander oorheers nie.

#### **4.2.2.2 Kwalitatiewe navorsing**

Die keuse van die empiriese navorsingsmetodologie vir hierdie studie is kwalitatiewe navorsing omrede kwalitatiewe navorsing juis sin wil maak van gevoelens, ervarings, sosiale situasies, of verskynsels soos wat dit in die wêreld voorkom (Terre Blanche, Durrheim & Painter, 2006:287) en effektief aangewend kan word vir die bekoming van kultuurverwante inligting oor die geloofsoortuigings, waardes, menings, gedrag, dryfvere en sosiale kontekste van 'n spesifieke bevolkings- of teikengroep waaroor relatief min teoretiese perspektiewe bestaan (Strydom, soos aangehaal deur Botha, 2009:101).

#### ***Data-insamelingstegnieke in kwalitatiewe navorsing***

Daar word van verskillende tipes data-insamelingstegnieke gebruik gemaak in kwalitatiewe navorsing (Noblit & Hare, 1988:1; Janse van Rensburg, 2007:8):

- Deelnemer-observasie
- Etnografiese data-insamelingstegniek
- Fotografiese data-insamelingstegniek
- Entometodologiese data-insamelingstegniek
- Dramaturgiese onderhoudvoering
- Sonometriese data-insamelingstegniek
- Natuurlike eksperiment-data-insamelingstegniek
- Gevallestudie
- Nie-prominente/nie-ooglopende maatstawwe (“unobtrusive measures”)
- Inhoudsanalise
- Historiografie (argiefmateriaal)
- Persoonlike dokumente (briewe, dagboeke en biografieë)
- Ongestruktureerde gesprekke
- Goed beplande gesprekke met vrae
- Sekondêre ontleding van data.



### **Kenmerke van kwalitatiewe navorsing**

Volgens Janse van Rensburg (2007:7) verskil kwalitatiewe navorsing van kwantitatiewe navorsing deurdat daar 'n verskuiwing is vanaf:

- deduktiewe beredenering na induktiewe beredenering;
- fokus op die "harde" feite na inagneming van die konteks;
- statistiese feite na 'n verstaan van individue se dieper dryfkragte en emosies;
- 'n rasonale fokus na 'n fokus op ervaring;
- die oogmerk om te verduidelik na 'n oogmerk om te verstaan; en
- die objektiewe na die subjektiewe en intersubjektiewe.

Janse van Rensburg (2007:8) verwys na verdere eienskappe van kwalitatiewe navorsing wat dit van kwantitatiewe navorsing onderskei:

- Dit is primêr gebaseer op 'n hermeneutiese epistemologie.
- Dit het 'n persoonlike kwaliteit.
- Dit is 'n kliëntgesentreerde benadering.
- Dit is hoofsaaklik beskrywend en verkennend van aard.
- Hierdie navorsingsmetode werk op 'n baie kleiner skaal.
- In hierdie metode is dit moontlik om die metodologie aan te pas.
- Dit kan deur middel van verkeie metodes gedoen word.
- Die keuse van paradigma sal ongetwyfeld die proses, metodologie, natuur en gevolgtrekkings beïnvloed.

In kwalitatiewe navorsing word daar nie van 'n metingskaal gebruik gemaak as instrument van observasie nie; die navorser self word die instrument van observasie (Terre Blanche, Durrheim & Painter, 2005:51).

### **4.2.3 Deelnemers**

Voordat deelnemers genader is, is aandag geskenk aan die eienskappe van die ideale deelnemer vir die doeleindes van hierdie studie. Terre Blanche *et al.* (2006:293) beskryf die ideale deelnemer as iemand wat persoonlike ervaring het van wat nagevors word; wat oor goeie kommunikasievaardighede beskik om sy of haar

ervaring in detail te kan beskryf; wat openlik en nie-verdedigend is; wat geïnteresseerd is om deel te neem aan die navorsing; en wat glo dat sy of haar deelname werklik waarde mag hê. Deelnemers is vervolgens na aanleiding van bogenoemde gekies. Daar is dus van 'n doelgerigte steekproef gebruik gemaak. Sodoende is individue van die populasie geselekteer wat die navorser met verteenwoordigende inligting van die populasie kon voorsien (vergelyk Uys & Puttergill, 2003:109).

Vanweë die besondere aard en doelstellings van hierdie navorsing is slegs jonggetroude, gelowige, heteroseksuele egpare by die navorsing betrek. Weens praktiese oorwegings is slegs egpare van verskillende kerkdenominasies in Potchefstroom by die navorsing betrek. Sewe egpare het belanggestel in die navorsing, maar uiteindelik het net 11 van die 14 persone deelgeneem: sewe vrouens en vier mans (vergelyk 4.2.4). Die deelnemers was gemiddeld een jaar en vyf maande getroud. Die spanwydte van die tydsduur getroud was tussen een jaar en een maand en twee jaar. Hulle gemiddelde ouderdom was 27 jaar en vyf maande. Die oudste deelnemer was 32 jaar en sewe maande, en die jongste was 25 jaar en twee maande. Al die deelnemers was blank en Afrikaanssprekend, met die uitsondering van een Engelssprekende vrou. Twee egpare was lidmate van die Duet-gemeente, een egpaar was lidmate van die Christian Fellowship-gemeente, en die res was lidmate van die Gereformeerde Kerk.

#### **4.2.4 Data-insameling**

Die data-insamelingsproses bestaan uit verskeie fases, naamlik die voorbereidingsfase, die onderhoudfase en die na-onderhoudfase (Poggenpoel, 2003:146).

Tydens die voorbereidingsfase van die data-insamelingsproses is die predikante van verskillende denominasies in Potchefstroom genader ten einde kontak te bewerkstellig met egpare wat aan die navorsingsproses kon deelneem. Die predikante is ingelig dat navorsing gedoen word oor seksuele intimiteit in die huwelik by gelowige egpare wat minder as twee jaar getroud is. Die navorser het gemeld dat die navorsing onder die supervisie van twee studieleiers gedoen word en eties

verantwoordbaar hanteer sou word. Die predikante het egpare geïdentifiseer en verneem of hulle bereid sou wees om aan hierdie navorsing deel te neem. Die egpare wat belanggestel het se kontakbesonderhede is aan die navorser verstrekk, waarna sy hulle geskakel het.

Die navorsingsproses is aan die egpare verduidelik, naamlik dat deelname aan die navorsing vrywillig was; dat hulle inligting anoniem en vertroulik hanteer sou word; en dat hulle in enige stadium van die proses kon onttrek sonder om redes daarvoor te verstrekk (Poggenpoel, 2003:146).

Voor die onderhoudfase is elke deelnemer van 'n kort vraelys voorsien wat hulle moes invul (Bylaag 1) en aan die navorser moes terugbesorg voor die aanvangs van die onderhoudfase.

Ongeveer 'n week nadat die vraelyste terug ontvang is van die onderskeie deelnemers, is individuele, semigestruktureerde onderhoude met die deelnemers gevoer (die onderhoudfase). Van die sewe egpare wat deelgeneem het aan die navorsing, was daar drie egpare wat die vraelyste ingevul het én met wie onderhoude gevoer is; 'n vierde egpaar het die vraelyste ingevul, maar slegs die vrou was bereid om deel te neem aan die onderhoud; in die geval van die vyfde egpaar was slegs die vrou bereid om die vraelys in te vul en die onderhoud mee te maak; en in die geval van die sesde en sewende paartjie is geen onderhoude gevoer nie, maar het die vrouens wel elkeen 'n vraelys ingevul. Elf van die aanvanklike 14 deelnemers het dus uiteindelik deelgeneem aan die navorsing.

Tydens die onderhoude is die vrae van die kort vraelys wat die deelnemers moes invul as stimulusvrae gebruik. Onduidelikhede op die ingevulde vraelyste is ook tydens die onderhoude opgeklaar. Tydens die onderhoude het die navorser aantekeninge gemaak van belangrike aspekte waarvoor verder navraag gedoen is.

Die onderhoude is met die deelnemers se toestemming opgeneem met 'n digitale klankopnemer. Die doel van die opnames is aan die deelnemers verduidelik, naamlik om die akkuraatheid van die data te verseker met die weergee en verwerking van

die inligting (Poggenpoel, 2003:147). Voor elke onderhoud is die deelnemers weereens verseker van die anonimiteit en die vertroulikheid van hul gesprekke.

Daar is van semigestruktureerde onderhoude gebruik gemaak aangesien dit vanweë die buigsaamheid daarvan die erkenning van temas en idees toelaat, eerder as om slegs op voorafbepaalde vrae en konsepte staat te maak (Anon, 2007:1; Venter & Du Preez, 2008:3; Zorn, 2009:1). Die volgende voorafbepaalde vrae, wat ooreenstem met die vrae in die vraelyste (Bylaag 1), is aan die deelnemers gerig:

- Wat is volgens u belangrike kenmerke/voorvereistes in 'n egpaar se verhouding om seksuele uitlewing en genieting daarvan te verseker?
- Is seks in die huwelik 'n opdrag, en daarom 'n verpligting wat die huweliksmaats teenoor mekaar het?
- Kan die man en/of vrou daarop aanspraak maak en dit afdwing?
- Wat is volgens u die eienskappe van 'n gesonde seksuele verhouding?
- Wat is geoorloof/aanvaarbaar rakende die seksuele in die huwelik?
- Tot watter mate is eksperimentering geoorloof? Waarom?
- Watter besondere bydrae lewer die seksuele komponent van julle huwelik tot julle huweliksverhouding?
- Watter beperkinge plaas jou en jou huweliksmaat se seksuele verhouding op jou kontak met ander persone van die teenoorgestelde geslag, indien enige?

Aandag is geskenk daaraan om sover moontlik algemene onderhoudvoer-foute te vermy. Tipiese foute sou byvoorbeeld wees om te veel, geslote, leidende, en "waarom"-vrae te vra (Terre Blanche *et al.*, 2006:303). Tydens die onderhoude is deurgaans gepoog om deelnemers genoeg ruimte te bied om die "not yet said" te kommunikeer (Anderson, 1997:118).

Na elke onderhoud (die na-onderhoudfase) het die navorser haar indrukke oor die onderhoud neergeskryf, asook haar belewenisse van die sessie. Na afhandeling van

die onderhoude het die navorser al die onderhoude getranskribeer. Die transkribering is gedoen ten einde die ingesamelde data permanent in geskrewe vorm te hê vir noukeurige ontleding (Kowal & O'Connell, 2004:248). Die transkribering van die onderhoude het die navorser meer vertrouwd gemaak met die ingesamelde data.

#### **4.2.5 Data-analise**

Die analise van kwalitatiewe data is ongetwyfeld die mees komplekse van al die fases van die navorsingsproses (Thorne, 2000:68).

Die navorsingsdata is ontleed aan die hand van die voorstelle van Lieblich *et al.* (1998:112), Schmidt (2004:254) en Terre Blanche *et al.* (2006:322), synde:

- 'n Deeglike verkenning van die data is gedoen deur middel van oop kodering wat die herhaaldelike en noukeurige deurlees van die antwoorde op die vraelyste, die getranskribeerde onderhoude en die navorser se notas behels het. Sodoende het die navorser meer vertrouwd geraak met die navorsingdata.
- Na die proses van oop kodering is die data kategoriaal georden (aksiale kodering), en sodoende is die temas vasgestel.
- Na die vasstelling van die temas het die navorser deur die data gelees en toepaslike uitsprake en/of geskrewe dele gekies om die onderskeie temas mee te belig. Tydens hierdie proses is gepoog om die deelnemers ewe veel “aan die woord te stel” tydens die bespreking van die resultate. Die Engelsprekende deelnemer se menings is vertaal na Afrikaans ten einde haar minder identifiseerbaar te maak.
- Die hulpstudieleier het ook die ingesamelde data kodeer, en het verskeie gesprekke met die navorser gehad om te besluit op die finale temas en die aanbieding daarvan.
- Data is geïnterpreteer en gevolgtrekkings is gemaak.

## 4.2.6 Vertrouenswaardigheid van data

Die geldigheid en betroubaarheid van kwalitatiewe navorsing is van kardinale belang. Daarom stel Guba (volgens Shenton, 2004:63-71) vier kriteria voor waaraan kwalitatiewe navorsers aandag behoort te skenk in hulle navorsing:

### **a) Interne geldigheid**

Hier word gelet op hoe kongruent die resultate met die realiteit is. Die navorser het gepoog om interne geldigheid te verseker deur die volgende:

- Goed gevestigde navorsingsmetodes is gebruik.
- Triangulasie, deur gebruikmaking van verskeie data-insamelingsmetodes, naamlik 'n vraelys, die semigestruktureerde onderhoude, die navorser se prosesnotas en die kodering van die data wat ook deur die hulpstudieleier gedoen is (vgl. ook Botes, 2003:181).
- Daar is gepoog om die eerlikheid van die deelnemers te verseker deur elke deelnemer die geleentheid te gee om in enige stadium van die navorsing te onttrek (vrywillige deelname), en deelnemers is by verskeie geleenthede verseker van die anonimiteit en vertroulikheid van die navorsing.
- Die herhaling van die vrae in die vraelys en tydens die semigestruktureerde onderhoud.
- Hoewel die navorser nie ervaring gehad het van die praktiese toepassing van kwalitatiewe navorsing nie, het die hulpstudieleier – 'n ervare navorser op die gebied – haar goed bygestaan tydens die verloop van die navorsingsproses.
- 'n Volledige beskrywing van die verskynsel wat ondersoek is, is verskaf.

**b) Eksterne geldigheid**

Hierdie aspek dui op die mate waarin die resultate of bevindinge van die studie toegepas kan word op ander situasies (Shenton, 2004:69). Die navorser het tydens hierdie studie sover moontlik verseker dat genoegsame kontekstuele inligting oor die veldwerk voorsien is om die leser in staat te stel om dit toe te pas op ander situasies.

**c) Betroubaarheid**

Die betroubaarheid van die navorsing verwys na die vraag of dieselfde resultate verkry sou word indien die betrokke studie herhaal sou word in dieselfde konteks, met dieselfde metodes en met dieselfde deelnemers. Om betroubaarheid van die studie te verhoog, is die studie in fyn besonderhede en breedvoerig rapporteer ten einde 'n toekomstige navorser in staat te stel om die werk te herhaal en 'n goeie begrip te ontwikkel van die metodes wat gebruik is, en van hulle effektiwiteit.

**d) Objektiviteit**

Die konsep van objektiviteit was die kwalitatiewe navorser se vergelykbare kommer oor objektiviteit. Stappe is geneem om te verseker dat die data en resultate dié van die deelnemers sou wees en nie dié van die navorser nie. Die rol van triangulasie word weereens beklemtoon. Die navorser het haar eie voorveronderstellings erken. Tydens die semigestruktureerde onderhoude het die navorser subjektiviteit probeer beperk deur die deelnemers die geleentheid te bied om hulle eie menings te lug en daarop uit te brei. Subjektiviteit is verder beperk deur nie leidende vrae te vra en sodoende die deelnemers in 'n rigting te stuur om te strook met die navorser se voorveronderstellings nie. Sommige van hierdie voorveronderstellings kan moontlik deurskemer in die navorser se reflektiewe aantekeninge.

Gedetailleerde metodologiese beskrywings stel die leser in staat om vas te stel in watter mate die data en dit wat daaruit voortspruit, aanvaar kan word.

## 4.2.7 Etiese aspekte

Tydens die navorsing is gehou by die voorskrifte om etiese navorsing te verseker, naamlik vrywillige deelname, ingeligte toestemming, vertroulikheid en vertrouwe (Hopf, 2004:335; Ryen, 2004: 232). Al die deelnemers is breedvoerig ingelig oor die doelstellings van die navorsing en die navorsingsproses. Verder is elke deelnemer die vryheid gegun om in enige stadium van die navorsingproses te onttrek sonder om redes daarvoor te verskaf (Hopf, 2004:335; Ryen, 2004:231; Terblanche *et al.*, 2006:72).

## 4.3 Resultate en bespreking

Vir die doel van hierdie navorsing is besluit om die temas wat uit die data verkry is, aan te bied in terme van die vier oorkoepelende vrae wat aan deelnemers gerig is tydens die invul van die vraelyste en die onderhoude. Hierdie werkswyse is gevolg sodat die resultate aangebied kon word binne dieselfde raamwerk wat gevolg is tydens die literatuurstudie oor die basis- en metateoretiese perspektiewe van die studie.

Hoewel die meeste deelnemers spontaan en gemaklik voorgekom het tydens die onderhoude, het sommige deelnemers eerlik en baie spesifiek gereageer tydens die onderhoude terwyl ander deelnemers se antwoorde vaag, huiwerig en meer in die algemeen was. Die vaagheid en huiwerigheid het veral voorgekom by die vrae wat gehandel het oor 'n gesonde seksuele verhouding en die mate waartoe eksperimentering in die huwelik geoorloof is. Verder is dit ook duidelik dat by sommige vrae meer eksplisiet na die Bybel verwys is as by ander vrae. 'n Moontlike rede hiervoor sou kon wees dat God se voorskrifte selektief gebruik is in van die antwoorde waar dit die deelnemer(s) gepas het.

Die deelnemers het by onderafdelings twee en drie se vrae baie meer antwoorde verskaf as by vrae een en vier; daarom die breedvoeriger data-aanbieding oor die betrokke dele.

Die onderskeie temas word vervolgens bespreek.



### 4.3.1 Die verhouding waarbinne seksuele intimiteit geniet en uitgeleef mag word

In die beantwoording van deelnemers rakende bogenoemde onderwerp is ses temas geïdentifiseer. Die temas word bespreek in die volgorde van hoe gereeld die tema na vore gekom het by die verskillende deelnemers.

#### Tema 1: Kommunikasie

Kommunikasie blyk die vernaamste van die temas te wees, aangesien dit deur die meerderheid (agt) van die deelnemers genoem is. Binne die tema van kommunikasie is daar twee subtemas, naamlik eerlikheid en komplimentering. Egpares voel dat hulle alle behoeftes, kwellinge en menings, hetsy oor algemene sake of emosionele sake, eerlik met mekaar moet kan bespreek. Onderskeie deelnemers het dit soos volg verwoord: *“Eerlikheid met mekaar is dat as iets nie goed verloop nie of as een van ons ongemaklik voel met die situasie om dan dit te sê, en die vertrouwe dan dat jy weet dat die ander persoon regtig daarna luister en dit ter harte neem.”*; *“Dit is belangrik dat albei partye weet wat hulle houding en die ander persoon se houding aangaande seks is. Mens moet dieselfde voel oor ’n ding, en weet hoe die ander persoon voel.”* en *“Die belangrikste aspek van die huwelik vir die seksuele uitlewing is dat ’n mens eerlik moet kan wees met mekaar en dit gaan daarvoor om al jou verwagtinge en behoeftes aan jou maat te kan bekend maak, en om soveel as moontlik te probeer dat hy ook gemaklik voel om sy behoeftes aan jou bekend te maak, sonder om iets weg te steek.”*

Die feit dat kommunikasieprobleme kan voorkom, en iets is waarsonder huweliksmaats mekaar nie sal verstaan nie, kom na vore in antwoorde soos: *“Dit maak nie saak hoe goed ons mekaar ken nie, ons kan nie mekaar se gedagtes lees nie.”* en *“As ons nie praat oor ons behoeftes nie, krop ons op en ontwikkel daar probleme.”*

Verskeie vrouedeelnemers (vier) ervaar die verbale komplimentering en ’n gebaar van waardering van hulle eggenote as belangrik vir die opbou en instandhouding van die huweliksverhouding. Van hulle stel dit soos volg: *“Julle moet mekaar waardeer,*

*komplimenteer en mooi goed vir mekaar sê.”; “Nie net tydens ‘foreplay’ nie, as jou man vir jou mooi goed gaan sê tydens seks, gaan dit ook vir jou lekker wees om dit te doen.” en “n Mens moet mekaar goed laat voel deur wat jy sê en doen.”*

## **Tema 2: Gemaklikheid**

’n Tema wat na vore gekom het by meer as die helfte van die deelnemers is om met die self sowel as met spesifieke situasies en met jou huweliksmaat gemaklik te wees. Veral onder vroulike deelnemers blyk die tema van om gemaklik te kan wees in die teenwoordigheid van die eggenoot van groot belang te wees. Deelnemers verduidelik dit soos volg: “ *’n Baie belangrike aspek vir die genieting van seksuele verkeer is dat elke party ten volle op sy/haar gemak moet voel by die lewensmaat en dat hulle mekaar sal aanmoedig om te ontspan.*” en “*Gemaklik is maar net gemaklik, om nie te hoef weg te kruip as jy kaal is nie. Jy moet net jouself te kan wees by hom.*”

Die wete dat die egpaar se seksuele intimiteit nie met ander bespreek word nie, is vir een deelnemer ’n belangrike voorvereiste vir hierdie gemaklikheid, naamlik “*...daarom voel ek gemaklik by hom, want ek weet niemand sal ooit daarvan weet nie en ek weet dit sal altyd net ’n privaat grappie wees tussen my en hom. Dit sorg vir die gemak en ook vir die humor, wat wel ook belangrik is vir intimiteit van enige aard.*”

Die subtema van gemaklik wees in die self het na vore gekom in verskeie deelnemers se antwoorde. Hulle stel dit soos volg: “*...(om) ‘confident’ in hulself en in hulle eie vel (te) wees, dit beteken jy moet kan kaal wees sonder om te voel dat jy agter ’n handdoek moet probeer wegkruip die heelyd.*” en “*As mens nie gemaklik voel met wie jy is nie, gaan jy nie gemaklik kan voel met iemand anders nie. Veral nie in die slaapkamer nie.*”

## **Tema 3: Liefde**

Vyf deelnemers het aangedui dat liefde ’n belangrike kenmerk van die verhouding moet wees waarbinne seksuele intimiteit geniet en uitgeleef mag word. Die liefde

word deur verskillende deelnemers verskillend tipeer, naamlik: “*Mens (moet) kan sien dat hulle mekaar liefhet, mekaar liefie-diefie.*”; “*Opwindende liefde (is) moeilik om te behou in huwelik.*” en “*Ek voel dat die belangrikste vir die vrou liefde is, emosioneel en fisies.*”

Die subtema van ’n begeerte na mekaar is ook vermeld deur twee deelnemers as kenmerk van hierdie seksueel intieme verhouding: “*...daardie ‘twinkle’ in ’n getroude man se oë as hy jou kaal sien. Dit sê vir jou dat jy die enigste vrou is in sy oë, die enigste een waarna hy op hierdie manier kyk.*” asook “*...aangetrokke voel teenoor my vrou en sy moet aangetrokke voel oor my om die seksuele aspek vol te verryk.*”

#### **Tema 4: Vertroue**

Vertroue het nie noodwendig dieselfde betekenis vir al die deelnemers gehad nie, en twee subtemas is gevind, naamlik vertroue dat die huweliksmaat nie sal uitpraat oor die intieme verhouding nie (vier deelnemers) en, tweedens, vertroue in die algemeen. ’n Deelnemer het vertroue as sentrale kenmerk van die intieme verhouding uitgesonder: “*Eerlikheid gaan gepaard met vertroue, want sonder dit is daar niks nie. Jy kan nie ’n verhouding hê, veral ’n huweliksverhouding, sonder vertroue en eerlikheid nie. Dit is seker die belangrikste in ’n seksuele verhouding.*”’n Ander deelnemer het gesê: “*As ek nie my man vertrou het nie, sou ek nooit gemaklik gewees het nie. Omdat ek hom vertrou en omdat ek die konfidensialiteit van ons slaapkamer vertroulik hanteer, en respek het daarvoor.*”

Die subtema van algemene vertroue staan vir sommige deelnemers (drie) sentraal in die sukses van hulle huwelik, en dit beteken dat hulle hulle maat moet kan vertrou in alle fasette van hulle huwelik: “*Dit is regtig die heel belangrikste dat alles uit vertroue uitvloei, as jy iemand 100% kan vertrou kan ek nie dink dat daar ’n probleem kan wees nie...*” en “*Die belangrikste ding is om jou maat of jou huweliksmaat te vertrou met jou hele liggaam, en weet dat jy die enigste een is in sy lewe, sy kop, sy bed en alles.*”

## **Tema 5: Respek**

Vier deelnemers was van mening dat respek, veral wedersydse respek, belangrik is vir die intimiteit binne die huwelik. Van hulle het dit soos volg gestel: *“Respek is baie belangrik. Die wete dat jou maat jou respekteer en onvoorwaardelik liefhet, net soos jy is. Dit bring vertrouwe mee dat jou maat die beste vir jou wil hê.”*; *“Dis belangrik dat dit (respek) van beide kante aanwesig is.”*, *“Mens moet weet hoe om jou huweliksmaat te hanteer, en dat jy moet weet waarvan sy hou en waarvan sy nie hou nie. En as sy nie van iets hou nie, dan moet jy dit respekteer.”* en *“Vir die man is die belangrikste respek, hy het nodig om geëerd te voel en verhewe te word bo alle ander, die vrou is die kroon van die man en hy is die koning.”*

## **Tema 6: Opofferings / kompromie**

’n Paar van die deelnemers (drie) het melding gemaak van die belangrikheid daarvan om opofferend te wees in die huwelik en dat huweliksmaat se moeite moet maak vir en met mekaar: *“Mens moet soms toegee aan die ander se behoeftes al voel jy nie lus nie, dit doen soms meer goed vir die ander persoon as kwaad vir jou.”* en *“Dit is belangrik om te gee en die huwelikslewe vir mekaar lekker te maak.”*

### **4.3.2 Die man en vrou se plig teenoor mekaar rakende die seksuele**

Deelnemers se reaksies op die vrae aangaande huweliksmaat se plig teenoor mekaar aangaande die seksuele en of daar aanspraak op die seksuele gemaak kan word en/of afgedwing kan word, het baie oorvleuel, en daarom word dit as geheel bespreek.

Drie temas kom hier na vore, elk met sekere subtemas.

#### **Tema 1: Seks as verpligting of opdrag in die huwelik**

Tien deelnemers het aangedui dat seks ’n huwelikspilig is wat huweliksmaat teenoor mekaar het. Twee het dit soos volg verduidelik: *“Seks is verseker ’n verpligting en ’n opdrag.”* en *“Ja, dit is ons opdrag.”*

Slegs een deelnemer het gevoel dat dit nie 'n verpligting of opdrag binne die huwelik is nie. Die rede wat hy daarvoor gee is: *“Nee, nie 'n opdrag nie. Daar kan nie 'n huwelik sonder seks wees nie. As dit vir my maat 'n verpligting of voorwaarde is om met my seks te hê of as my maat dit sien as 'n verpligting teenoor my sou ek definitief my huwelik sterk onder oë neem – vir my moet dit 'n wil-faktor hê, nie 'n verpligtingsfaktor of opdragfaktor nie.”*

Die verduideliking wat deelnemers gee waarom hulle van mening is dat dit 'n plig en opdrag is, kan in twee verdere subkategorieë verdeel word, naamlik dat dit 'n Bybelse voorskrif is en/of God se wil is, en dat dit voordelig is vir die huwelik.

### **Subtema 1: Die Bybel sê so en/of dit is God se wil**

Van die deelnemers (sewe) het hulle soos volg uitgespreek oor die Bybelse voorskrifte en God se wil aangaande seks in die huwelik: *“In die Woord, in 1 Kor. 7:3, staan dit so dat dit 'n opdrag is en dat as jy getroud is die man en die vrou se liggame aan mekaar behoort en dat mens nie mekaar daarvan mag weerhou nie, behalwe vir kort tye en dan moet mens weer bymekaar kom. Jy kan dit nie van mekaar af weghou nie. Mens is mekaar s'n.”*; *“Hy het die opdrag gegee omdat Hy weet dat dit 'n mooi, heilige, liefdevolle gebaar is tussen man en vrou, in die huwelik. Hy het geweet dat dit die huweliksverhouding sal versterk. Beide persone moet self gewillig en gemaklik wees.”*; *“Want Hy het vir Adam en Eva gesê dat ons die aarde moet bewoon en vermeerder. En mens gaan dit nie kan regkry as daar nie seksuele omgang is nie. In die Bybel, in Hooglied, word daar van hierdie mooi liefde gepraat.”* en *“Die Woord van God sê dat ons liggame aan mekaar behoort, en daarom moet ons mekaar nie ontnem van seksuele plesier nie.”*

### **Subtema 2: Dit hou voordele in vir die huwelik**

Deelnemers (vier) spreek hulle soos volg hieroor uit: *“Dit is iets wat beide partye nodig het en is soos die gom in die huwelik. Elke keer as mens seks het, word jy stywer aan mekaar gegom, en as jy nie seks het nie, raak die gom elke week bietjie meer los. Seks verlig stres en laat mens nader aan mekaar groei.”*; *“Die voordele van seks is dat dit mens nader aan mekaar bring.”* en *“Dit is vir albei se beswil.”* Die

ideaal vir een deelnemer is: *“...dat dit nooit soos ’n plig sal voel nie, maar eerder ’n voorreg om een te wees voor God.”*

## **Tema 2: Afdwingbaarheid of aanspraak wat huweliksmaats het op seks in die huwelik**

Hier was ses van die deelnemers dit eens dat mens mag aanspraak maak daarop, maar hulle het ook meestal ooreengestem dat dit nie afdwingbaar is nie. Hulle verwoord dit soos volg: *“So ek dink nie die afdwingdeel is as sulks nodig nie, maar die aanspraak maak, ja.”*; *“’n Mens wil dit nie afdwing nie, want seks is nie die tipe ding waar mens iemand forseer om seks te hê nie. Maar mens gaan aanspraak daarop maak.”*; *“So jy kan dalk aanspraak maak sonder dat jy dit forseer of afdwing op iemand.”* en *“Ja, ’n man/vrou behoort daarop aanspraak te maak indien hy/sy nie seksuele bevrediging in die huwelik kry nie.”*

Vir ander weer (drie) is enige vorm van dwang onaanvaarbaar. Dit kom na vore in uitsprake soos: *“Hoe kan ek respek hê vir my vrou as ek dit afdwing?”*; *“Nee, onder geen omstandighede nie.”* en *“Ek dink nie dit sal voordelig wees vir ’n verhouding nie en ek kan my nie indink dat enigiemand iets geniet wat nie van albei kante kom nie.”*

## **Tema 3: Eienskappe van ’n gesonde seksuele verhouding**

Deelnemers het breedvoerig op die vraag rakende die eienskappe van ’n gesonde seksuele verhouding geantwoord. Die agt subtemas wat uit die data verkry is, word weergegee in volgorde van hoe gereeld dit geïdentifiseer is as ’n eienskap van ’n gesonde seksuele verhouding.

### **Subtema 1: Behoeftebevrediging**

Die meeste deelnemers (sewe) het genoem dat die bevrediging van seksuele behoeftes sentraal is in die huwelik. Van hulle het dit soos volg verwoord: *“’n Eienskap is dat ’n gesonde seksuele verhouding een is waar albei bevredig word, want ‘obviously’, as een dit nie geniet nie, is dit tog nie suksesvol nie.”*; *“Voldoen gereeld in mekaar se behoefte.”* en *“Om in die ander persoon se behoeftes te*

*voorsien, dit maak nie saak hoe jy daarin voorsien nie. Dit gaan oor daardie bevrediging. Jou opdrag is om dit te doen.”*

Ten einde hierdie behoefte te kan bevredig, blyk dit dat die behoefte eers geken en raakgesien moet word: *“...dat mens mekaar se behoeftes ken en moet in dit voldoen, of bevredig. ’n Man is ’n sportsmotor en ’n vrou ’n stoomtrein. Want ’n man kan dadelik aangesit word en is dadelik reg vir die ding, en ’n vrou is meer soos ’n stoomtrein, ’n vrou moet eers warm gemaak word.”* en *“Maak seker dat albei partye elke keer ’n klimaks bereik, want in daardie geval maak die res van die daad nie meer saak nie. Dis belangrik, want as ek my vrou bevredig, gaan sy nie op ’n ander plek soek daarvoor nie.”*

## **Subtema 2: Seksuele omgang moet gereeld plaasvind en daarom moet daar tyd gemaak word daarvoor**

Die belangrikheid daarvan om tyd te maak vir seks en dit daarom gereeld te beoefen, was ’n tema wat in sewe deelnemers se antwoorde na vore gekom het. Van hulle stel dit soos volg: *“As jy vir lank nie seks het nie en jouself weerhou... jy voel jy het dit nie meer nodig nie. Maar as jy gereeld daaraan blootgestel word, dan is die ‘memory’ daarvan vars, en dan sê jou liggaam vir jou dat dit ’n positiewe effek gehad het op jou, en as dit op ’n gereelde interval is, beteken dit ook baie vir die emosionele verbintenis tussen jou en jou man.”*; *“...’n gesonde seksuele verhouding is dat mens dit regtig gereeld moet hê.”*; *“Mens moet dit verseker gereeld doen. Dit is baie belangrik dat jy jou liggaam verstaan en dat jy verseker jou maat se liggaam goed leer ken, soos die palm van jou hand.”* Een deelnemer het die nodigheid van gereelde seksuele omgang met ’n treffende metafoor beskryf, naamlik *“Dit is soos om ’n atleet te wees: Of jy nou lus is om te gaan oefen of nie, jy gaan oefen, en hoe meer jy gaan oefen, hoe fikser gaan jy word. En ek dink dis nogal dieselfde met seksuele intimiteit, of met intimiteit: Hoe meer gereeld mens seksueel intiem verkeer, hoe ‘seks’-fikser raak jy en hoe meer gaan jy dit wil doen met mekaar.”*

Die rede waarom tyd gemaak moet word vir seks, is volgens sommige deelnemers toe te skryf aan die gejaagde tye waarin ons lewe, tye waarin mens jou prioriteite tussen werk, familie en ander verpligtinge baie goed moet verdeel en beplan: *“Mens*

*moet vir seker tyd inruim en sorg dat jy nie in jou week te besig is nie. Jy het dit nodig, jou man het dit nodig en julle huwelik het dit nodig. En jy moet nooit 'foreplay' laat gaan nie, dis bitter belangrik anders raak dit 'n 'duty' dat jy gou-gou moet seks hê.”; “Mens moet, omdat ons lewens so gejaag is, letterlik vir mekaar tyd maak, of 'n afspraak maak om seks te hê soms. Want dan weet jy wat lê voor vir jou die naweek, mens reël dan nie ander goed vir daardie tyd nie, en mens voel dan nie deur die week skuldig as daar dae sonder seks verbygaan nie.” en “Dit is belangrik dat seks bietjie uitgereg moet wees en nie iets is wat mens aframmel sodat jy kan slaap nie.”*

### **Subtema 3: Kommunikasie en eerlikheid**

Volgens meer as die helfte van die deelnemers (ses) moet beide huweliksmaats eerlik kan kommunikeer oor alles aangaande die verhouding oor die algemeen, maar ook spesifiek oor sensitiewe sake rakende seks en alles wat daarmee gepaardgaan. Die volgende opmerkings vat die algemene gevoel onder hierdie deelnemers saam: *“As ons kan kommunikeer en gemaklik is met mekaar en die vrymoedigheid het om vir my vrou te sê: Ek hou daarvan, doen dit meer, of as sy vir my sê ek hou hiervan doen dit meer, dan gaan dit verseker dat albei bevredig word.”; “Partykeer is dit goed om jou behoeftes te verbaliseer. As jy nie lus is vir seks nie vir 'n lang ruk is dit nie te sê dat jou huweliksmaat dieselfde voel nie, en as hy nie na jou toe kom en vir jou vra nie kan mens dit afskuif en naderhand kan dit ontwikkel in 'n probleem.” en “As jy nou seks met jou vrou wil hê, dan moet jy openlik met haar daaroor kan gesels. Die vrymoedigheid hê.”*

### **Subtema 4: Liefde, begeerte en 'n smagting na mekaar**

Liefde, begeerte en 'n smagting na mekaar is nou verweef binne die huwelik. Liefde is veral vir vyf deelnemers belangrik in die gesonde seksuele verhouding binne die huwelik: *“Seks sonder liefde is verkeerd, om net seks te hê, om seks se onthalwe, is 'n ongesonde ding, 'n fassinatie of met of rondom seks, of die perverse dinge is nie gesond nie, omdat albei partye nie noodwendig instem nie, en die een party doen dit net omdat hulle glo dit verwag word.” en “Solank beide dit wil doen, gemaklik is om te doen wat hulle wil en alles in liefde doen – is dit 'n gesonde seksuele verhouding.”*



In sommige deelnemers se ervaring behels begeerte: *“Om nog die vuur bymekaar wakker te maak, dit laat ’n mens weer voel soos toe jy verlief was”*; *“As ek partykeer na hom kyk, dan is hy net vir my nog verskriklik mooi en wil nou net daar by hom wees, so naby as wat ’n mens kan wees dat dit voel of jy een persoon is. Dit is wat seks in die huwelik is.”* en *“Julle beide weet dat julle deur die ander een eerste gestel word, liefgehê word en begeer word.”*

### **Subtema 5: Onselfsugtigheid en die bereidwilligheid op offerings te maak**

Volgens vyf deelnemers is onselfsugtigheid en die bereidheid om offerings te maak ’n bewonderingswaardige eienskap. Hulle verduidelik dit soos volg: *“Om nie selfsugtig te wees nie en dus te verseker dat albei partye dit geniet.”*; *“Dis nie regverdig dat die man altyd die een is wat dit moet inisieer nie, meeste vrouens het nie ’n seksdrif soos ’n man nie. Man voel dalk half dat hy altyd daarvoor moet vra of pleit, en dit is nie regverdig nie.”* en *“Partykeer moet jy ‘compromise’. Eksperimentering is ook baie belangrik. Wat gaan daaroor dat mens mekaar tegemoet kom.”*

### **Subtema 6: Humor en genieting**

Die sesde subtema, wat deur vier deelnemers genoem is, handel oor die ligter kant van seksuele intimiteit. Van hulle verwoord dit soos volg: *“Dis baie belangrik om nie te ernstig te wees nie, mens moet kan lag oor goed.”*; *“Seks hoef nie altyd ernstig te wees nie, ’n mens kan net ontspan en jou geniet.”* en *“Mens moet dit opwindend maak vir mekaar. ’n Vrou hou van ‘romance’ en om bietjie getroetel te word met kersliggies en so aan.”*

### **Subtema 7: Respek**

Respek was vir drie van die deelnemers ’n belangrike faktor in die bepaling van die gesondheid van ’n egpaar se seksuele verhouding. Twee van hulle sê die volgende: *“Respek gaan daaroor dat jou man nie van jou dinge kan verwag waarmee jy ongemaklik is nie, want dan is dit liefdeloos.”* en *“As my vrou respek het vir my en weet ek is ’n aandmens, sou sy dit respekteer en my wil bevredig op tye wat my pas,*

*en net so, ek weet my vrou is 'n oggendmens, net so sal ek dit respekteer en vir haar gee wat sy wil hê. Mens moet 'compromise' albei kante toe. Dit is 'n 100%/100%-verhouding. Ek moet my alles gee en sy moet haar alles gee."*

### **Subtema 8: Ander eienskappe**

Drie verdere subtemas het na vore gekom, maar is slegs deur een of twee deelnemers genoem.

Tot die navorser se verbasing het slegs twee deelnemers enigsins na God of spiritualiteit verwys wanneer hulle gepraat het oor die eienskappe van die gesonde seksuele huweliksverhouding. Een deelnemer het dit soos volg verduidelik: *"Elke keer is dit 'n heilige daad voor God en mens moet dit in daardie lig sien. Dit sal jou vrywaar van disrespek, as jy vir jouself sê: Dit die eenwording voor God hierdie, dit is nie speletjies nie."*

'n Verdere verrassende aspek vir die navorser is die afwesigheid van die term "intimiteit" in talle van die deelnemers se antwoorde. Dit kan dalk toegeskryf word aan die feit dat die deelnemers as gevolg van die tema van die studie meen dat intimiteit 'n gegewe is in al die antwoorde. Die twee deelnemers wat wel daarna verwys het, het dit soos volg verwoord: *"Ek wil graag hê my man moet eers my lyf bekryk, ek wil die begeerte in sy oë sien, ek wil hê hy moet kan rustig en intiem wees saam met my, voor seks, anders beteken dit vir my niks. Vir my en my man is die intiemste om saam in die bad te sit en wyn drink. Om saam in die kerk te sit, en hande vas te hou, dit is intimiteit."* en *"As ons saam by ons huis tyd spandeer, selfs sonder om te praat, is dit vir my intimiteit, want daar is so groot deel van maats wees daarin opgesluit."*

Een deelnemer voel dat ontdekking in die algemeen iets is wat die seksuele verhouding kan bevorder: *"Dis belangrik om saam nuwe goed te sien en ontdek, bv. om te reis of om saam iets nuuts te leer – dus nie 'boring' goed die heelyd te doen nie bv. elke naweek te braai by jou huis nie, of om by dieselfde restaurant te gaan eet nie. Daar moet 'n lus vir die lewe wees en ook 'n lus om saam met jou 'partner' te*

*wees, wat saamgaan met gesonde liggaam en gees en ook om mooi te wees vir mekaar. Jy moet energie hê en nie bv. net wil lê en TV kyk nie.”*

### **4.3.3 Die vryheid en besonderheid wat seksuele intimiteit inhoud binne die huwelik**

Die verkreë data oor hierdie afdeling word in twee dele aangebied, naamlik die vryheid en grense van seksuele intimiteit in die huwelik en die besondere bydrae wat die seksuele komponent van die egpaar se huwelik tot hulle huweliksverhouding lewer.

#### **4.3.3.1 Die vryheid en grense van seksuele intimiteit in die huwelik**

Die temas word vervolgens bespreek in volgorde van die mate waarin dit voorgekom het in die data.

##### **Tema 1: Alles is geoorloof waarmee beide partye gemaklik is**

Nege deelnemers is van mening dat die vryheid en die beperkinge aangaande seksuele intimiteit en eksperimentering hoofsaaklik bepaal word deur die gemaklikheid wat beide huwelikmaats daarmee het. Volgens hulle moet albei partye gemaklik wees met die gedrag. Van hulle verwoord dit soos volg: *“Alles wat vir my en my man gemaklik is, is aanvaarbaar. Daar is nie regtig perke nie. As dit net jy en jou man is, kan dit regtig nie sondig wees nie.”*; *“Eksperimentering is aanvaarbaar, solank albei partye deurentyd gerespekteer voel en gemaklik voel met die dinge waarmee daar geëksperimenteer word. Dit wat aanvaarbaar is, verskil, dit word deur die paartjie vasgestel.”*; *“Dit wat in die slaapkamer mag gebeur, is byna grensloos, mits albei hou van wat gebeur, nie fisies of emosioneel skade ly nie, en nie verneder voel nie.”* en *“Die goue reël moet wees dat die man en die vrou elkeen moet verbaliseer wat vir hulle aanvaarbaar of nie.”*

## **Tema 2: Eksperimentering**

Sewe deelnemers het eksperimentering in 'n positiewe lig beskou terwyl drie aangedui het dat dit onnodig is. Twee van die genoemde drie het dit so verduidelik: *“Ons eksperimenteer nie vreeslik nie, want dit is nie in my persoonlikheid regtig nie.”* en *“Dit kan goed wees, maar dit is nie altyd nodig nie. Mens het nie sulke goed nodig nie.”*

Dit blyk uit die data dat daar drie subtemas onder eksperimentering met die seksuele na vore gekom het, naamlik die voordele wat dit kan inhou, dat alles binne God se wil aanvaarbaar is, en die verskillende wyses hoe dit kan plaasvind.

### **Subtema 1: Eksperimentering hou voordele in**

Eksperimentering met die seksuele binne die huwelik, is deur sewe deelnemers in 'n positiewe lig beskou. Hulle meen dat dit voordelig kan wees vir die seksuele en huweliksverhouding. Van hulle sê: *“Eksperimentering is geoorloof omdat dit die wyse is waarop 'n man en vrou mekaar se behoeftes leer ken en verstaan sodat hulle altyd aan mekaar se behoeftes kan voldoen. Hierdie behoeftes kan ook verander van tyd tot tyd; daarom is gereelde eksperimentering baie belangrik.”*; *“...met allerhande ‘sex toys’ in die slaapkamer... as dit hulle help, en as dit goed is vir hulle seksuele verhouding en intimiteit.”*; *“Natuurlik sal mens mekaar op ander wyses bevredig wat nie koïtus is nie. Mens moet eksperimenteer met hierdie tipe goed.”* en *“Eksperimentering kan goed wees, jy mag speel.”*

Daar was geen deelnemers wat genoem het dat seksuele eksperimentering in die huwelik ongeoorloof is nie.

### **Subtema 2: Alles binne God se wil, is aanvaarbaar**

Ses deelnemers het verwys na “God se wil” aangaande die vryheid van seksuele eksperimentering in die breë. Weinig deelnemers kon hulle standpunte staaf deur te verwys na spesifieke verse of tekste in die Bybel. Deelnemers sê die volgende in hierdie verband: *“As jy dit kan meet aan die liefdevolle huweliksverhouding wat die Here daar gestel het, is dit geoorloof.”*; *“Dit wat aanvaarbaar is as gehou word by*

*hoe God dit gedoel het om te wees en soos wat die Bybel sê.”; “Eksperimentering is toelaatbaar, solank dit nie buite die Christelike raamwerk beweeg nie. God (het) ons vir mekaar gegee om mekaar ten volle te geniet.” en “Wat ook al die egpaar oor saamstem en solank dit nie ingaan teen die Woord van God nie.”*

Vier deelnemers het in meer besonderhede verduidelik wat God se wil is, naamlik dat seks veronderstel is om in liefde en binne die huwelik plaas te vind. Twee deelnemers het dit soos volg gestel: *“Dit moet in liefde wees, nie in woede nie. Wanneer jy en jou man byvoorbeeld baklei het of as ’n man sy vrou daarmee wil seermaak of verneder, in plaas daarvan dat dit ’n manier is om julle liefde vir mekaar te wys.”* en *“Alles is aanvaarbaar, solank dit in die huwelik gebeur.”*

### **Subtema 3: Wysies van eksperimentering**

Tot die verbasing van die navorser was vier van die deelnemers gewillig, selfs gretig, om oor anale seks en die aanvaarbaarheid daarvan in die huweliksverhouding te praat. Twee deelnemers was van mening dat dit aanvaarbaar is, en twee het gemeen dat dit onaanvaarbaar is.

Voorstanders van anale seks het dit soos volg beskryf: *“Ek glo nie dat anale seks sodomie is nie... dit is ’n sonde vir twee mans om met mekaar seks te hê. Maar ’n man en ’n vrou kan met mekaar seks hê op enige manier. As dit vir ’n man en ’n vrou genotvol is en albei is ‘happy’ daarmee, dan sien ek nie hoe ek iemand kan veroordeel wat dit doen nie.”* en *“Ja (vir anale seks), want alles binne die huwelik is aanvaarbaar.”* Die ander twee deelnemers het hulle standpunt teen anale seks só verduidelik: *“Anale seks is onaanvaarbaar, siende dat dit onnatuurlike omgang is en dat dit nie aanvaarbaar is in die oë van die Here nie. Daar word duidelik daaroor gepraat in Romeine 1. God keur dit nie goed nie. Dit is ’n bespotting van iets wat God geskape het om goed en heilig en mooi te wees.”* en *“[Indien] dit binne die gesonde ‘boundaries’ van die Woord van God geskied dat dit nie anaal van aard wees nie.”*

Heelwat (ses) van die deelnemers het vryelik gesels oor hulle houdings oor seksspeelgoed. Vier deelnemers was van oordeel dat seksspeelgoed aanvaarbaar is in die seksuele eksperimentering van ’n egpaar. Van hulle meld onder andere:

*“Seksspeelgoed is vir my aanvaarbaar, want mens het partykeer behoefte aan bietjie eksperimentering, mens moet bietjie eksperimenteer en ‘kinky’ wees.”; “In verband met ‘sex toys’ is dit aanvaarbaar en wat mens daarmee maak, is aanvaarbaar solank albei persone daarmee gemaklik is.” en “Allerhande ‘sex toys’ in die slaapkamer... as iemand mank loop en hy het regtig ’n kruk nodig om te kan lekker loop, dieselfde kan geld vir hierdie tipe goed.” Twee ander deelnemers wat gestel het dat seksspeelgoed onaanvaarbaar is vir ’n egpaar om te gebruik tydens seksuele intimiteit, verwoord hulle oortuiging soos volg: “Met speelgoed of foto’s dink ek seks word pervers en dit is heilig.” en “Enige ding wat vir ons onnatuurlik is wat jy in jouself indruk is onaanvaarbaar, want dit is onnatuurlik, en God het dit nie daarvoor gemaak nie.”*

Eksperimentering met rolspel, wat sou beteken dat een of albei huweliksmaats soos iemand in ’n spesifiek beroep aantrek (byvoorbeeld ’n lugwaardin of ’n skeepskaptein) en dan binne hierdie rolle mekaar seksueel opwek ten einde die seks meer opwindend te maak, is deur twee deelnemers bespreek. Beide het hierdie tipe eksperimentering as positief beskou: *“Opwindende seksspeletjies (soos rolspel en bordspeletjies) is aanvaarbaar.” en “Sexy onderklere of ‘maybe’ vreemde pakkies aantrek, dis oulik.”*

Verskeie deelnemers (ses) het aangedui dat eksperimentering met verskillende seksposisies geoorloof is: *“Ja, om nie altyd in dieselfde posisie te wees nie, gee mens elke keer ’n ander ‘view’, en dit is opwindend.”; “Eksperimentering met verskillende posisies is aanvaarbaar.” en “Mens kry dalk skaam (tydens sommige van die posisies), maar dit is opwindend en mens kan lekker vir mekaar lag soms.”*

### **Tema 3: Geen derde party is geoorloof nie**

Vyf deelnemers beklemtoon die feit dat ’n derde persoon nie ingesluit mag word in die seksuele intimiteit van die huwelik nie. Voorbeelde van hierdie opmerkings sluit in: *“’n Derde party is nie reg nie, want die huwelik is tussen twee mense, ’n man en ’n vrou, en God as die enigste derde party saam met daardie persone in die huwelik.”; “Daar mag nooit ’n derde persoon betrokke wees nie, nie fisies nie, en ook nie in die gedagtes van een van die huweliksmaats nie.”; “Dit is verder onaanvaarbaar om*

*meer as een seksmaat terselfdertyd te hê, siende dat die eenwording van twee persone op hierdie wyse onteer word.” en “Solank dit binne die gesonde ‘boundaries’ van die Woord van God geskied, menende dat daar nie ander partye betrokke is nie.”*

Geen deelnemers het aangedui dat dit aanvaarbaar is dat ’n derde persoon in die seksuele verhouding van die egpaar toegelaat word nie.

#### **Tema 4: Geen pornografie is geoorloof in die huwelik nie**

Vyf deelnemers het aangedui dat die gebruik van pornografie tydens seksuele intimiteit totaal ontoelaatbaar is. Sommige van die opmerkings hieroor was: *“Pornografie as aanmoediging vir ereksie is onaanvaarbaar, siende dat dit abnormale idees skep en dat dit dieselfde is as om iemand anders in die geslotenheid van die huwelik in te nooi.”; “Pornografie is in elk geval belaglik, dit is glad nie realisties nie. Dit skep abnormale verwagtinge waarby ’n normale persoon nooit gaan bykom nie.”; “Dit is nie wat God dit bedoel het om te wees nie.” en “Daar moet nie enigsins pornografiese materiaal ingebring word om mekaar in die ‘mood’ te kry nie.”*

Ook hier, net soos by die vorige vraag, het geen deelnemers aangedui dat hulle anders voel oor die aspek nie.

#### **Tema 5: Seksuele intimiteit moet geniet word**

Vier deelnemers het gemeld dat seksuele intimiteit, en daarom ook die eksperimentering wat daarmee gepaard gaan, deur beide partye geniet behoort te word. Drie van hulle het dit soos volg verwoord: *“God het verseker bedoel dat ’n man en ’n vrou ’n opwindende sekslewe moet hê.”; “Albei moet hulleself geniet, dit is ontsaglik belangrik, want ons is vir mekaar gegee deur God, ons is letterlik soos ’n legkaart wat bymekaar pas.” en “As mens na Hooglied byvoorbeeld kyk, kan jy duidelik sien dat dit eroties was... Mens kon hoor die mense in die boek was regtig seksueel opgewek en opgewerk.”*

### **4.3.3.2 Die besondere bydrae wat die seksuele komponent van die egpaar se huwelik tot hulle huweliksverhouding lewer**

Deelnemers het breedvoerig geantwoord oor die bydrae van hul seksuele verhouding tot hulle huwelik. Drie temas is hieroor geïdentifiseer.

#### **Tema 1: Die seksuele komponent van ons huwelik bring ons nader aan mekaar**

Byna al die deelnemers (nege) het onmiddellik en sonder huiwering genoem dat die seksuele komponent van hulle huwelik hulle nader aan mekaar bring en laat groei. Die deelnemers het veral by hierdie vraag van mooi metafore en uitdrukkings gebruik gemaak om hulself uit te druk. Dit was duidelik dat die deelnemers baie sterk voel oor hierdie saak. Van die uitsprake was: *“Seks is soos hoendersop vir die huwelik. Dit maak dit gesond, dit laat ’n mens nader aan mekaar groei. Wanneer jy bymekaar kom, is dit net daardie oomblik wanneer jy van alles daarbuite en probleme vergeet en dit laat jou werklik weer bymekaar voel.”*; *“Dit is die gom vir die huwelik. Dit is die plek waar mens ‘recharge’ in jou huwelik. Mens het nodig om fisies met mekaar te verkeer om in ‘touch’ te bly. Dit is die gom wat die man en die vrou bymekaar hou en nader aan mekaar bring, en hou... julle verstaan mekaar beter en julle begryp meer van mekaar”*; *“Dit bring die balans en harmonie terug en dit bring vrede, geluk en rustigheid. Dit is ’n stukkie hemel op aarde en ’n metafisiese konneksie wat ’n kringloop voltooi.”* en *“Die bydrae van die seksuele bring my nader aan my vrou. Ek is dan die naaste wat ek fisies aan haar kan wees.”*

Twee subtemas kon onderskei word binne hierdie tema, naamlik dat die seksuele verhouding liefde en intimiteit kweek en dat dit vertrou tussen die huweliksmaats bevorder.

#### **Subtema 1: Kweek liefde en intimiteit**

Teen die navorsers se verwagting in het slegs drie deelnemers spesifiek aangedui dat hulle seksuele verhouding ’n dieper liefde vir mekaar kweek: *“Dit maak my net soveel lief vir haar daarna, mens voel so naby aan mekaar, dit is die naaste wat mens aan mekaar kom, mens wil mekaar net drukkies gee en soentjies gee. Dis*



*'awesome'. Daar is nie woorde wat dit kan beskryf nie.'; "Dit is lekker, dit laat 'n mens weer bietjie verlief ook voel." en "Seks bind ons saam, bevestig ons liefde. Slegs een deelnemer het spesifiek gemeld dat hulle seksuele intimiteit bevorder word: "Dit bring intimiteit tussen ons en die eenwording van ons vlees bring fisiese eenheid."*

## **Subtema 2: Bevorder vertroue**

Een deelnemer het genoem dat die seksuele komponent van die huwelik vertroue tussen die huweliksmaats bevorder. Hy het dit so verwoord: *"Dit laat my voel dat ek haar vertroue 100% het. Dit is 'n unieke, emosionele verbintenis. Dit is seksueel, maar meer emosioneel. Dit is belangrik en dis 'amazing' en spesiaal."*

## **Tema 2: Die sukses van die seksuele verhouding beïnvloed die sukses van 'n huweliksverhouding in 'n baie groot mate, en omgekeerd**

'n Sterk tema wat na vore gekom het uit die data is dat 'n suksesvolle huweliksverhouding en 'n suksesvolle seksuele verhouding regstreeks met mekaar verband hou en mekaar deurentyd beïnvloed. Agt deelnemers het hulle hieroor uitgespreek, en enkele van die uitsprake was: *"Wanneer 'n paartjie seksuele probleme ondervind in 'n verhouding, maak dit 99% van die verhouding suur."; "n Man en vrou wat seksueel gelukkig is, is minder geneig om te verneuk en is meer geneig om positief te wees in die geselskap van sy/haar seksmaat."; "As jy probleme het met seks, is dit die eerste plek waar 'n huwelik se probleme begin. Dit plaas stremming op die ander fasette van jou huwelik en vice versa."; "Maar as daar 'n goeie sekslewe is, is jy meer op jou gemak by mekaar, die vertroue neem toe die eerlikheid neem toe, die opregtheid van die verhouding neem toe, die sekuriteit van julle verhouding neem toe." en "Dit is onlosmaakbaar verbind aan mekaar. Paartjies kan nie 'n goeie huweliksverhouding hê sonder 'n goeie seksuele verhouding nie."*

Hierdie sterk bewustheid en oortuiging van die verband tussen die sukses van die huweliksverhouding en die sukses van die seksuele verhouding bring mee dat die deelnemers poog om beide te handhaaf en te bevorder.

### **Tema 3: Goed vir mens se gemoed**

Drie deelnemers het gemeld dat 'n goeie seksuele lewe 'n invloed kan uitoefen op die huweliksmaats se gemoed, selfbeeld en stresvlakke. Hulle stel dit soos volg: *“Dit laat my as vrou goed voel, begeerlik en mooi vir my man, wat weer goed is vir my selfbeeld en dalk 'n invloed kan hê oor hoe ek vir myself en my liggaam sorg.”*; *“Dit is nogal vir hom belangrik dat ek mooi lyk en so. Dit is vir my ook belangrik as ek sien jy... jy weet jy sien sommer in sy oë hy KYK nou vir jou en jy is vir hom mooi en dit is net kosbaar. Dit is baie lekker om so te voel.”* en *“...dit is ook 'n goeie uitlaat vir stres.”*

Die egpaar se intieme tye hou dus ook fisiese voordele vir die egpaar in en kan die huweliksmaats oor die algemeen laat beter voel oor hulleself.

#### **4.3.4 Die eksklusiwiteit van seksuele intimiteit**

Uit die resultate blyk dit dat die huwelik sekere beperkinge plaas op die egpaar se verhoudings met ander mense. Drie temas is in hierdie verband geïdentifiseer.

#### **Tema 1: Individuele vriendskappe met ander mense is nie nodig nie**

Vyf deelnemers is van mening dat indien die egpaar se verhouding van só 'n aard is dat hulle mekaar se behoeftes in alle opsigte vervul – ook dié van vriendskap – is die aanknoop van individuele vriendskappe onnodig. Van hulle opmerkings was: *“Wat soek jy nog by iemand van die teenoorgestelde geslag as jy 'n man het. Dieselfde andersom; my man bel my, hy praat met my. Die naaste wat hy aan vriendinne kom, is vrouens by die werk, en dit is platonies, want hy het ook nie 'n behoefte om dieper dinge met ander vrouens te bespreek nie, want sy vrou bevredig dit alles.”*; *“...want dit (is) die grootste voorreg om net mekaar nodig te hê. Ek noem my mansvriende nog steeds my mansvriende, maar die vriendskap se dinamiek het heeltemal verander... my man vul nou al hierdie behoeftes.”* en *“Ek hou nie van met ander vrouens kuier of in hulle geselskap te wees nie, ek het myself oorgegee aan my vrou en sy is vir my genoeg.”*

Drie deelnemers het aangedui dat daar 'n tipe verwydering of mate van afsondering plaasvind as gevolg van die eksklusiwiteit van die egpaar se huwelik en seksuele verhouding. Van hulle stel: *“Dit maak ons meer afgesonderd teenoor ander mense, omdat ons nie hulle binne ons ‘space’ laat inkom nie omdat hulle nie seksuele intimiteit met ons deel nie.”* en *“Dit het te doen met die feit dat ons getroud is en mekaar se man en vrou is en dat ons huwelik as geheel heilig is.”*

## **Tema 2: Vertroue in mekaar maak beperking as sodanig onnodig**

Drie deelnemers voel dat die mate van vertroue wat die man en die vrou in mekaar stel spesifieke beperkinge onnodig maak. Twee stel: *“Ek vertrou haar ten volle dat sy die regte besluite sal neem. Ek weet dat sy nie in versoekings gelei sal word nie.”* en *“Jy moet jou maat genoeg kan vertrou dat dit vir jou ‘oraait’ is as jou man met iemand gaan koffie drink wat jy miskien nie so goed ken nie.”*

Drie deelnemers is van mening dat hulle vriendskappe met lede van die teenoorgestelde geslag nie regtig beïnvloed word deur hulle huweliksverhouding nie. Twee deelnemers verwoord hulle persepsies soos volg: *“Ons verhouding beïnvloed nie my interaksie met mans nie.”* en *“Ek dink nie sy sal omgee as ek saam met ander vroumense gaan koffie drink of waar ook al met werksfunkties saam met hulle gaan nie.”*

## **Tema 3: Vriendskappe is binne sekere perke steeds toelaatbaar**

Vier deelnemers meen dat alle behoeftes van huweliksmaats nie noodwendig in die huwelik bevredig word nie, en dat vriendskappe daarom wel moontlik is. Van hulle verduidelik hul sienings soos volg: *“In die sin van die seksuele is daar beslis dinge soos eksklusiwiteit, maar in die algemene verhouding met mense van die teenoorgestelde geslag het ek nie 'n probleem nie.”* en *“Ek kan ander mans drukkies gee, met hulle gesels en saam met hulle gaan middagete eet, en my man gee glad nie om nie. Daar is baie dinge wat ons met ander mense deel en saam met ander mense doen.”*

Vriendskappe is dus vir sommige egpare steeds in orde, maar soos die volgende subtemas aandui, is daar hieroor spesifieke menings.

### **Subtema 1: Beperk vriendskappe tot gesamentlike vriende**

Om vriende te hê, is vir twee deelnemers aanvaarbaar, maar dan moet dit liefste beperk word tot mense wat met beide huweliksmaats bevriend is: *“Jy gaan drink nie alleen koffie saam met iemand nie, behalwe as dit ’n baie goeie vriend is – verkieslik ’n gemeenskaplike vriend, of iemand met wie jy REGTIG vriende is, wat vir die ander party aanvaarbaar sal wees.”* en *“Jy vertrou dalk jou maat, maar die ander persoon, die ‘vriend’ of ‘vriendin’, het dalk ander intensies. Daarom is dit net veiliger om meestal gesamentlike kontak met mense van die teenoorgestelde geslag te hê.”*

Hierdie is egter nie die enigste beperking op vriendskap wat deur deelnemers uitgewys is nie. ’n Verdere beperking op vriendskappe met lede van die teenoorgestelde geslag word in die volgende subtema bespreek.

### **Subtema 2: Beperk gesprekke wat met ander gevoer word**

Vir sommige deelnemers (vier) was dit ook belangrik dat gesprekke wat met ander persone gevoer word, binne sekere perke moet wees. Uitsprake van twee deelnemers in hierdie verband was: *“Ons seksuele verhouding is bietjie soos ’n geheim wat ons twee deel, waarvan niemand anders weet nie. Net ek en hy en die Here weet daarvan, dit is waar die eksklusiwiteit inkom. So ons bespreek dit nooit met iemand anders nie.”* en *“Ongeag of dit regtig goed gaan met ons seksuele verhouding of dalk nie so goed gaan nie, niemand weet daarvan nie. Want as mens weet dat dit wat hier in ons slaapkamer gebeur buite oor gepraat gaan word, dan gaan mens nie bereid wees om te eksperimenteer nie, jy gaan nie bereid wees om goeters en erotiese goed te doen nie, want dit gaan op ’n manier uitkom en jou skaam maak dalk.”*

### **Subtema 3: Flankering en vleierende woorde**

Flankering en vleitaal, wanneer dit onskuldig bedoel is, is vir twee deelnemers aanvaarbaar: *“Vlei is een ding, maar om te verlei is ’n ander ding. (Dit hang af van) wat jou bedoeling agter dit is.”* en *“Dit is waar mens die lyn kan trek, jy kan met die persoon gesels en ‘maybe’ bietjie flirt of so, maar niks te persoonliks wat jy nie voor*

*jou vrou ook sal sê of doen nie. Dis net om te vlei, dis al.” Vir ’n ander deelnemer is enige vorm van flankering totaal buite die kwessie: “...geen vorm van suggestiewe taal nie, want al is dit nog semi-onskuldig, is dit waar die probleem begin, dit is die saadjie wat geplant word, en dan groei tot ’n groot probleem. Die ‘bottom line’ is, jy moet nie vir ’n ander vrou goed sê wat jy nie voor jou vrou vir haar sal sê nie, dit sal dus bitter min oorlos vir hom om vir haar [die ander vrou] te sal kan sê.”*

#### **Subtema 4: Beperking word bepaal deur intuïsie / sesde sintuig**

Laastens word die beperking op die egpaar se vriendskappe met ander persone vir twee deelnemers bepaal deur hulle instink, of sesde sintuig. Een deelnemer het dit soos volg verwoord: *“Ons is nie jaloers nie, mens weet mos waar is die limiet. Jy kan agterkom wanneer dit vreemd raak, en jy bly maar dan weg. Mens moet nie aanleiding gee, soos heelyd grappietjies maak nie. Dis hoe ek weet wanneer iets verkeerd is of naby is... as ek daardie ‘gut feeling’ kry wat mens ongemaklik maak.”*

Vanuit hierdie temas blyk dit dat die seksuele komponent van die egpaar se huwelik wel beperkinge op die huweliksmaats se kontak met persone van die teenoorgestelde geslag plaas, maar dat hierdie beperkinge van egpaar tot egpaar verskil.

#### **4.3.5 Samevatting van resultate**

Vervolgens enkele hoofbevindinge ter samevatting van die resultate van die empiriese navorsing:

– ***Die verhouding waarbinne seksuele intimiteit geniet en uitgeleef mag word***

Die deelnemers het aangedui dat kommunikasie, gemaklikheid met mekaar en die self, en liefde die vernaamste elemente van die verhouding is waarbinne seksuele intimiteit geniet mag word. Volgens hulle is vertrou, respek en die bereidwilligheid om opofferings te maak ook belangrik.

– ***Die man en vrou se plig teenoor mekaar rakende die seksuele***

Die meerderheid van die deelnemers was oortuig dat seks in die huwelik 'n verpligting of opdrag is, maar dat dit nie afgedwing behoort te word nie. Hulle redes was dat dit die wil van God is vir die huwelik en dat dit voordelig is vir die huwelik.

Vir 'n seksuele verhouding om as gesond geag te word, meen deelnemers dat behoeftebevrediging en gereelde seksuele omgang die twee uitstaande eienskappe is. Ander belangrike aspekte wat volgens hulle ook nodig is, is kommunikasie en eerlikheid, liefde en 'n begeerte na mekaar, onselfsugtigheid en die bereidwilligheid om opofferings te maak, en humor en wedersydse respek.

– ***Die vryheid en besonderheid van seksuele intimiteit***

Daar bestaan vir deelnemers 'n groot mate van vryheid aangaande seks en seksuele eksperimentering in die huwelik. Hulle houding hierteenoor is dat alles geoorloof is solank albei partye gemaklik is daarmee, dit binne God se wil is, en dit geniet word. Deelnemers is egter gekant teen die insluiting van 'n derde party in die huwelik en die gebruik van pornografie vir seksuele opwekking.

Volgens die deelnemers lewer hulle seksuele verhouding 'n besondere bydrae in hulle huwelik deurdat dit hulle nader aan mekaar bring. Hulle is ook oortuig daarvan dat 'n suksesvolle seksuele verhouding lei tot 'n suksesvolle huweliksverhouding, en omgekeerd.

– ***Die eksklusiwiteit van seksuele intimiteit***

Die eksklusiwiteit van seksuele intimiteit beteken vir baie egpare dat dit hulle van ander mense afsonder omdat hulle huweliksmaats in al hulle behoeftes voorsien – selfs dié van vriendskap. Dus is individuele vriendskappe met ander mense onnodig. Ander deelnemers het egter aangedui dat hulle vertrouwe in mekaar spesifieke beperkinge onnodig maak en dat vriendskappe met ander persone van die teenoorgestelde geslag wel toelaatbaar is, mits dit binne sekere grense geskied.

## **4.4 Integrasie van verkreë data met die basis- en meta-teoretiese perspektiewe**

### **4.4.1 Die verhouding waarbinne seksuele intimiteit geniet en uitgeleef mag word**

Wanneer bogenoemde persepsies en houdings van die deelnemers oor die verhouding waarbinne seksuele intimiteit geniet en uitgeleef mag word, vergelyk word met die gevolgtrekkings vanuit die basisteoretiese (2.5.1) en die metateoretiese (3.4.1.1 & 3.4.2.1) perspektiewe, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Die deelnemers se persepsies en houdings oor seksuele intimiteit verskil van daardie metateoretiese standpunte wat aandui dat dit al hoe meer aanvaarbaar word vir die samelewing dat paartjies buite die huwelik saamwoon en kinders het. Die deelnemers het geen aanduiding gegee of hulle voorhuwelikse seks as aanvaarbaar of as onaanvaarbaar beskou nie, aangesien geen vraag spesifiek daarvoor gevra is nie.
- Die deelnemers se uitsprake dat die verhouding waarbinne seksuele intimiteit geniet en uitgeleef mag word aan sekere vereistes moet voldoen, stem ten dele ooreen met die basis- en die metateoretiese perspektiewe, hoewel dit anders verwoord is. Die basisteoretiese perspektiewe maak melding van intimiteit in 'n huwelik waar die man en die vrou mekaar dien en liefhet, terwyl die metateoretiese modelle aandui dat seksuele intimiteit moet plaasvind binne 'n konteks van veiligheid, intimiteit, nabyheid en emosionele versorging. Daar is ook aangedui dat verskeie ander vaardighede en dimensies teenwoordig moet wees – soos sosiale, intellektuele, rekreatiewe en religieuse/spirituele intimiteit. Die deelnemers het verwys na kommunikasie, gemaklikheid, liefde, vertrou, respek en die bereidwilligheid om opofferings te maak.

#### **4.4.2 Die man en vrou se plig teenoor mekaar rakende die seksuele en die eienskappe van 'n gesonde seksuele verhouding**

Wanneer bogenoemde persepsies en houdings van die deelnemers oor die man en vrou se plig teenoor mekaar en die eienskappe van die gesonde seksuele verhouding vergelyk word met die gevolgtrekkings vanuit die basisteoretiese (2.5.2) en die metateoretiese (3.4.1.2 & 3.4.2.2) perspektiewe, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Die deelnemers se uitsprake dat die huweliksmaats 'n plig het teenoor mekaar aangesien dit God se wil is en dit voordelig is vir die huwelik, maar dat seks nie afgedwing kan word nie, stem ooreen met die basisteoretiese perspektiewe. In die metateoretiese perspektiewe word geen spesifieke uitsprake oor hierdie aspek gemaak nie.
- Deelnemers se uitsprake oor die aspekte wat van belang is vir 'n gesonde seksuele verhouding stem ooreen met die metateoretiese studie se bevindinge, onder andere wat die volgende aanbetref:
  - Dat daar 'n sterk verband bestaan tussen 'n gesonde seksuele verhouding en huwelikstevredenheid.
  - Dat die bevrediging van seksuele behoeftes van uiterste belang is, en dat dit gereeld moet plaasvind.
  - Dat kommunikasie en eerlikheid aangaande die seksuele nodig is vir 'n gesonde seksuele verhouding.
  - Dat suksesvolle egpare aanpasbaar en onselfsugtig is, en bereid is om opofferings te maak.



#### **4.4.3 Die vryheid en besonderheid wat seksuele intimiteit inhou binne die huwelik**

Wanneer bogenoemde persepsies en houdings van die deelnemers oor die vryheid en besonderheid wat seksuele intimiteit binne die huwelik inhou, vergelyk word met die gevolgtrekkings vanuit die basisteoretiese (2.5.3) en die metateoretiese (3.4.1.3 & 3.4.2.3) perspektiewe, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Die deelnemers se uitsprake dat alles geoorloof is waarmee beide partye gemaklik is en wat binne God se wil is, stem grootliks ooreen met die bevindinge van die basisteoretiese perspektiewe. Die gevolgtrekkings waartoe gekom is vanuit die basisteorie is dat daar binne die huwelik byna onbeperkte vryheid bestaan aangaande seksuele intimiteit. Die metateoretiese perspektiewe het geen uitsprake gehad teen bogenoemde vryheid nie.
- Die klem wat al die deelnemers plaas op die belangrikheid daarvan dat die grense van seksuele intimiteit behels dat geen derde party toegelaat mag word in die huwelik nie, en dat pornografie derhalwe ook nie geoorloof is nie, strook met die basisteoretiese studie se perspektief dat seksuele intimiteit bedoel is vir één man en één vrou, en dit binne die grense van die huwelik.
- Deelnemers se uitsprake dat seksuele intimiteit geniet mag word, stem ooreen met die basisteoretiese perspektiewe wat aandui dat die aantrekkingskrag en emosionele liefde tussen man en vrou in die huwelik opgewondenheid en erotiese opwekking tot gevolg mag hê. Die metateoretiese perspektief, vanuit die Psigologie, beklemtoon ook die belangrikheid van genieting van die seksuele.
- Deelnemers se uitsprake dat beide die man en die vrou inisiatief kan neem met seksuele intimiteit stem ooreen met die basisteoretiese perspektief waar aangedui is dat dit geoorloof is vir beide man en vrou om inisiatief te neem en die ander uit te nooi. Die feit dat die metateoretiese bevindinge nie beperkinge

plaas op seksuele intimiteit nie, beteken dat teoretici heel waarskynlik ook sou saamstem met deelnemers se hulle siening daaroor.

- Die deelnemers se positiewe uitsprake oor eksperimentering en hul mening dat dit voordele vir die huwelik kan inhou, strook met die basisteoretiese beginsel dat die man en die vrou mekaar se liefkosings en liefde kan geniet, en dat daar geen skaamte behoort te wees nie. Hoewel daar nie by die metateoretiese perspektiewe spesifieke uitsprake is oor eksperimentering nie, sou 'n mens na aanleiding van Humphrey (1983:71) se uitsprake oor die belang en besonderheid van die seksuele verhouding kon aflei dat eksperimentering belangrik sal wees vir die teoretikus.
- Die deelnemers se siening dat die seksuele komponent van hulle huwelik 'n besondere bydrae tot hul huweliksverhouding lewer, stem ooreen met die basis- en metateoretiese perspektiewe. Die deelnemers maak melding daarvan dat dit hulle as egpare nader aan mekaar bring deurdat dit liefde en intimiteit kweek, vertrouwe bevorder en goed is vir die gemoed. Die basisteoretiese studie toon aan dat man en vrou God eer as hulle mekaar liefhet en die prag, vryheid en besonderheid wat seksuele intimiteit binne die huwelik inhou, geniet. Die metateorie stel dat seksuele intimiteit sentraal is tot elke huweliksverhouding en dat dit 'n bron van byna oneindige geluk en vervulling kan wees.

#### **4.4.4 Die eksklusiwiteit van seksuele intimiteit**

Wanneer bogenoemde persepsies en houdings van die deelnemers oor die eksklusiwiteit van seksuele intimiteit vergelyk word met die gevolgtrekkings vanuit die basisteoretiese (2.5.4) en die metateoretiese (3.4.1.4 & 3.4.2.4) perspektiewe, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Die uitsprake van verskeie deelnemers dat individuele vriendskappe onnodig is omdat hulle totale tevredenheid en algehele bevrediging in alle opsigte by mekaar vind, kan in 'n mate in verband gebring word met die beginsel soos verkry vanuit die basisteoretiese studie. Die basisteoretiese perspektiewe stel

dat daar binne die grense van die huwelik sekuriteit en bevrediging is, dat die man en vrou “bedwelmd” behoort te wees deur mekaar se liefde, en dat beide man en vrou aangemoedig moet word om hulle lewe lank bevrediging, sprankelende plesier, vreugde en kameraadskap by mekaar te vind.

- Hoewel verskeie deelnemers aangedui het dat vriendskappe met persone van die teenoorgestelde geslag toelaatbaar is, het hulle duidelike grense daarvoor aangedui. Die uitsprake strook met die basisteoretiese perspektiewe wat aandui dat seksuele intimiteit uitsluitlik bedoel is vir die huweliksmaats. Sommige metateoretiese modelle het ook aangetoon dat daar grense moet wees rondom die huweliksmaats se verhouding, en dat die meeste mense 'n huweliksverhouding ingaan met die verwagting dat seksuele intimiteit vir beide die man en die vrou eksklusief sal wees tot hulle huwelik, en met die oortuiging dat getrouheid 'n belangrike voorvereiste vir 'n “goeie” huwelik is.

## **HOOFSTUK 5**

### **PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE VIR DIE BEGINSELS VIR PASTORALE HUWELIKSBERADING TEN OPSIGTE VAN SEKSUELE INTIMITEIT.**

#### **5.1 Inleiding**

Met die aanvang van hierdie studie (hoofstuk 1) is die sentrale teoretiese argument geformuleer as dat die daarstel van pastorale riglyne rakende die inrigting van seksuele intimiteit in die beginfase van die Christelike huwelik kan bydra tot 'n dieper en intiemer huweliksverhouding.

In die hoofstukke wat op bogenoemde hoofstuk gevolg het, was die fokus in hoofstuk 2 daarop om basisteoretiese inligting uit die Bybel te verkry aangaande seksuele intimiteit, in hoofstuk 3 om metateoretiese aspekte vanuit naasliggende wetenskappe te ontgin, en in hoofstuk 4 om gebruik te maak van empiriese navorsing om die houdings en oortuiginge van gelowige egpare aangaande seksuele intimiteit na te vors.

In die praktykteorie van die hermeneutiese model van Zerfass (2.1.1 van hierdie studie) kom die wisselwerking tussen teologiese tradisie en die konkrete, geanaliseerde situasie ter sprake. Hierdie wisselwerking word dikwels gekenmerk deur spanning tussen hoe die konkrete situasie veronderstel is om te lyk en hoe dit in die werklikheid lyk.

Daarom sal daar op hierdie punt in die metodologie van hoofstuk 5 van praktykteorie gebruik gemaak word om deur die hermeneutiese wisselwerking tussen die gegewens verkry vanuit die basisteorie, metateorie en die empiriese navorsing, tot 'n kritiese sintese te kom. Spesifieke praktykteoretiese riglyne sal dan geformuleer kan word deur die wisselwerking binne die konteks van gelowige, pasgetroude egpare na te gaan.

## 5.2 Doelstelling

Soos reeds vermeld, is die doelstelling van hierdie hoofstuk dat praktykteorie gebruik word om deur die hermeneutiese wisselwerking tussen die gegewens uit die basisteorie, die metateoretiese perspektiewe en die data vanuit die empiriese navorsing verkry, tot 'n kritiese sintese te kom. Hierdie sintese van die gegewens sal dan gebruik word om pastorale riglyne van die huwelik ten opsigte van seksuele intimiteit in die begin van die huwelik, daar te stel.

Alvorens riglyne aan jonggetroude egpare gegee kan word, moet eers ondersoek eers ingestel word na wat pastorale berading behels. 'n Goeie begrip van die doel van pastorale berading is nodig om te verseker dat hierdie studie aansluit by die oorkoepelende doel van pastorale berading. Wanneer verder gelet word op die eienskappe van die pastorale verhouding en verskeie beradingsmodelle word 'n duidelike geheelbeeld verkry oor die verskeie benaderings en metodes van berading. Eers na afloop van noukeurige bestudering van die bogenoemde aspekte kan die navorser deeglike en toepaslike riglyne formuleer vir die berading van jonggetroude egpare aangaande seksuele intimiteit.

Ten einde hierdie doelwit te bereik, word die volgende fasette vervolgens ondersoek:

- Wat is pastorale berading?
- Die doel van pastorale berading.
- Die pastorale verhouding.
- Bybelse beradingsmodelle.
- Die pastorale beradingsproses.
- Riglyne vir pastorale berading.
- Voorgestelde praktykteoretiese riglyne aan jong, gelowige egpare aangaande seksuele intimiteit.

### 5.3 Wat is pastorale berading?

Benner (2002:32) se definisie van pastorale berading is dat dit die vestiging van 'n tydsbeperkte verhouding behels wat gestruktureer is om troos vir bekommerde of rustelose individue te bied deur by hulle 'n dieper bewustheid van God se genade en betroubaarheid te kweek en sodoende hulle vermoë te ontwikkel om hulle lewens in meer volheid te leef in die lig van hierdie gewaarwordinge.

Pastorale berading kan ook gedefinieer word as dat die waarheid in liefde tussen berader en beradene gekommunikeer word (Abbo, 2009:8).

Collins (2005:4) stel dit weer dat pastorale berading te make het met hulp aan enkelinge, gesinne en groepe mense wat druk en krisis in die lewe moet hanteer. Ten einde mense te help om hulle probleme te oorkom, maak pastorale berading gebruik van 'n wye verskeidenheid genesingsmetodes wat in ooreenstemming is met Bybelse leringe. Reeds in die Nuwe Testament is berading beskou as 'n normale funksie van die kerk (MacArthur, 1994:3), en selfs as opdrag gegee: *“Julle moet mekaar elke dag aanspoor”* (Heb. 3:13), *“troos mekaar”* (1 Tess. 4:18), *“Praat mekaar moed in en versterk mekaar”* (1 Tess. 5:11), en *“Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar”* (Jak. 5:16).

Die pastorale berader moet te alle tye bewus wees van die volgende veronderstellings, en moet dit in die beradingsproses implementeer:

- God het alle mense geskep, en is daarom besorg oor hulle.
- Die sonde het elke mens besmet, maar Jesus Christus het verlossing en versoening gebring.
- Deur die werking van die Heilige Gees as bemiddelaar is dit moontlik vir die mens om te verander. Die Heilige Gees verleen hierdie bystand (Maddox, 1994:116).

Vanuit die onderskeie sienings hierbo is 'n duideliker prentjie verkry oor wat pastorale berading behels. Samevattend vir die doeleindes van hierdie studie word pastorale

berading gesien as die eenvoudige voorsiening van lewensveranderende riglyne wat vertel wie God is, wie die mens vir God is, en hoe die mens Hom moet dien.

## **5.4 Doel van pastorale berading**

Sonder die daarstel van spesifieke doelwitte sal berading doelloos en ondoeltreffend wees. Daarom word vervolgens verskeie standpunte aangaande die doel van pastorale berading bestudeer.

Pastorale berading staan in diens van God en het ten doel om onder die leiding van die Heilige Gees en deur middel van gesprek die lig van die Woord van God op die lewe van mense te laat val. Pastorale berading wil mense toerus vir roepingsvervulling en diensbaarheid in die koninkryk van God. Verder wil dit alle struikelblokke uit die weg ruim wat in die pad van 'n vol lewe in God se diens staan (De Wet, 2009:19).

Vir Benner (2002:27) is die hoofdoel van pastorale berading geestelik groei. Geestelike groei behels dat mense gehelp word om hulle probleme en lewens te verstaan in die lig van hulle verhouding met God en dan meer volkome te lewe in hierdie verhouding.

Dit stem ooreen met Collins (2005:4) se mening dat berading daarvoor gaan om beradenes te help om te genees, om te leer en om persoonlik en geestelik te groei. Slegs ongeveer tien persent van individue wat vir berading aanmeld, doen dit na aanleiding van godsdienstige sake; verreweg die meeste kom met huwelikspanning, krisis, depressie, interpersoonlike konflik, verwarring en ander algemene lewensprobleme (Collins, 2005:32). Daarom is die kernaspekte van berading selfbegrip, kommunikasie, leer en gedragsverandering, selfverwesenliking/selfaktualisering, ondersteuning en geestelike volwassenheid.

Pastorale berading het ten doel om die mens tot 'n dieper verhouding met sy Skepper te bring. Die gelowige egpaar kan deur die pastorale proses begelei word om 'n beter begrip te ontwikkel van God se bedoeling vir seksuele intimiteit. Die egpaar kan gewys word hoe hulle God met hul lewens en spesifiek met die aard van

hul seksuele verhouding kan verheerlik. Hulle kan ook gelei word om self tot gevolgtrekkings te kom hieroor.

## **5.5 Die pastorale verhouding**

Die pastorale verhouding is vir Benner (2002:42) 'n verhouding waarin beide berader en beradene saam behoort te werk in dieselfde rigting, dus in vennootskap met mekaar. Die berader tree nie slegs op as die kundige wat die beradene se probleme gaan oplos nie. Die berader staan as't ware langs die persoon en werk saam met hom/haar na nuwe gewaarwordinge en vars gebruikmaking van hulpbronne om lewenservaringe te hanteer. Albei partye is daarom aktiewe deelnemers in hierdie proses.

Collins (2005:34) toon aan dat die berader binne die beradingsverhouding en tydens die beradingsessies bewus behoort te wees van die gevoelens van beradenes. Beradenes mag moontlik oortuig wees dat Christene nie so oorweldig behoort te voel deur probleme nie, of dat aanmelding vir berading 'n teken is van persoonlike en/of geestelike mislukking. Die essensie van die hulpverhouding lê daarom in die persoonlikheidseienskappe van die berader.

Die eienskappe wat hier van die grootste belang is, is hartlikheid, egtheid en empatie. Hartlikheid in hierdie konteks impliseer toegeneentheid, respek of 'n opregte, nie-versmorende besorgdheid oor die beradene ongeag sy of haar optrede of houding (Collins, 2005:34). Egtheid dui daarop dat die berader oorkom as 'n 'regte mens' wat bedrieglikheid vermy en nie probeer om een of ander meerderwaardige rol te speel nie. Laastens is die essensie van empatie dat die berader nie slegs simpatie het nie, maar werklik ingestel is op die waardes, oortuigings en innerlike konflik van die beradene en dat die berader hierdie begrip op 'n doeltreffende wyse aan die beradene oordra tydens die beradingsproses.

Teen hierdie agtergrond stel Egan (1998:42) dat noodsaaklike waardes in die hulpverleningsproses pragmatisme, bevoegdheid, respek, opregtheid en kliënt-selfverantwoordelikheid is.



Insake die beradene is dit van uiterste belang vir die sukses van berading dat die beradene aangemoedig word om 'n aktiewe interpreteerder te word van die wêreld, om betekenis te gee aan gedrag, gebeurtenisse en situasies, om uitdagings aan te durf en te oorkom, probleme te verken, nuwe geleenthede te soek en doelwitte te stel (Nelson, 2007:1).

Die egpaar wat pastorale riglyne ontvang aangaande seksuele intimiteit in die beginfase van die huwelik sou daarom gemotiveerd en bereidwillig moet wees tot hierdie begeleiding en hulleself aktief en daadwerklik hiertoe verbind. Die pastorale berader sal in 'n noue verhouding met die egpaar hierdie sensitiewe en baie belangrike aspek van die huweliksverhouding verken en interpreteer. Juis omdat seksuele intimiteit, veral vir jong, gelowige egpare, 'n hoogs private aangeleentheid is, moet klem gelê word daarop dat die berader ten alle tye simpatiek en onveroordelend moet optree.

## **5.6 Bybelse beradingsmodelle**

Daar bestaan in die verskeie wetenskappe etlike benaderings tot berading. In hierdie afdeling word verkennend gelet op enkele van die benaderings om sodoende vas te stel of daar momente daarin voorkom wat die navorser kan gebruik in die daarstel van 'n eie beradingsmodel. Die onderskeie beradingsmodelle word nie volledig omskryf en behandel nie; slegs hooftrekke word weergegee. Die momente van belang vir die opstel van 'n beradingsmodel spesifiek gerig op seksuele intimiteit in die beginfase van die huwelik sal later in hierdie gedeelte aangedui word.

In Konrad (1978:23) se artikel *Responsible Christian counseling* noem hy voorgestelde psigologiese modelle tot berading, waaronder dié van Rogers, Freud, Perls, Glasser, Mowrer en Satir. De Wet (2009:20) waarsku dat 'n Bybelse model vir berading duidelik onderskei moet word van 'n ideologiese benadering waarin die mens onder die waan verkeer dat hyself deur terapeutiese intervensies sy eie probleme kan oplos.

Toegespits op spesifiek pastorale berading is die name en modelle wat gereeld in pastorale literatuur opduik dié van:

### **5.6.1 Howard Clinebell se holistiese groeimodel**

Dit staan vir Clinebell uit dat die mens nie slegs verhoudinge hét nie, maar ook self 'n verhouding is, menende dat die individu in verskeie sosiale dimensies funksioneer (Louw, 1997:362). Hy het 'n groeiformule ontwikkel om sy groeimodel te verduidelik: groei is gelyk aan sorg en konfrontasie, dus kan groei in 'n verhouding slegs plaasvind indien daar sorg (aanvaarding, bevestiging, genade met liefde) en konfrontasie (openlikheid en eerlikheid) plaasvind. Hierdie groei vind binne ses dimensies plaas, naamlik innerlike groei, psigofisiese groei, groei deur vernuwing en uitbou van verhoudinge, groei in verhouding met die biosfeer, groei binne strukturele verband, en geestelike groei (Louw, 1997:363).

Clinebell beklemtoon dat die berader sy verhouding met die beradene as 'n belangrike deel van berading ag en vry voel om sy eie menslikheid te ontbloom. Gesonde verhoudings is dus krities vir persoonlike groei. Die berader is bewus van sy regmatige outoriteit en wanneer nodig, gebruik hy dit om te lei, onderrig, aan te moedig of te konfronteer (Konrad, 1978:27).

### **5.6.2 Daniel McKeever se lewensverhaalmodel (narratiewe model)**

McKeever argumenteer dat 'n persoon se ervaring van die lewe en spesifieke probleme ingebed is binne 'n netwerk wat iets vertel van die persoon se lewensverhaal of geskiedenis. Vanselfsprekend leef elke persoon binne 'n eiesoortige konteks waaraan 'n spesifieke reeks gebeure gekoppel is wat die persoon se lewe beïnvloed (Louw, 1997:365). Dit is dus vir die berader essensieel om van 'n volledige gevallestudie gebruik te maak ten einde die beradene te verstaan binne hierdie konteks van die beradene se lewensgeskiedenis. Hierdie lewensgeskiedenis het 'n duidelike uitwerking op die beradene se godsdienstige vorming. Wanneer die berader dan die beradene vanuit hierdie hoek beskou, kan 'n begrip van en duidelikheid oor die beradene en sy situasie bereik word.

Hierdie narratiewe metode van verhaalanalise en ontleding van lewenstories hou baie moontlikhede in. Teen hierdie agtergrond vat Oates (1962:119) die rol van die beradene hierin saam dat, ongeag hoe baie of hoe min tyd die berader met die

spesifieke beradene gegun word, die berader se unieke identiteit as 'n bedienaar/boodskapper van hoop en bemoediging konstant moet bly. Hierdie bediening van hoop is die ontmoetingsplek van tyd en ewigheid in die Goeie Nuus van Jesus Christus.

### **5.6.3 Jay E Adams se noutetiese beradingsmodel**

Adams (2009:1) benader berading op 'n noutetiese wyse. Noutetiese berading bestaan uit drie aspekte, naamlik konfrontasie, waar die berader die beradene konfronteer uit en met die Skrif, en nie vanuit die berader se eie verwysingsraamwerk of sy eie persoonlike oortuiginge nie; besorgdheid, waarmee geïmpliseer word dat berading altyd tot voordeel van die beradene strek; en verandering, wat daarvoor handel dat berading gedoen word omdat daar iets in die beradene se lewe is wat nie aan die vereistes van die Skrif voldoen nie, en hom of haar dus daarvan weerhou om God te eer.

Adams (2009:2) voer verder aan dat as Paulus dit noodsaaklik geag het om noutetiese te beraad, dit sekerlik vandag nog vir beraders nodig is. Die berader moet altyd egter bewus wees dat die Heilige Gees die ware Trooster is (Adams, 1973:5). Christus beloof dit wanneer Hy in Johannes 14:16-17 sê: *“Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die Waarheid.”*

Watke (2000:1) se model sluit baie nou hierby aan en hy voeg ook nog 'n belangrike konsep by: dat slegs die Heilige Gees van God transformasie kan bring. Die rede hiervoor is dat geen persoon op sy eie verander, fout sien met sy lewe of tot 'n ander oortuiging gebring kan word nie. Die berader kan slegs vir die beradene die Woord van God voorhou aangesien dit die beradene se verantwoordelikheid is om sy lewe daarvolgens in te rig.

### **5.6.4 Lawrence Crabb se rasioneel-analitiese / Bybelse model**

Crabb, in sy boek *Basic principles of Biblical counseling* (1970:47) argumenteer dat negatiewe, sondige gevoelens die resultaat is van negatiewe, sondige gedrag, wat weer die resultaat is van verkeerde, sondige denke. Verootmoediging en die

belydenis hiervan is 'n daadwerklike omdraai tot regte denke wat op Christus fokus, wat nodig is vir regte gedrag en 'n gevoel/ervaring/belewing van tevredenheid (aangehaal deur McCallum, 2006:4).

Ten einde 'n deeglike analise van die omvang van die beradene se situasie te maak, met die oog op 'n nuwe lewensgerigtheid, word eerstens die probleemgevoelens geïdentifiseer wat saamhang met negatiewe gevoelens en sondige lewenspatrone, waarna die gedrag wat 'n rol gespeel het in die ontwikkeling van die probleem geïdentifiseer word. Hierop volg die identifisering van foutiewe denkpatrone, wat dan hanteer word deur die voorveronderstellings en aannames te verander deur die aanleer van Bybelse denke. Hierna word die persoon versterk en verseker in sy oorgawe en toewyding. Beplande doelwitte en opdragte wat die berader moet uitvoer, moedig Bybelgeoriënteerde gedrag aan. Na afloop van bogenoemde is dit krities om ook Geesgekontroleerde en -beheerde gevoelens te identifiseer. Die vreugde wat die beradene ervaar wanneer sy/haar lewe 'n nuwe rigting ingeslaan het en wat gepaard gaan met die gevoel van rustigheid, vrede en kalmte, sal 'n goeie aanduiding wees van vordering.

### **5.6.5 Gary Collins se Christelike beradingsmodel**

Collins (2005:7) benader pastorale berading vanuit die vertrekpunt dat Jesus Christus tydens die beradingsproses as beste voorbeeld voorgehou behoort te word. Juis Christus se kennis, persoonlikheid en vaardigheid het Hom daartoe in staat gestel om mense wat hulp nodig gehad het suksesvol te help. Hy was somtyds konfrontierend, het met ander tye onderrig en terselfdertyd versorg.

Tydens berading streef die berader daarna om die beradene geestelik te stimuleer, tot skuldbelydenis te bring en die ervaring van Goddelike vergifnis aan te moedig (Collins, 2005:5).

### **5.6.6 Daniël Louw se gespreksmodel**

Die basiese uitgangspunt aangaande berading is dat die Heilige Gees die beïnvloedingsfaktor in die pastorale gesprek is (Louw 1997:304). Vanweë hierdie

perspektief moet die berader sy eie menswees as die basiese medium vir effektiewe kommunikasie beskou. Wie die berader in wese is, bepaal tog die uitwerking van wát die berader sê en hóé hy dit sê.

Die wedersydse sorg vir mekaar vorm die konteks waarbinne pastorale berading voltrek word. Die berader se rol tydens berading is om die beradene se storie aan die hand van God se Storie te vertolk. Met die oog hierop sluit die pastorale gesprek verskeie psigopastorale response in, wat Louw (1997:304) onderskeidelik ondersoek, troos, beoordeling, interpretasie, empatie en opbou noem.

### **5.6.7 Donald Capps se tematiese metafoormodel**

Hierdie model is gebaseer op die psigologiese stadiums van ontwikkelingsteorie van Erik Erikson. Die vertrekpunt daarvan is dat die mens deur verskeie stadiums groei in sy lewe en dat elke lewenstadium gekoppel is aan bepaalde menslike deugde. In elk van hierdie stadiums is daar krisisse waardeur die mens suksesvol moet beweeg ten einde daardie spesifieke deug na vore te bring. Die berader gebruik dan hierdie temas as 'n interpretasieskema om die beradene te help om konflikte in die lig van teologiese temas te verstaan.

Capps bring in die onderstaande tabel die mens se psigososiale ontwikkeling in verband met belangrike teologiese temas en menslike deugde.

<b>Teologiese temas</b>	<b>Psigososiale temas</b>	<b>Menslike deugde</b>
1. Voorsienigheid	Vertroue – wantroue	Hoop
2. Genade	Outonomie – skaamte en innerlike twyfel (anale fase)	Wil
3. Bekering	Inisiatief – skuldgevoel (infantiele, genitale fase)	Doelgerigtheid
4. Roeping	Prestasie (arbeidsaamheid) – minderwaardigheid (latente fase)	Kreatiewe vermoë
5. Geloof	Ego-identiteit – rolverwarring (puberteitsfase)	Betroubaarheid
6. Gemeenskap	Intimiteit – isolasie (selfwordingsfase)	Liefde
7. Toewyding	Generatiewe/produktiewe – stagnasie (sorgende fase)	Sorg
8. Bewussyn van die Heilige	Integriteit – wanhoop (sintesefase)	Wysheid

**Figuur 2: Die model van Capps rakende die korrelasie tussen teologiese en psigososiale temas, soos voorgestel deur Louw (1997:359)**

Na afloop van die bestudering van hierdie beradingsmodelle is momente van belang identifiseer, wat die navorser in staat stel om 'n eie model te formuleer (punt 5.9) vir die pastorale begeleiding van jong, gelowige egpare aangaande seksuele intimiteit in die beginfase van die huwelik.

Vanuit bogenoemde beradingsmodelle is die volgende as belangrik en toepaslik beskou:

- In Clinebell se holistiese model sowel as J.E. Adams se noutetiese benadering is die moment van belang vir hierdie studie dat groei slegs kan plaasvind indien daar beide sorg én konfrontasie is. Dit mag nodig wees om egpare te konfronteer vanuit die Skrif, oor elk se persepsies en houdings aangaande seksuele intimiteit.
- Daniel McKeever se narratiewe model lig 'n belangrike aspek uit, naamlik dat die beradene se lewe beïnvloed word deur sy/haar geskiedenis en lewensverhaal. Egpare se persepsies en houdings aangaande veral seksuele intimiteit word grootliks beïnvloed deur die konteks waaruit hulle kom, en daarom is dit van soveel belang dat hierdie feit in ag geneem word.
- Lawrence Crabb se Bybelse model lê klem op die verkeerde en sondige denke wat aanleiding gee tot negatiewe, sondige gedrag. Die belang hiervan vir die begeleiding van 'n egpaar ten opsigte van seksuele intimiteit kan nie genoeg beklemtoon word nie.
- Hoewel Gary Collins se Christelike model en Daniël Louw se gespreksmodel insiggewend is en met groot vrug in berading gebruik word, word die gebruik daarvan in die spesifieke tema van hierdie studie nie as die mees praktiese beskou nie.
- Vanuit Donald Capps se model word veral die psigologiese stadium van intimiteit (teenoor isolasie) waardeur die egpaar moet beweeg (wat gekoppel is aan die menslike deugde van liefde), uitgelig, waartydens 'n interpretasieskema gebruik word om die egpaar te help om die teologiese tema van gemeenskap te verstaan.

## **5.7 Die pastorale beradingsproses**

Vanselfsprekend bestaan daar byna net soveel verskillende voorgestelde beradingsprosesse as beradingsmodelle.

Dieselfde metode word in hierdie afdeling gevolg as by punt 5.6 van hierdie hoofstuk, naamlik dat daar verkennend gelet word op die verskeie fases van berading, soos voorgestel deur verskeie beraders, om sodoende vas te stel of daar momente daarin voorkom wat die navorser kan gebruik in die daarstel van 'n eie beradingsmodel. Die onderskeie fases van berading word nie volledig omskryf en behandel nie; slegs hooftrekke word weergegee. Die momente van belang vir die daarstel van 'n gepaste beradingproses wat spesifiek gerig is op seksuele intimiteit in die beginfase van die huwelik sal later in hierdie gedeelte aangedui word.

Die fases soos vervolgens bespreek gaan word, hoewel verskillend, oorvleuel in verskeie opsigte.

Ten einde verwarring te voorkom, word die ooreenstemmende fases van verskeie modelle hieronder uiteengesit op 'n logiese, samevattende wyse.

### **5.7.1 Fase 1: Ontmoetingsfase / opbou van 'n verhouding:**


Hoewel berading nie 'n stap-vir-stap-proses is soos om 'n resep te volg nie, is daar tog in elke beradingsverhouding 'n aantal stappe of fases wat voorkom, waarvan sommige herhaal word, soos dat probleme oorweeg en heroorweeg word (Collins, 2005:41). Die eerste hiervan is die vestiging van verbondenheid, wat handel oor die inisiëring, opbou en onderhouding van 'n verhouding tussen berader en beradene.

Benner (2002:63) beskryf die eerste fases van berading as die ontmoetingsfase. Die ontmoetingsfase bestaan uit die eerste ontmoeting tussen die berader en beradene en hiertydens word die grense bespreek, verduidelik en opgestel waarby gehou gaan word tydens die berading.

Abbo (2009:107) se fase 1 stem baie ooreen met dié van Benner. Hy noem dit die priesterlike fase. In enige pastorale gesprek kom drie verhoudings ter sprake, naamlik die verhouding tussen God en die beradene, die verhouding tussen God en die berader, en die verhouding tussen die berader en die beradene. Die berader en beradene se onderskeidelike verhoudings met God bepaal die verhouding tussen die berader en die beradene. Die berader is totaal afhanklik van God, wat die sentrale



figuur in berading is (Adams, 1973:4). Die teenwoordigheid van die Heilige Gees verander die pastorale gesprek van 'n dialoog na 'n trioloog, met God as 'n aktiewe deelnemer in die gesprek (Louw, 1998:247). Figuur 3 toon hierdie driehoekverhouding aan: in die eerste plek die berader en beradene se persoonlike verhoudings met God (vertikaal) en tweedens hul verhouding met mekaar (horisontaal).



**Figuur 3: Die drie verhoudings ter sprake in pastorale berading  
(Abbo, 2009:107; Adams, 1973:4)**

Hierdie fase kan opgesom word as die kontakboufase (Louw, 1997:414) waartydens die verhouding tussen die berader en beradene op 'n sterk vertrouensbasis gefundeer word (Mack, 1994:174). Die berader luister na die beradene se ervaringe en emosie, waarop die berader reageer met empatie en ondersteuning en waar die beradene gemotiveer, geïnspireer en hoop gegee word (Adams, 1973:40). Sodoende word positiewe verwagtingspatrone aangewakker.

In 5.9.1 van hierdie hoofstuk word verder uitgebrei oor hoe hierdie fase ingebou is in die pastorale riglyne deur die navorser saamgestel, spesifiek vir die pastorale begeleiding van jonggetroude egpare ten opsigte van seksuele intimiteit in die beginfase van die huwelik.

### **5.7.2 Fase 2: Betrokkenheids- of analisefase**

Hierdie fase behels die gesamentlike verkenning van dieper affektiewe, kognitiewe en gedragsaspekte van die aanmeldingsprobleme en die identifisering van hulpbronne tot die beradene se beskikking, wat krities is vir die beradene om verandering te kan hanteer (Benner, 2002:63).

Louw (1997:414) beskryf fase twee as die analisefase. Hiertydens word alle relevante fisiese faktore, emosionele faktore, gedragspatrone, omstandighede, persepsies en lewensgeskiedenis versamel en die aanmeldingsprobleem geanaliseer. Hierop volg die integrasie van gegewens en die beradene word tyd gegun om na te dink en perspektief te kry. Die berader reageer weer hierop met interpretasie en 'n aanvanklike pastorale diagnose. 'n Fokusarea vir berading word bereik.

Abbo (2009:115) noem dit die profetiese fase, waar 'n verstaan ontwikkel word van die beradene se sentrale bekommernis, saam met die beradene. Hier word al die data-insameling gedoen, en 'n vollediger prentjie van die beradene gevorm.

Collins (2005:41) noem dit die verkenningsfase, wat handel oor die beradene se weergee van sy situasie, verspeelde geleenthede en ontstellende ervarings.

In die lig van hierdie studie sal daar in die samestelling van die navorser se riglyne aangaande seksuele intimiteit tydens hierdie fase daarop gefokus word om gelowige egpare wat pastorale begeleiding ontvang aangaande seksuele intimiteit aan te moedig om hulle gevoelens aangaande seksuele intimiteit te deel, om oor hulle gedagtes te praat, en om hulle optrede te beskryf.

### **5.7.3 Fase 3: Beplanningsfase**

Die beradene word in hierdie fase begelei om homself tot die proses van berading te verbind (Adams, 2009:1). Hy/sy verbind hom-/haarself tot 'n proses van konfrontering en selfondersoek. Die doelwitte van hierdie fase is verder om verantwoordelike gedrag en aksies te kweek, besluite te neem, doelwitte te formuleer en sodoende 'n

program of plan te ontwerp om die probleem op te los (Collins, 2005:41; Louw, 1997:414).

Hierdie doelwitte en plan van aksie word sáám opgestel deur die berader en die jong, gelowige egpaar wat vir pastorale begeleiding aanmeld. So word verseker dat die egpaar se eie persoonlike, en dalk baie private, doelwitte en vrae nie onbeantwoord bly nie, maar elkeen pertinent aan die orde gestel word.

#### **5.7.4 Fase 4: Vorderings- of implementeringsfase**

Abbo (2009:55) beskryf hierdie as die koninklike fase waartydens konfrontering, bemoediging van die beradene en die praktiese verandering van die beradene se hart en gedrag aan die orde kom. Hierdie fase se beginsels is gebaseer op 2 Tim. 3:16-17: *“Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.”* Hierdie fase van berading behels daarom dat dit in die waarheid onderrig (die Bybel is die standaard), dwalinge bestry (deur te vergelyk met die Skrif), verkeerdhede regstel (deur verandering), en ’n regte lewenswyse kweek (wat genesing bring).

Louw (1997:414) noem dit die sin-ontwerp en geloofsontwikkeling of die glo-en-leef-fase: die doel en effek is sinvolle lewensorientasie en geloofsvolwassenheid deur organiese Skrifvertolking, sin-ontwerp en ’n hoopvolle lewe vir die beradene. Die beradene se funksie hier sluit in dat hy/sy moet hoop en glo. Die berader bou die beradene op en ondersteun hom of haar. Hierdie ondersteuning en opbou sluit die konstante gebruik van die Skrif in.

Bepanning is alleen sinvol as dit opgevolg en geëvalueer word (Collins, 2005:41). Daarom is dit in hierdie vorderingsfase vir Collins vanselfsprekend dat opvolgevaluering gedoen word om die beradene aan te moedig, leiding te gee en te ondersteun.

By die opstel van die navorser se pastorale riglyne ten opsigte van seksuele intimiteit in die beginfase van die huwelik (5.9) word hierdie vordering en implementering ingebou in die navorser se Onderrigfase (5.9.2). Die essensie van hierdie belangrike fase is om die gelowige egpaar volledig toe te rus en leiding te gee aangaande God se doel en wil vir die egpaar se seksuele intimiteit in hulle huwelik.

### **5.7.5 Fase 5: Beëindigings-/ontbindingfase**

Aangesien berading nie vir altyd kan aanhou nie, is die beëindigingsfase noodsaaklik. Die berader moet ingestel wees daarop om te kan bepaal wanneer dit tyd is vir die beradingsproses om te ontbind. Goeie riglyne of bepalende vrae kan gestel word om die ryphheid van die terminering van berading te bepaal:

- Het die beradene se lewe en gedrag verander?
- Is die beradene in staat om te volhard en aan te hou met die implementering van die Skrifbeginsels?
- Openbaar die beradene die begeerte om op sy eie voort te gaan?
- Is die beradene in staat om die beginsels wat hy geleer het in die lewens van sy medemens, vriende en familie in te bou (Abbo, 2009:71)?

Die ontbindingsfase is die geleentheid waartydens 'n opsomming en evaluering gedoen word van wat gedoen is en van vordering wat gemaak is tydens die voorafgaande beradingsproses (Benner, 2002:63; Collins, 2005:41).

By die begeleiding van egpare aangaande seksuele intimiteit word hierdie fase bereik wanneer die berader sowel as die egpaar tevrede is met die vordering wat gemaak is en van mening is dat die doelwitte bereik is.

Indien daar wel ander kwessies opgeduik het tydens die begeleiding wat buite die berader se praktiseringsraamwerk val, kan die egpaar verwys word na ander kundiges en word die berading beëindig.

## 5.8 Riglyne vir pastorale berading

Verdere algemene riglyne vir pastorale begeleiding en berading, soos voorgestel deur verskeie pastorale beraders, word kernagtig weergegee in hierdie afdeling.

Die karaktereenskappe van strategiese pastorale berading behels dat dit vir 'n kort termyn en 'n beperkte tydperk, Biblioterapeuties, holisties, gestruktureerd, spiritueel gefokus en eksplisiet Christelik is (Benner, 2002:39). Aanvullend tot die fases (5.7) van berading is daar sekere kern tegnieke wat in die onderskeie beradingsmodelle na vore kom.

Vervolgens 'n samevatting van die tegnieke soos voorgestel deur Collins (2005:35), Louw (1997:313), Egan (1998:131) en Abbo (2009:110):

- Onvoorwaardelike aanvaarding
- Nie-veroordelende houding
- Die skenk van onverdeelde aandag
- Aktiewe luistervaardighede
- Gesindheid om te dien
- Weergee van inligting
- Konfrontering
- Mededeling (selfonthulling)
- Verbale interpretasie kommunikeer aan beradene
- Ondersteuning
- Aanmoediging
- Onderrig
- Empatie

- Identifikasie
- Geduld
- Hoop
- Respek
- Vertrouensverhouding

Dit is opmerklik dat die meeste van bogenoemde natuurlik behoort te kom vir die pastorale berader, aangesien die vrug van die Gees moet deel uitmaak van die berader se wese en geaardheid as gelowige, en dat hierdie vrug in sy lewe en ook in berading behoort uit te straal. Die vrug van die Gees dan, volgens Gal. 5:22: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid, en selfbeheersing.

## **5.9 Praktykteoretiese riglyne aan jong egpare ten opsigte van seksuele intimiteit**

***"Christians are the only ones who can fully grasp and benefit from the holiness of sex."***

**– Gardner (2002:28)**

Nadat die navorser duidelikheid verkry het oor die kernelemente van pastorale berading en wat dit behels, word teruggekeer na die praktyk en stel die navorser die volgende pastorale beradingsproses en pastorale riglyne voor vir die pastorale begeleiding van jong, gelowige egpare aangaande seksuele intimiteit in die beginfase van die Christelike huwelik:

- Ontmoetingsfase
- Onderrigfase
- Afsluitingsfase

### **5.9.1 Ontmoetingsfase**

Gedurende hierdie fase is die klem op verhoudingbou. Seksuele intimiteit is vir die beradenes waarskynlik 'n sensitiewe en private aangeleentheid. Daarom moet die berader geduldig wees met die opbou van die verhouding en daarteen waak om veroordelend of geskok voor te kom, ongeag wat die beradenes met die berader deel. Die berader moet aan die beradenes noem dat hy/sy besef dat dit baie moed verg om enigsins vir pastorale berading of leiding aan te klop by 'n pastorale berader, veral wanneer die rede vir berading te make het met seksuele aangeleenthede. Die beradenes behoort vir hul moed gelukkig word en verder aangemoedig word.

Tydens hierdie fase word die beradenes op hulle gemak gemaak, volledig ingelig oor wat die beradingsproses gaan inhou, en verseker van vertroulikheid. Indien die beradenes seker voel dat alles vertroulik hanteer sal word, kan dit daartoe bydra dat die beradenes met meer vrymoedigheid sal kan praat oor hul menings, kwellinge en vrae aangaande die sensitiewe en persoonlike onderwerp van seksuele intimiteit. Ten einde die beradene(s) te verstaan, gee die berader aan die beradene(s) die geleentheid om sy/haar/hul persepsies en houdings te verbaliseer.

### **5.9.2 Onderrigfase**

Die onderrigfase mag, weens die omvang van die onderwerp, oor verskeie ontmoetings strek. Pastorale begeleiding rakende die inrigting van seksuele intimiteit in die beginfase van die Christelike huwelik is hoofsaaklik begeleidend en onderrigtend van aard.

Die pastorale berader se taak is daarom om die jonggetroude egpaar te begelei, te onderrig en te bring tot die insigte van God se wil aangaande seksuele intimiteit en die belangrike plek wat God inneem in seksuele intimiteit vir die suksesvolle Christelike huwelik. Aangesien die huwelik 'n instelling van God is en sy verhouding met sy kerk verteenwoordig, is dit belangrik dat die gelowige egpaar met behulp van pastorale begeleiding en huiswerk onderrig word aangaande God se wil vir seksuele intimiteit.

Deur die loop van hierdie studie is meer duidelikheid verkry oor die aspekte wat nadere ondersoek en aandag verg. Na aanleiding van die bevindinge van die voorafgaande studie is die sake waarvoor die gelowige egpaar oor die verloop van etlike ontmoetings onderrig en ingelig word, geïdentifiseer, en sal elk van hierdie sake vervolgens afsonderlik hanteer word.

In elk van hierdie vier aspekte (5.9.2.1 – 5.9.2.4) word huiswerk gegee ten einde die egpaar se toegewydheid tot die proses te bewerkstellig en ook om die gesprekke tydens die pastorale ontmoetings werklik hul eie te maak.

Die woorde van Rom. 12:2 is veral hier van toepassing: *“Maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.”* Die egpaar sal in kennis en insig toeneem deur die loop van die pastorale begeleidingsproses, en hul eie denkwyse en optrede verander deur vanuit bogenoemde Skrifbeginsel nuut te dink oor seksuele intimiteit.

### **5.9.2.1 Riglyne vir die verhouding waarbinne die gelowige egpaar seksuele intimiteit mag geniet en uitleef, asook sake aangaande die eenwording van man en vrou in die huwelik en die gelykheid van man en vrou in die huwelik.**

Op grond van die basis- en metateoretiese perspektiewe en die empiriese navorsing sal daar in hierdie afdeling van die program aandag geskenk word aan die volgende aspekte:

- Basisteoretiese aspekte dat God die huwelik geskep het vir die man en vrou om werklik een te wees, en 'n afbeelding van die eenheid tussen Christus en sy kerk; dat hierdie eenheid verdiep word deur intimiteit en dat seksuele intimiteit, waarin 'n gelowige man en vrou mekaar liefhet en dien, vir beide die man en die vrou warmte en nabyheid in die huwelik bied.
- Metateoretiese aspekte dat, al vorm die huwelik nie die grense waarbinne seksuele intimiteit geoorloof is nie, dit tog 'n belangrike plek in die samelewing



inneem en dit vele voordele kan inhou vir beide die man en die vrou; dat die seksuele intimiteit tussen man en vrou in die huwelik binne 'n milieu van veiligheid, intimiteit, nabyheid en emosionele versorging moet geskied; en dat seksuele intimiteit binne die huwelik 'n belangrike posisie in die suksesvolle huweliksverhouding inneem.

- Empiriese aspekte dat kommunikasie, gemaklikheid met mekaar en die self, en liefde belangrik is in die huweliksverhouding; dat egpare voel dat hierdie verhouding verder respek en vertrouwe moet insluit en dat beide huweliksgenote 'n houding teenoor die ander moet openbaar van 'n bereidwilligheid om opofferings te maak.

Na aanleiding van bogenoemde maak die navorser die volgende aanbevelings aangaande die begeleiding van 'n gelowige egpaar ten opsigte van die verhouding waarbinne seksuele intimiteit plaasvind.

Die egpaar behoort eerstens die geleentheid gegee te word en gelei te word om self na te dink oor hul eie persepsies en menings aangaande die verhouding waarbinne seksuele intimiteit geniet kan word. Daarna sal bogenoemde metateoretiese perspektiewe en die empiriese data betrek word, alvorens oorgegaan word na die begeleiding vanuit die Skrif.

Vrae wat die man en die vrou as huiswerk kan beantwoord ten opsigte van die verhouding waarbinne die gelowige egpaar seksuele intimiteit mag geniet en uitleef, asook aangaande die eenwording van man en vrou in die huweliksverhouding (Mack, 1999:10-48):

- Wat meen julle is die eienskappe waaraan die huweliksverhouding behoort te voldoen sodat die seksuele met oorgawe en genieting kan plaasvind?
- Die Psigologie en Sosiologie beskou seksuele intimiteit as belangrik, maar beskou nie die huwelik as die enigste liefdesverhouding waarin dit geoorloof is nie. Wat is jul mening hieroor?

- Die Psigologie meen dat seksuele intimiteit binne 'n milieu moet plaasvind waar daar veiligheid, nabyheid en versorging is. Stem julle saam?
- Waarom dink julle bevind navorsing dat kommunikasie so belangrik is in die huweliksverhouding?
- Wat is volgens jou/julle die doel van die huwelik? Waarom het God dit geskep? (Gen. 1:28; 2:18 & Ef. 5:22-32)
- Wat beteken “helper” vir die man en die vrou?
- Wat beteken dit vir die man en die vrou om een vlees te word?
- Wat is hindernisse tot 'n diep eenwording?
- Hoe beoordeel julle die vlak van intimiteit in jul huwelik? Bespreek jul seksuele en emosionele eenwording, of eenwees.
- Beskryf in een sin die seksuele aspek van jul huwelik.

Vrae om die egpaar te begelei om tot insigte te kom oor God se bedoeling met die man en vrou as gelyk / die vrou as onderdanig aan die man, en die man as hoof oor die vrou:

### **Die vrou as onderdanig aan haar man:**

- Wat dink jy as man beteken dit vir jou vrou om onderdanig te wees aan jou? Dus, wat sou jy van haar verwag in hierdie verband?
- Dink julle dat die perspektiewe van die Bybel oor die rol van die vrou as onderdanig aan haar man verskil van die menings van byvoorbeeld Psigologie, Sosiologie en die sekulêre wêreld? Indien wel, in watter opsig?
- Wat is die één woord in Efesiërs 5:22-33 wat die vrou se verantwoordelikheid teenoor haar man opsom? Lees ook 1 Petrus 3:1 en 1 Timoteus 2:9-12.
- Wat beteken die woorde “wees aan julle eie mans onderdanig, **soos aan die Here**” (Ef. 5:22)?

- Wat is die grense of beperkinge tot 'n vrou se onderdanigheid aan haar man? (Kol. 3:18 en Hand. 5:29)
- Stem jy as vrou saam met die bevindinge gemaak oor die onderdanigheid van die vrou?
- Hoe gaan jy as vrou jou man help, ondersteun en aanvul? Hoe kan jy hom laat voel dat jy hom respekteer? Praktiese maniere?

### **Die man as hoof oor sy vrou:**

- Wat dink jy as vrou beteken dit vir die man om hoof van die vrou te wees? Met ander woorde, waarmee sou jy gemaklik voel?
- Dink julle dat die perspektiewe van die Bybel oor die rol van die man as hoof van die vrou, verskil van die menings van byvoorbeeld Psigologie, Sosiologie en die sekulêre wêreld? Indien wel, in watter opsig?
- Watter woorde in Efesiërs 5:22-33 beskryf die man se verantwoordelikheid teenoor sy vrou?
- Watter voorbeeld of model vir hoe 'n man sy vrou moet behandel, kan die man navolg? (Ef. 5:23 & Ef. 1:22)
- Tot wie se voordeel is die hoofskap van Christus? Tot wie se voordeel moet die hoofskap van die man gevolglik strek?
- Bestudeer hoe lief God die kerk het. Wat sê dit van hoe 'n man sy vrou moet liefhê?
- Hoe voel jy as man oor die bevindinge hier gemaak oor jou rol as hoof van die vrou?
- Hoe gaan jy as man jou hoofskap oor jou vrou uitoefen? Praktiese maniere?

Vir aanvullende studie aangaande die eenwording van man en vrou in die huwelik asook man en vrou se gelykheid in die huwelik:

- Adams, J.E. 1972. Christian living in the home, Phillipsburg, NJ: Presbyterian and Reformed Publishing Company. 143 p, hoofstuk 6.
- Strauss, R.L. 1973. Marriage is for love. Carol Stream, IL: Tyndale House Publishers. 116 p, hoofstuk 9.

**5.9.2.2 Riglyne rakende die man en vrou se plig teenoor mekaar rakende die seksuele.**

Op grond van die basis- en metateoretiese perspektiewe en die empiriese navorsing sal daar in hierdie afdeling van die program aandag geskenk word aan die volgende aspekte:

- Basisteoretiese aspekte dat God die huwelik ingestel het vir die man en vrou om een te word in die huwelik. Daarom behoort die man en vrou se liggame nie aan hulself nie, maar aan mekaar. Elk het 'n liefdesplig teenoor die ander om mekaar nie seksuele intimiteit te ontnem nie, maar mekaar se seksuele behoeftes op 'n tere en liefdevolle wyse te bevredig.
- Metateoretiese perspektiewe dat daar in die huwelik geen afdwingbare plig vir die man en die vrou teenoor mekaar bestaan aangaande seksuele intimiteit en vervulling nie, daar 'n sterk verband tussen huweliks- en seksuele tevredenheid gemerk word en indien egpare beter kommunikeer oor veral hulle seksuele intimiteit, seksuele tevredenheid dikwels aansienlik toeneem.
- Empiriese navorsing dat die meeste jong, gelowige egpare oortuig is dat man en vrou 'n plig teenoor mekaar het rakende die seksuele, maar dat dit terselfdertyd nie iets is wat afgedwing behoort te word nie. Behoeftbevrediging is die één eienskap wat uitstaan bo alle ander vir 'n seksuele verhouding om as gesond geag te word. Ten einde hierdie behoeftbevrediging te bereik, is kommunikasie, eerlikheid, liefde en 'n begeerte na mekaar nodig, moet seksuele omgang gereeld plaasvind en moet huweliksmaats onselfsugtig wees.

Na aanleiding van bogenoemde maak die navorser die volgende aanbevelings aangaande die begeleiding van 'n gelowige egpaar ten opsigte van die man en die vrou se plig teenoor mekaar aangaande die seksuele.

Die egpaar behoort eerstens, soos ook by die vorige afdeling, die geleentheid gegee te word en gelei te word om self na te dink oor hul eie persepsies en menings oor die plig wat hulle teenoor mekaar het aangaande die seksuele alvorens oorgegaan word na die begeleiding vanuit die Skrif.

Vrae wat die man en vrou as huiswerk kan beantwoord aangaande hulle plig rakende seksuele intimiteit teenoor mekaar (Mack, 1999:134):

- Glo julle dat seks 'n plig is wat die man en die vrou teenoor mekaar het in die huwelik?
- Wat is jul mening aangaande die afdwingbaarheid van seks in die huwelik, of oor die siening dat die man en vrou kan aanspraak maak op seks?
- Die Psigologie en Sosiologie vind 'n sterk verband tussen seksuele behoeftebevrediging en algemene huwelikstevredenheid. Waarom reken julle dat dit so is?
- Bestudeer 1 Korintiërs 7:3-5 (vergelyk 2.5.2 van hierdie studie). Skryf alles neer wat julle hierin sien en verstaan aangaande die seksuele.
- Wat is die 'huweliksregte' van die man en die vrou in die huwelik?
- Wat is die doel van seksuele omgang en seksuele intimiteit in die huwelik?
- Is dit gepas vir 'n Christenman of -vrou om te masturbeer?
- Wat is God se antwoord vir seksuele begeerte?
- Hoe lank en om welke redes mag 'n man en vrou in die huwelik hulleself seksueel van mekaar weerhou?

Aanvullend tot hierdie huiswerk voel die navorser dat dit onontbeerlik is dat die egpaar die gewoonte moet kweek om vir mekaar te bid. Verder is dit noodsaaklik om mekaar te bewonder en te kommunikeer oor seks en oor elkeen se behoeftes aangaande seksuele intimiteit. Die egpaar word aangemoedig om meer intiem met mekaar te leef en seksueel te verkeer.

Aanvullende leesstof:

- Knouws, F. 2000. Liefde met oorgawe: ervaar die vreugde van liefde en intimiteit in jou huwelik. Vereeniging: Christelike uitgewersmaatskappy. 268 p.
- Mack, W.A. 1999. Strengthening your marriage. Phillipsburg, NJ: P&R Publishing. 187 p.

### **5.9.2.3 Riglyne aangaande die prag, vryheid en besonderheid wat seksuele intimiteit inhou vir die gelowige egpaar binne die huwelik.**

Op grond van die basis- en metateoretiese perspektiewe en die empiriese navorsing sal daar in hierdie afdeling van die program aandag geskenk word aan die volgende aspekte:

- Basisteoretiese beginsels dat daar byna oneindige vryheid binne die huwelik aangaande seksuele intimiteit bestaan. Die aantrekkingskrag en emosionele liefde mag en behoort opgewondenheid en erotiese opwekking tot gevolg te hê. Dit is geoorloof vir beide man en vrou om inisiatief te neem tydens seksuele omgang. Die man en die vrou kan mekaar se liefkosings en liefde geniet en daar behoort geen skaamte te wees nie. Man en vrou eer God as hulle mekaar liefhet en seksuele intimiteit geniet.
- Metateoretiese aspekte dat seksuele intimiteit iets besonders kan wees vir beide die man en die vrou in die huwelik en dat daar vryheid vir die egpaar bestaan aangaande seksuele intimiteit in die huwelik.

- Empiriese aspekte dat daar vir jong, gelowige egpare 'n groot mate van vryheid aangaande seks en seksuele eksperimentering in die huwelik bestaan. Die streep by seksuele eksperimentering word getrek by die insluiting van 'n derde party in die huwelik, asook die gebruik van pornografie vir seksuele opwekking. Verder toon die empiriese navorsing dat die seksuele deel van die egpare se huwelike hulle nader aan mekaar bring en laat voel, dit liefde en intimiteit by die egpare kweek en die vertroue wat hulle in mekaar het, verhoog.

Na aanleiding van bogenoemde maak die navorser die volgende aanbevelings aangaande die begeleiding van 'n gelowige egpaar ten opsigte van die prag vryheid en besonderheid van seksuele intimiteit.

Die egpaar se bewustheid oor die belangrikheid van seksuele intimiteit binne die huwelik en dat seks goed is en 'n sentrale faktor in huwelikstevredenheid is, moet ingeskerp word.

Kernkonsepte vir die man en die vrou in die gelowige huwelik is om te beseef wat dit prakties vir hulle seksuele intimiteit beteken dat God die Skepper is van die gawe van die seksuele; dat die gelowige paartjie in Christus geheilig is en daarom in God se teenwoordigheid seksueel kan verkeer; en dat die Heilige Gees in hulle woon en hulle ook geestelik tot diepe eenheid kan bring tydens die seksuele voorspel en omgang.

Vrae aangaande die prag, vryheid en besonderheid wat seksuele intimiteit inhou vir die gelowige egpaar binne die huwelik:

- Navorsing op die gebied van Psigologie bevind dat seksuele intimiteit besonders kan wees vir beide die man en die vrou. Waarom reken julle sou dit die geval wees?
- Wat is na julle mening geoorloof rakende seksuele eksperimentering in die huwelik? Waarom?
- Wat is julle houding oor seksuele speelgoed as deel van eksperimentering?

- Hoe dink julle voel ander gelowige egpare oor seksuele eksperimentering?
- Dink julle anale seks in die huwelik is geoorloof indien beide partye daartoe instem en dit geniet? Wat sê die Bybel daaroor?
- Wat leer Hooglied 1:2; 13-16; 7:1-10 gelowige egpare, daarom spesifiek ook vir julle, oor seksuele intimiteit?
- Watse houding wat die man en die vrou ten opsigte van mekaar se liggame behoort te hê, stel Hooglied 4:1-7 en 5:10-16 voor?
- Is dit geoorloof vir die man en die vrou in die huwelik om opgewonde te raak, opgewek te raak, deel te neem aan seks, en dit te geniet?
- Wat dink julle sou navorsing oplewer rakende die kernelemente van 'n gesonde seksuele verhouding?

#### Aanvullende materiaal:

'n Baie verrykende oefening wat gegee kan word as aanvullende huiswerk is vir die egpaar om Marc Driscoll se reeks preke oor Hooglied van die web af te laai (<http://www.marshallchurch.org/media/the-peasant-princess>), en saam daarna te luister. Alternatiewelik kan die aanbiedinge in boekformaat afgelaai word, en die egpaar dit saam lees in hulle stiltetyd.

Betroubare Skrifriglyne aangaande seksspeelgoed, anale seks en seksuele eksperimentering sal hier gebruik moet word vir die begeleiding van egpare in hierdie verband.

#### **5.9.2.4 Riglyne aangaande die eksklusiwiteit en skoonheid van seksuele intimiteit ondersoek.**

Op grond van die basis- en metateoretiese perspektiewe en die empiriese navorsing sal daar in hierdie afdeling van die program aandag geskenk word aan die volgende aspekte:



- Basisteoretiese aspekte dat – behalwe daarvoor dat die seksuele intimiteit tussen man en vrou eksklusief van aard moet wees, en dat wat ook al tussen hulle gebeur tydens intieme tye albei persone se goedkeuring moet wegdra – daar byna geen beperking is op die maniere waarop man en vrou seksueel met mekaar mag omgaan nie.
- Metateoretiese aspekte dat dit voorkom asof die huwelik op sigself getrouheid en daarom ook eksklusiwiteit bevorder. Eksklusiwiteit in die huweliks-verhouding, waarbinne die man en vrou mekaar akkommodeer, versorg en ondersteun, is van groot belang vir 'n suksesvolle en gelukkige huwelik. Die bevredigende seksuele verhouding vind plaas binne 'n omgewing waar daar talle dimensies en vaardighede moet wees.
- Empiriese aspekte dat die eksklusiwiteit van seksuele intimiteit vir baie jong, gelowige egpare beteken dat dit hulle van ander mense afsonder omdat hulle huweliksmaats in al hulle behoeftes voorsien – selfs dié van vriendskap. Sommige het egter aangedui dat hulle steeds hulle maats vriendskappe met ander mense van die teenoorgestelde geslag gun, en dat dit selfs gesond is vir die verhouding om vriende te hê.

Na aanleiding van bogenoemde maak die navorser die volgende aanbevelings aangaande die begeleiding van 'n gelowige egpaar ten opsigte van die eksklusiwiteit van seksuele intimiteit.

Vrae wat as huiswerk kan dien rakende die eksklusiwiteit en skoonheid van seksuele intimiteit in die huwelik:

- Watter beperking plaas julle seksuele verhouding op die res van julle verhouding?
- Is vriendskappe met ander mense van die teenoorgestelde geslag steeds in orde?
- Indien vriendskappe met ander mense van die teenoorgestelde geslag steeds toelaatbaar is, wat is die grense daarvan?

- Bestudeer Spreuke 5:15-21 (vergelyk 2.5.4 van hierdie studie). Wat leer hierdie gedeelte oor die huwelik en die seksuele?
- Hoe verkeerd is seks buite die huwelik volgens Matteus 5:27-30 en Hebreërs 13:4?
- Wat beteken eksklusiwiteit prakties vir julle as huwelikspaar?

Aanvullende leesstof:

- Lahaye, T. & Lahaye, B. 2003. The act of marriage. 3rd ed. Vereeniging: Christian Art. 293 p.
- Louw, D. 2004. Liefde is vir altyd: 'n huweliksgids vir verloofdes en getroudes. 4de dr./uitg. Wellington: Lux Verbi. 164 p.

### **5.9.3 Afsluitingsfase**

Soos vroeër in hierdie hoofstuk genoem (5.7.5), kan berading nie onbepaald aanhou nie en is die beëindigingsfase noodsaaklik. Die berader moet ingestel wees daarop om te kan bepaal wanneer dit tyd is vir die beradingsproses om te ontbind. Die berader evalueer die vordering wat gemaak is tydens die ontmoetings. Die berader maak van hierdie geleentheid gebruik om te bepaal of die egpaar tydens die beradingsproses tot insigte gekom het oor wat God se wil is ten opsigte van seksuele intimiteit, en of die egpaar duidelikheid het oor God se opdrag aan elke huweliksgenoot in hierdie verband.

- Tydens hierdie afsluiting is daar huiswerk wat aan die man en die vrou gegee word om oor na te dink, met mekaar te bespreek, en toe te pas in hulle seksuele, intieme verhouding ten einde volhoubare en toenemende verdieping in hul huweliks- en seksuele verhouding te bereik (Mack, 1999:138; Mack & Mack, 2006:102):
- Wat rakende jul huidige seksuele verhouding waardeer en geniet jy/julle?
- Is daar enige aspekte rakende jul seksuele intimiteit wat jy nie geniet nie?

- Wat kan na jou/julle mening hindernisse vir seksuele intimiteit wees?
- Sou jy/julle sê dat julle seksuele verhouding afwisseling nodig het of daarby kan baat?
- In watter opsigte verskil jou voorkeure ten opsigte van seks van dié van jou huweliksmaat?
- Is daar enige vrese of dinge waarmee jy ongemaklik voel ten opsigte van seks? Waarom?
- Kommunikeer jy en jou huweliksmaat vrylik en eerlik meer mekaar oor die seksuele dimensie van jul verhouding?
- Wat is vir jou/jul gehoor en toelaatbaar in die huwelik rakende seks, en wat is volgens die Bybel nie toelaatbaar nie?
- Reken jy/julle dat verhoogde, gereelde seksuele begeerte 'n teken is van geloof wat tekortsiet?
- Hoe gereeld behoort 'n man en vrou seksuele omgang met mekaar te hê?
- Watter idees het jy of kan jy aan dink om jou huweliksmaat seksueel meer te bevredig?
- Die berader kan hier self help met idees van hoe die man en die vrou hulle seksuele intimiteit verder kan bevorder:
- Verkeer meer gereeld intiem met mekaar.
- Skryf intieme liefdesbriewe aan mekaar.
- Maak 'n lysie van wat vir jou huweliksmaat aangenaam is en voorkeure is aangaande seks.
- Lees die volgende boeke:
  - Knouws, F. 2000. Liefde met oorgawe: ervaar die vreugde van liefde en intimiteit in jou huwelik. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 268 p.

- Lowery, F. 2002. Covenant marriage: Staying together for life. West Monroe, LA: Howard Publishing. 252 p.
- Rosenau, D.E. 2002. A celebration of sex: a guide to enjoying God's gift of sexual intimacy. Nashville, TN: Thomas Nelson Inc. 395 p.

## **5.10 Samevatting**

Die pastorale beradingsriglyne wat deur die navorser gebruik is, het haar in staat gestel om pastorale riglyne rakende die inrigting van seksuele intimiteit in die beginfase van die Christelike huwelik saam te stel waarin die basisteoretiese perspektiewe, metateoretiese perspektiewe en empiriese bevindinge geïnkorporeer kon word.

## **HOOFSTUK 6**

### **SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS**

#### **Inleiding tot en doel van die studie:**

Die huwelik is bestem om 'n intieme verhouding te wees, en ook die één geleentheid om die lewe in sy volheid met iemand anders te deel.

Die fokus van die studie is op Skrifperspektiewe en pastorale riglyne vir seksuele intimiteit aan pasgetroude gelowige egpare. Daarom was die oorkoepelende probleemstelling van hierdie studie:

*Watter pastorale riglyne kan aan 'n gelowige egpaar gegee word ten opsigte van seksuele intimiteit in die beginfase van hul huwelik?*

Vanuit hierdie probleemstelling is die doelstelling van die studie vasgestel, naamlik:

*Die daarstel van pastorale riglyne rakende die inrigting van seksuele intimiteit aan die beginfase van die Christelike huwelik.*

#### **Struktuur van die studie:**

Die navorster het die struktuur van Zeffass se model vir die Praktiese Teologie gebruik. Zeffass se model behels 'n hermeneutiese wisselwerking tussen basisteorie, metateorie en praktykteorie. Hierdie elemente van Zeffass se model is daarom gebruik vir die benoeming van die onderskeie hoofstukke.

Volgens Zeffass se model word daar van 'n bepaalde praktyk tot nuwe teorievorming gekom, wat weer tot 'n nuwe praktyk lei. Op sy beurt weer moet hierdie nuwe praktyk getoets word en aan die hand van hermeneutiese wisselwerking verder gekorrigeer word ten einde 'n nuwe praktykteorie te vorm.

Die resultate wat die onderskeie hoofstukke opgelewer het, word vervolgens bespreek.

**Die volgende basisteoretiese beginsels wat van belang is vir die res van hierdie studie word vervolgens samevattend geformuleer:**

- God het die huwelik geskep vir die man en vrou om werklik een te wees, en 'n afbeelding van die eenheid tussen Christus en sy kerk. Hierdie eenheid word verdiep deur intimiteit – die volste belewenis van eenheid van hart en lewe. Hierdie intimiteit, waarin 'n gelowige man en vrou mekaar liefhet en dien, bied vir beide warmte en nabyheid in die huwelik.
- God het die huwelik ingestel vir die man en vrou om een te word in die huwelik; daarom behoort die man en vrou se liggame nie aan hulself nie, maar aan mekaar. Bogenoemde impliseer egter nie dat 'n man/vrou sy/haar eggenoot/eggenote kan/mag misbruik nie, maar dat elk 'n liefdesplig teenoor die ander het om mekaar se seksuele behoeftes op 'n tere en liefdevolle wyse te bevredig.
- Daar bestaan byna oneindige vryheid binne die huwelik aangaande seksuele intimiteit. Die aantrekkingskrag en emosionele liefde tussen man en vrou in die huwelik mag en behoort opgewondenheid en erotiese opwekking tot gevolg te hê. In reaksie op bogenoemde erotiese en seksuele opwekking is dit geoorloof vir beide man en vrou om inisiatief te neem in hierdie verband en die ander uit te nooi. In die huwelik geniet man en vrou mekaar se liefkosings en liefde, en behoort nie enige skaamte te wees nie. Man en vrou eer God as hulle mekaar liefhet en die prag, vryheid en besonderheid wat seksuele intimiteit binne die huwelik inhou, geniet.
- Behalwe daarvoor dat die seksuele intimiteit tussen man en vrou eksklusief van aard moet wees en dat wat ook al tussen hul gebeur tydens intieme tye beide man en vrou se goedkeuring moet wegdra, is daar byna geen beperking op die maniere waarop man en vrou seksueel met mekaar mag omgaan nie.

## **Die metateoretiese navorsing van die naasliggende wetenskappe Psigologie en Sosiologie het die volgende getoon:**

- Die mens is inherent 'n seksuele wese. Dit is dus 'n behoefte waaraan aandag geskenk behoort te word.
- Seks binne die huwelik is nodig, goed en 'n belangrike faktor in huwelikstevredenheid. Die huwelik is 'n intieme liefdesverhouding, en daarom behoort die man en die vrou mekaar se belange en tevredenheid as prioriteit te stel en mekaar nie van seks en seksuele bevrediging te ontnem nie. Die afwesigheid van seks binne die huwelik kan frustrasie, verwydering en uiteindelik vervreemding tussen huweliksmaats tot gevolg hê.
- Die belangrike rol wat die huwelik en ook die gesinstruktuur in die samelewing speel, kan nie betwyfel word nie. Nie net hou dit psigologiese voordele in nie, maar dit is ook 'n unieke en baie besonderse verhouding tussen twee mense wat mekaar liefhet.
- Alhoewel die samelewing al hoe meer klem plaas op die gelykheid van die man en vrou in alle fasette van die lewe, blyk dit uit die voorafgaande bespreking dat daar wel mans en vrouens is wat geneig is om outomaties in hul tradisionele rolle te verval, ten spyte van veral die vrou se behoefte vir gelykheid.
- Die mees voor die handliggende en doeltreffende manier vir man en vrou om mekaar se behoeftes ten opsigte van seksuele intimiteit te leer ken, is deur middel van effektiewe kommunikasie. Die vryheid en vrymoedigheid om openlik en eerlik met mekaar te kan gesels oor selfs die intiemste en sensitiefste aangeleenthede, kan lei tot 'n groot mate van bewusmaking by beide partye. Man en vrou kan mekaar nie seksueel vervul en bevredig as hulle nie bewus is van mekaar se wense en begeertes in dié verband nie.
- Geen beperkinge rakende seksuele intimiteit kon gevind word vanuit naasliggende wetenskappe nie, en daarom kan afgelei word dat daar 'n groot mate van vryheid bestaan rondom seksuele intimiteit.

- Seksuele intimiteit vind plaas binne 'n groter verhoudingskonteks wat talle ander dimensies en vaardighede insluit.
- Aangesien die huwelik 'n intieme liefdesverhouding is, behoort die man en die vrou mekaar se belange, geluk en tevredenheid as prioriteit te stel en daarom mekaar nie te ontnem van seks of dit te gebruik vir manipulasie nie.
- Eksklusiwiteit, indien dit verstaan word as dat man en vrou hulself rein hou tot die huweliksluiting en ook daarná getrou bly aan mekaar, is nie meer die norm in die samelewing nie. Daar word intendeel allerlei voordele toegedig aan ervaring van seks. Inligting verkry vanuit die naasliggende wetenskappe dui egter daarop dat eksklusiwiteit ten opsigte van seksuele intimiteit in die huwelik steeds waarde dra en van groot belang is vir 'n suksesvolle en gelukkige huwelik.

### **Die resultate van die empiriese navorsing het die volgende getoon:**

- Die verhouding waarbinne seksuele intimiteit geniet en uitgeleef mag word, is vir jong gelowige egpare 'n huwelik waarin kommunikasie met mekaar, gemaklikheid met mekaar en die self, en liefde die vernaamste elemente is waaraan voldoen behoort te word. Vertroue, respek en die bereidwilligheid om opofferings te maak, kom ook sterk na vore as belangrik vir die verhouding waarbinne seksuele intimiteit geniet kan word.
- Jong gelowige egpare glo dat man en vrou 'n plig teenoor mekaar het rakende die seksuele, maar die deelnemers voel terselfdertyd ook dat dit nie iets is wat afgedwing behoort te word nie. Die redes wat deelnemers vir hierdie oortuiging aanvoer, is hoofsaaklik dat dit die wil van God is vir die huwelik, en dat dit voordelig is vir die huwelik.
- Vir 'n seksuele verhouding om as gesond geag te word, meen jong gelowige egpare dat behoeftebevrediging die één eienskap is wat uitstaan bo alle ander. Ten einde hierdie behoeftebevrediging te bereik, is kommunikasie, eerlikheid, liefde en 'n begeerte na mekaar nodig, moet seksuele omgang gereeld plaasvind en moet huweliksmats onselfsugtig wees.



- Daar bestaan vir jong gelowige egpare 'n groot mate van vryheid aangaande seks en seksuele eksperimentering in die huwelik. Hulle houding hierteenoor is dat alles geoorloof is solank albei partye gemaklik is daarmee, dit binne God se wil is, en dit geniet word. Party het selfs gemeen dat seksspeelgoed en anale seks aanvaarbaar is.
- Egpare trek egter die streep met eksperimentering by die insluiting van 'n derde party in die huwelik en by die gebruik van pornografie vir seksuele opwekking, en voel sterk dat dit totaal en al onaanvaarbaar is binne die huwelik.
- Die seksuele komponent van jong gelowige egpare se huwelik skep vir hulle 'n gevoel van nabyheid en dat hulle nader aan mekaar gebring word. Dit kweek ook liefde en intimiteit by die egpaar en verhoog die vertroue wat hulle in mekaar het.
- Die eksklusiwiteit van seksuele intimiteit beteken vir baie egpare dat dit hulle van ander mense afsonder omdat hulle huweliksmaat in al hulle behoeftes voorsien – selfs dié van vriendskap. Dit is egter nie hoe alle deelnemers daarvoor voel nie. Sommige het aangedui dat hulle steeds vir hul maats vriendskappe met ander mense van die teenoorgestelde geslag gun, en dat dit selfs gesond is vir die verhouding om vriende te hê.

**Die resultate van die praktykteoretiese ondersoek het die volgende navore gebring:**

- Gedurende die ontmoetingsfase is die klem op verhoudingbou. Ten einde die beradene(s) te verstaan, gee die berader die beradene(s) hier die geleentheid om oor sy/haar/hul persepsies en houdings te praat en daaraan uitdrukking te gee.
- Tydens die onderrigfase behoort die egpaar eerstens bewus te word van, en uitdrukking te gee aan, hulle eie persoonlike persepsies en houdings oor seksuele intimiteit en die verhouding waarbinne dit geniet word. Dit is die pastorale berader se taak om die jong getroude egpaar te begelei en te onderrig oor die metateoretiese bevindinge dat seksuele intimiteit 'n belangrike plek

inneem in die huwelik, dat dit voordele inhou vir beide die man en die vrou en binne 'n milieu van veiligheid, intimiteit, en emosionele versorging moet geskied. Die egpaar word ingelig dat ander jong gelowige egpare voel dat kommunikasie, gemaklikheid en liefde belangrik is in die huweliksverhouding. Daarna word die egpaar onderrig oor God se wil aangaande seksuele intimiteit en die belangrike plek wat God inneem in seksuele intimiteit vir die suksesvolle Christelike huwelik. Die verwagting is dat die egpaar deur die loop van die pastorale begeleidingsproses in kennis en insig toeneem, in hul eie denkwyse verander en nuut dink oor seksuele intimiteit. Die eerste ontmoeting tydens die onderrigfase word gebruik om die egpaar aan die hand van Skrifgedeeltes daaraan te herinner dat God die mens geskep het om intiem met Hom en met mekaar te wees.

- Die kern van die boodskap wat hier aan die gelowige egpaar gebring word, is dat daar 'n sterk verband bestaan tussen huweliks- en seksuele tevredenheid. Jong gelowige egpare is merendeels oortuig dat beide die man en die vrou 'n plig het om mekaar seksueel te bevredig. Die Skrif toon ook dat die man en vrou se liggame nie aan hulself behoort nie, maar aan mekaar en dat elk 'n liefdesplig teenoor die ander het om mekaar nie seksuele intimiteit te ontnem nie, maar mekaar se seksuele behoeftes op 'n tere en liefdevolle wyse te bevredig.
- Die egpaar se bewustheid oor die belangrikheid van seksuele intimiteit binne die huwelik, en dat seks goed is en 'n sentrale faktor in huwelikstevredenheid is, moet ingeskerp word. Die afwesigheid van seks binne die huwelik kan frustrasie, verwydering en uiteindelik vervreemding tussen huweliksmaats tot gevolg hê.
- Die gelowige egpaar se bewustheid dat seksuele intimiteit 'n gawe van God is om geniet te word, moet beklemtoon word. Die egpaar word ingelig dat ander jong gelowige egpare oortuig is daarvan dat daar 'n groot mate van vryheid in seksuele eksperimentering bestaan. Verder word gepoog om die egpaar tot die insig te bring dat man en vrou God eer as hulle mekaar liefhet en die prag, vryheid en besonderheid wat seksuele geniet intimiteit inhou, geniet.

- Die berader evalueer die vordering wat gemaak is tydens die ontmoetings en maak van hierdie geleentheid gebruik om te bepaal of die egpaar in die voorafgaande beradingsproses tot insigte gekom het oor God se wil ten opsigte na seksuele intimiteit, en of die egpaar duidelikheid het oor wat God se opdrag aan elke huweliksgenoot in hierdie verband is.

## 6.1 Finale gevolgtrekkings

Die navorser se finale gevolgtrekking na afloop van hierdie studie is dat – soos wat die sentrale teoretiese argument (hoofstuk 1) dit duidelik stel – die daarstel van pastorale riglyne rakende die inrigting van seksuele intimiteit aan die beginfase van die Christelike huwelik inderdaad kan bydra tot 'n dieper en intiemer huweliksverhouding.

Die Skrif (hoofstuk 2) gee duidelike riglyne oor talle aspekte van seksuele intimiteit (behalwe oor die omvang van eksperimentering wat geoorloof is). Die Skrif is nie spesifiek oor die grense van seksuele eksperimentering soos die gebruik van seksspeelgoed en die beoefening van anale seks binne die huwelik nie. Riglyne hieroor kan wel Skriftuurlik afgelei word.

Die naasliggende wetenskappe Psigologie en Sosiologie as metateoretiese perspektiewe (hoofstuk 3) lewer sinvolle bydraes tot die studie. Die Psigologie lewer relevante insigte veral oor die seksuele aard van die mens en die belangrikheid van seksuele intimiteit en bevrediging in die huweliksverhouding. Die wetenskap van Sosiologie verskaf inligting met betrekking tot die rol van die huwelik in die samelewing. Die naasliggende wetenskappe bevat egter uitsprake wat teenstrydig is met die Skrif betreffende die beperking van seksuele intimiteit tot die huwelik en die grense van seksuele eksperimentering.

Die navorser kon vir die empiriese studie (hoofstuk 3) nuttige vrae rakende seksuele intimiteit opstel vir sowel die vraelys as die semigestruktureerde onderhoud. Gewillige deelnemers kon gevind word vir die studie en hierdie deelnemers het ryk inligting voorsien en die navorser selfs met tye verras met hulle openlikheid en

eerlikheid aangaande hul baie persoonlike seksuele persepsies en houdings. Die navorser meen dat sy die empiriese data breedvoerig gerapporteer het en daardeur 'n besondere bydrae gelewer het tot die vakgebied van Praktiese Teologie.

Op grond van bogenoemde, asook die bestudering van verskeie pastorale modelle, kon die navorser, na haar mening, 'n sinvolle eie beradingsproses saamstel (hoofstuk 5) vir die pastorale begeleiding van jong gelowige egpare aangaande seksuele intimiteit in die beginfase van huwelik.

Beide die man en die vrou in die huwelik kan hierdeur 'n beter begrip en waardering vir mekaar en vir seksuele intimiteit ontwikkel, en, meer nog, 'n dieper verstaan van God se rol in die ervaring van seksuele intimiteit en huweliksintimiteit. Die navorser beskou hierdie studie as relevant en geldig, en meen dat die uitkomst van hierdie studie 'n onmiskenbare deel kan uitmaak van die onderbou van die pastorale begeleiding van jong gelowige egpare rakende die inrigting van seksuele intimiteit.

Dit is die navorser se mening dat die leemtes in die literatuur, in besonder rakende die tema van hierdie studie, voldoende aangevul is en dat die navorsingsdoelwitte bereik is.

## **6.2 Moontlike beperkinge van die studie**

Hoewel die navorser glo dat die navorsingsdoelwitte bereik is, is daar tóg sekere beperkinge wat in ag geneem behoort te word. Die deelnemers van die studie het bestaan uit 'n beperkte aantal Potchefstroomse egpare. Die studie kan dus nie noodwendig van toepassing gemaak word op gelowige egpare in die algemeen nie.

Ander aspekte wat 'n beperking op die studie kon plaas, is dat die deelnemers blank en hoofsaaklik Afrikaanssprekend was. Indien ander etniese groepe by die studie betrek is, kon ander persepsies en houdings moontlik na vore gekom het. Toekomstige studies oor hierdie onderwerp behoort bogenoemde in ag te neem.

Die gedeelte van die studie rakende navorsing oor naasliggende wetenskappe (hoofstuk 3) kan nie op volledigheid aanspraak maak nie aangesien hierdie

ondersoek beperk word deur die feit dat dit slegs 'n onderdeel van 'n verhandeling is, wat eweneens vanweë sy aard 'n beperkte omvang het.

### **6.3 Aanbevelings vir verdere navorsing**

- Pastorele riglyne ten opsigte van die inrigting van seksuele intimiteit in die beginfase van die Christelike huwelik waar een van die huweliksgenote voor die huwelik seksueel losbandig geleef het.
- Pastorele riglyne ten opsigte van die inrigting van seksuele intimiteit in die beginfase van die Christelike huwelik waar een van die huweliksgenote paraplegies gelaat is ná 'n ongeluk.
- Pastorele riglyne aangaande die hantering van seksuele probleme in die Christelike huwelik.
- Pastorele riglyne aan gelowige ouers ten opsigte van die kweek van Skrifgefundeerde persepsies en houdings by hul kinders aangaande seksuele intimiteit en God se wil daarvoor.

## **Bibliografie**

ABBO (Assosiasie vir Bybelse berading en opleiding). 2009. Bybelse beradingskursus. Semester 1. Leergids. Johannesburg. 242 p.

ADAMS, J.E. 2009. What is nouthetic counseling? <http://www.nouthetic.org/nouthetic-counseling/what-is-nouthetic-counseling.html> Date of access: 12 July 2010.

ADAMS, J.E. 1976. Competent to counsel. Nutley, NJ: Presbyterian and Reformed Publishing Company. 287 p.

ADAMS, J.E. 1973. The Christian counselor's manual: the practice of nouthetic counseling. Grand Rapids, MI: Zondervan Publishing House. 476 p.

ALLEN, E.S. & RHOADES, G.K. 2008. Not all affairs are created equal: emotional involvement with an extra dyadic partner. *Journal of sex and marital therapy*, 34(1)51-65, January/February.

ANDERSON, H. 1997. Conversation, language and possibilities: a post-modern approach to therapy. NY: Basic books. 308 p.

ANON. 2010. Married people happier than singles, smart women make better wives. [http://www.associatedcontent.com/article/321226/study\\_married\\_people\\_happier\\_than\\_singles.html](http://www.associatedcontent.com/article/321226/study_married_people_happier_than_singles.html) Date of access: 11 September 2010.

ANON. 2008. The purpose of Ephesians. <http://www.scribd.com/doc/93759/The-Purpose-of-Ephesians> Date of access: 14 June 2010.

ANON. 2007. ESDS Qualidata teaching resource: exploring diverse interview types. <http://www.esds.ac.uk/qualidata/support/interviews/semi.asp> Date of access: 1 December 2010.

ARNOLD, W.V. 1982. Introduction to pastoral care. Louisville, KY: Westminster John Knox Press. 221 p.

BALON, R. 2008. In pursuit of (sexual) happiness and well-being: a response. *Journal of sex and marital therapy*, 34(2):298-301, March/April.

BARNES, A. 1962. Barnes' notes on the New Testament: complete in one volume. (Elektroniese soektog op elektroniese databasis: e-sword).

BARON, R.A. & BYRNE, D. 2000. Social psychology. 9th ed. Needham Heights: Pearson Education Company. 678 p.

BAUMAN, P.J. 1998. Marital intimacy and spiritual well-being. *Journal of pastoral care*, 52(2):133-145, June/August.

BAUMEISTER, R.F., CATANESE, K.R. & VOHS, K.D. 2001. Is there a gender difference in strength of sex drive? Theoretical views, conceptual distinctions and a review of relevant evidence. *Personality and social psychology review*, 5(3):242-273, August.

BENNER, D.G. 2002. Strategic pastoral counseling: a short-term structured model. Grand Rapids, MICH: Baker Book House. 138 p.

BENOKRAITIS, N.V. 1999. Marriages and families: changes, choices, and constraints. 3rd ed. Upper Saddle River, NJ: Prentice Hall. 603 p.

BERGNER, R.M. 2005. Lovemaking as a ceremony of accreditation. *Journal of sex and marital therapy*, 31(3):425-432, May/June.

BEST, E. 2004. Ephesians: international critical commentary. London: T&T Clark International. 716 p.

BEVCAR, D.S. & BEVCAR, R.J. 2002. Family therapy: a systemic integration. 5th ed. Boston, MA: Allyn & Bacon. 413 p.

BLUNDEN, A. 1999. Definition of Sociology. <http://www.marxists.org/reference/subject/philosophy/works/ge/weber.htm> Date of access: 5 July 2010.

BOTES, A. 2003. Validity, reliability and trustworthiness: to sum up. (In ROSSOUW, D., ed. Intellectual tools: Skills for the human sciences. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p.176-184.)

BOTHA, S. 2009. Pastorale begeleiding ten opsigte van werkstreshantering toegespits op tweede taal-onderwys in sekondêre skole. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). (Verhandeling - MA Praktiese Teologie.) 257 p.

BROOM, A. 2005. Using qualitative interviews in CAM research: a guide to study design, data collection and data-analysis. *Complementary therapies in medicine*, 13(1):65-73, March.

BROOM, A., BARNES, J. & TOVEY, P. 2004. Introduction to the research methods in CAM series. *Complementary therapies in medicine*, 12(2):126-130.

BROWN, J.H. & BROWN, C.S. 2002. Marital therapy: concepts and skills for effective practice. Pacific Grove, CA: Brooks/Cole. 310 p.

BROWN, N.R. & SINCLAIR, R.C. 1999. Estimating number of lifetime sexual partners: men and woman do it differently. *The journal of sex research*, 36(3):292-297, August.



BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CARR, W., CAPPS, D., GILL, R., OBERHOLZER, A., PAGE, R., VAN DEUSEN HUNSINGER, D. & WILLIAMS, R. 2002. The new dictionary of pastoral studies. London: SPCK. 414 p.

CASALEGGIO, E. & VAN RENSBURG, J. 2002. Die ontwerp van 'n terapeutiese model vir die pastorale seksuologie. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 43(3&4):368-375, September/Desember.

CHAPMAN, G.D. 2005. The 5 sides of intimacy. Hint: it's more than just sex. <http://www.christianitytoday.com/mp/2005/fall/13.24.html?start=2> Date of access: 23 April 2009.

CHELL, R.M. 2001. The role of househusband and housewife as perceived by college population. *Journal of psychology*, 135(6):33-43, November.

COLLINS, G.R. 2005. Die A tot Z van berading: die mees omvattende gids. Kaapstad: Struik Christelike boeke. 779 p.

COLLINS, G.R. 2001. The Biblical Basis of Christian counseling for people helpers: relating to the basic teachings of Scripture to people's problems. Dallas, CO: NavPress. 285 p.

COONTZ, S. 2005. Marriage, a history: from obedience to intimacy, or how love conquered marriage. New York, NY: Penguin Books. 432 p.

CRAIG, E. & STANDER, H. 2008. A tot Z van seks: 'n seksuele verhouding met jou huweliksmat soos God dit bedoel het. Vanderbijlpark: Carpe Diem Media. 253 p.

DE BRUYN, P. 1991. Is it wrong to live together before marriage? *Orientation*, 11(58/62):29-34, September.

DE KLERK, B.J. 2001. Soeklig: Fokus op Efesiërs. Die deputate Jeugsorg van die Nasionale Sinode GKSA. 137 p.

DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, F.J. 2005. Preekgeboorte: 'n handleiding vir Gereformeerde eksegeese en prediking, toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 145 p.

DE KLERK, P.B. 1997. Die huwelik as MUSTERION: die etiese implikasies van Efesiërs 5:21-33 en veral van vers 32. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – M.Th.) 129 p.

DE WET, F.W. 2006. Die aanwending van Rolf Zeffass se handelingswetenskaplike model in prakties- teologiese teorievorming – 'n gereformeerde perspektief. *In die Skriflig*, 40(1):57-87, April.

DE WET, F.W. 2009. Studiegids Pastoraal: Bybelse berading (Past 121). Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. 60 p.

DREYER, A.E. & VAN AARDE, A.G. 2007. Bybelse modelle van die huwelik: 'n kritiese perspektief. *HTS: Theological Studies*, 63(2):625-651, Junie.

DREYER, Y. 1996. Bybelse huweliksrolle en die moderne egalitêre huwelik: Efesiërs 5:21-32. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 11(2):95-103, Desember.

DRISCOLL, M. 2008. The peasant princess: a love story from the Song of Songs. <http://www.marshallchurch.org/media/the-peasant-princess> Date of access: 10 February 2011.

EARLE, J.M. 2007. Die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerusting van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). (Skripsie – M.Th.) 230 p.

EGAN, G. 1998. The skilled helper: a systematic approach to effective helping. 6th ed. Pacific Grove, CA: Brooks/Cole. 377 p.

EPSTEIN, N.B., RYAN, C.E., BISHOP, D.S., MILLER, I.W. & KEITNER, G.I. 2003. The McMaster model: a view of healthy family functioning. (In WALSH, F., eds. Normal family processes: growing diversity and complexity. 3rd ed. New York, NY: Guilford Press. p.581-607.)

FERREIRA, A.W.J. 2008. Seksuele frustrasie in die huwelik – 'n pastorale studie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). (Skripsie - MA Praktiese Teologie.) 217 p.

FORSTE, R. & TANFER, K. 1996. Sexual exclusivity among dating, cohabiting and married woman. *Journal of marriage and the family*, 58(1):33-47, February.

GALLAGHER, M. 2000. Why marriage is good for you. The data are clear: you'll live longer, get richer and be happier. *City Journal*, 10(4). [http://www.city-journal.org/html/10\\_4\\_why\\_marriage\\_is.html](http://www.city-journal.org/html/10_4_why_marriage_is.html) Date of access: 18 October 2010.

GARDNER, T.A. 2002. Sacred sex: a spiritual celebration of oneness in marriage. Colorado Springs, CO: WaterBrook Press. 226 p.

GIDDENS, A. 1993. Sociology. Oxford, UK: Polity Press. 819 p.

GLEDHILL, T. 1994. The message of the Song of Songs: the lyrics of love. Leicester, England: Inter-Varsity Press. 252 p.

GRELLO, C.M., WELSH, D.P. & HARPER, M.S. 2006. No strings attached: the nature of casual sex in college students. *Journal of sex research*, 43(3):255-267, August.

GROENEWALD, A. 2006. Drink met vreugde uit die liefdesfontein: 'n Ou-Testamentiese perspektief op menslike seksualiteit. *Verbum et Ecclesia*, 27(1) 42-69. April.

HAAVIO-MANNILA, E. & KONTURA, O. 1997. What increases sexual satisfaction? *Archives of sexual behavior*, 26(4):399-419.

HAGEDORN, A.C. 2005. Perspectives on the Songs of Songs/Perspektiven der Hoheliedauslegung. Berlin: Walter de Gruyter. 373 p.

HAWKES, G. 2001. Liberalizing heterosexuality? (*In Allan, G., ed. The Sociology of the family: a reader. Oxford, UK: Blackwell Publishers. p.35-55.*)

HAWKES, G. 2002. Sociology of sex and sexuality. Maidenhead, Philadelphia, PA: Open University Press. 164 p.

HAYS, R.B. 1997. Interpretation: a Bible commentary for teaching and preaching: first Corinthians. Louisville: John Knox Press. 299 p.

HEITINK, G. 1999. Practical theology: history, theory, action, domains. Grand Rapids, MICH: Eerdmans Publishing. 358 p.

HENRY, M. 1721. Matthew Henry's commentary on the whole Bible. (Elektroniese soektog op elektroniese databasis: e-sword).

HESS, R.S. 2005. Song of Songs: Baker commentary on the Old Testament wisdom and psalms. Grand Rapids, MI: Baker Academic. 285 p.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste treë in praktiese teologie. Pretoria: Gnosis Boeke & Uitgewers. 79 p.

HOEHNER, H.W. 2004. Ephesians: an exegetical commentary. Grand Rapids, MI: Baker Academic. 930 p.

HOLTZWORTH-MUNROE, A. & JACOBSON, N.S. 1991. Behavioral marital therapy. (In GURMAN, A.S. & KNISKERN D.P., eds. *Handbook of family therapy*. New York: Brunner/Mazel Publishers. p.96-133.)

HOPF, C. 2004. Research ethics and qualitative research. (In FLICK, U., VON KARDORFF, E. & STEINKE, I., eds. *A companion to qualitative research*. London: SAGE Publications. p.334-339.)

HOVESTADT, A.J., ANDERSON, W.T., PIERCY, F.P. & COCHRAN, S.W. 1985. A family-of-origin scale. *Journal of marital and family therapy*. 11(3): 287-297, July.

HUMPHREY, F.G. 1983. Marital therapy: a clinician's manual for treating marital couples in conflict. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall ,Inc. 248 p.

JAMIESON, L. 1999. Intimacy transformed? A critical look at the 'pure relationship'. *Sociology*, 33(3):477-494, August.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2007. Voordrag oor Navorsingsmetodologie gehou 30-31 Augustus 2007 op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. [Elektroniese weergawe.]

JENSON, R.W. 2005. Interpretation: a Bible commentary for teaching and preaching: Song of Songs. Louisville: John Knox Press. 106 p.

JOANNING, H. & KEOUGHAN, P. 2005. Enhancing marital sexuality. *The family journal: counseling and therapy for couples and families*, 13(3):351-355, June.

KAHN, J.R. & LONDON, K.A. 1991. Premarital sex and the risk of divorce. *Journal of marriage and the family*, 53(4): 845-855, November.

KLEIN, D.M. & WHITE, J.M. 2008. Family theories: an introduction. Thousand Oaks, CA: SAGE Publications. 352 p.

KONRAD, G.G. 1978. Responsible Christian counseling. *Direction journal*, 7(2:23-32), April.

KOWAL, S. & O'CONNELL, D. 2004. The transcription of conversations. (In FLICK, U., VON KARDORFF, E. & STEINKE, I., eds. A companion to qualitative research. London: SAGE Publications. p.248-252.)

KROEZE, J.H. 1970. Bybel en seks. Braamfontein: Boekhandel De Jong. 168 p.

KNOUWDS, F. 2000. Liefde met oorgawe: ervaar die vreugde van liefde en intimiteit in jou huwelik. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 268 p.

LAHAYE, T. & LAHAYE, B. 2003. The act of marriage. 3rd ed. Vereeniging: Christian Art. 293 p.

LARNEY, T. 2009. Die gesin as primêre geloofseenheid in 'n postmoderne konteks: 'n pastorale studie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). (Proefskrif – PhD Praktiese Teologie) 165 p.

LE ROUX, J. 2006. Prediking en die wysheidsliteratuur: inleidende gedagtes. <http://www.teo.co.za/wmprint.php?ArtID=341> Datum van gebruik: 22 April 2010.

LE ROUX, A. & DE BEER, E. 1994. Eensaamheid en intimiteit by getroude studente in vroeë volwassenheid. *South African journal of psychology*, 24(2):53-61, Junie.

LE ROUX, A. & VAN ROOYEN, H. 2007. Perspektiewe op die verband tussen saamwoonverhoudings en huwelikstabiliteit. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 47(1):43-55, Maart.

LEE, G.R., SECCOMBE, K. & SHEHAN, C.L. 1991. Marital status and personal happiness: an analysis of trend data. *Journal of marriage and the family*, 53(4):839-844, November.

LIESER, M.L., TAMBLING, R.B., BISCHOF, G.H. & MURRY, N. 2007. Inclusion of sexuality in relationship education programs. *The family journal: counseling and therapy for couples and families*, 15(4):374-380, October.

LITZINGER, S. & GORDON, K.C. 2005. Exploring relationships among communication, sexual satisfaction and marital satisfaction. *Journal of sex & marital therapy*, 31(3):409-424, May/June.

LOTTER, G.A. & STEYN, R.S. 2006. Hooglied: Hedendaagse paradigma vir romantiese verhoudings. *Verbum et Ecclesia* 27(1): 70-89. April.

LOUW, D.A., EDWARDS, D.J.A. & BLIGNAUT, C.J.H. 1993. Sielkunde: 'n Inleiding vir studente in Suider-Afrika. Johannesburg: Lexicon. 1000 p.

LOUW, D. 2004. Liefde is vir altyd: 'n huweliksgids vir verloofdes en getroudes. 4de dr./uitg. Wellington: Lux Verbi. 164 p.

LOUW, D.J. 1998. A pastoral hermeneutics of care and encounter: a theological design for basic theory, anthropology, method and therapy. Cape Town: Lux Verbi. 506 p.

LOUW, D.J. 1997. Pastoraat as vertolking en ontmoeting: teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. 2de uitg. Kaapstad: Lux Verbi. 571 p.

MacARTHUR, J.F. 1994. Rediscovering Biblical Counseling. (*In* MacArthur, J.F. & Mack, W.A., eds. Introduction to Biblical Counseling: a basic guide to the principles and practice of counseling. Dallas, TX: Word Publishing. p.250-267.)

MACK, W.A. 1994. Developing a helping relationship with counselees. (*In* MacArthur, J.F. & Mack, W.A., eds. Introduction to Biblical Counseling: a basic guide to the principles and practice of counseling. Dallas, TX: Word Publishing. p.173-188.)

MACK, W.A. 1999. Strengthening your marriage. Phillipsburg, NJ: P&R Publishing. 187 p.

MACK, W.A. & MACK, C. 2006. Sweethearts for a lifetime: making the most of your marriage. Phillipsburg, NJ: P&R Publishing. 298 p.

MADDOX, D.B. 1994. Union with Christ: the implications for Biblical counseling. (*In* MacArthur, J.F. & Mack, W.A., eds. Introduction to Biblical Counseling: basic guide to the principles and practice of counseling. Nashville, TN: W Publishing Group. p.116-131.)

MAHONEY, S. 2006. How love keeps you healthy. *Prevention*, 58(2):164-171 & 212-213, February.

MASTERS, W.H., JOHNSON, V.E. & KOLODNY, R.C. 1992. Human sexuality. 4th ed. New York, NY: Harper Collins. 748 p.

MAY, A.S. 2004. The body of Christ: sex and identity in 1 Corinthians 5-7. London. T&T Clark International. 295 p.

McCALLUM, D. 2006. Xenos Christian fellowship: introduction to pastoral counseling. <http://www.xenos.org/classes/christianleadership2/pastoralcounseling/cl2PC1w1studentoutline.pdf> Date of access: 4 May 2010.



MENN, E.M. 2003. Sexuality in the Old Testament: strong as death, unquenchable as fire. *Currents in Theology and Mission*, 30(1): 37-45, February.

MURPHY, R.E. 1998. Word Biblical commentary – Proverbs. USA: Thomas Nelson Inc. 206 p.

MUSTANSKI, B. 2008. Why not allow gay marriage? <http://www.psychologytoday.com/blog/the-sexual-continuum/200811/why-not-allow-gay-marriage>. Date of access: 27 August 2010.

NEL, M. 2009. Beweeg van dood na lewe. <http://www.ngdoornpoort.co.za/preke.html> Datum van gebruik: 29 Junie 2010.

NELSON, P.J.M. 2007. An easy introduction to Egan's skilled helper solution focused counseling approach. <http://www.mystrongfamily.org/downloads/PDFs/SFP-EasyIntroToEgan.pdf> Date of access: 10 July 2010.

NEY, P.G. 2002. The importance of sex in a Christian marriage: a male perspective. [http://www.messengers2.com/articles/marriage/sex\\_in\\_a\\_christian\\_marriage.pdf](http://www.messengers2.com/articles/marriage/sex_in_a_christian_marriage.pdf) Date of access: 7 February 2011.

NICHOLAS, L. 2003. Introduction to Psychology. Lansdowne, Cape Town: UCT Press. 589 p.

NOBLIT, G.W. & HARE, R.D. 1988. Qualitative social science research methodology. <http://www.socsci.uci.edu/ssarc/pes/webdocs/W-Readings/QualitativeSocSciResearchMeth.pdf> Date of access: 2 November 2009.

OATES, W.E. 1982. Pastoral counseling. Westminster, Philadelphia, PA: John Knox Press. 244 p.

ODENDAAL, F.F., SCHOONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT, S.J. & BOOYSEN, C.M. 1994. HAT (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal). Johannesburg: Perskor. 1295 p.

PARSONS, G. 2009. Proverbs – Love or lust? <http://www.middletonbiblechurch.org/proverbs/prov11.htm> Date of access: 30 June 2010.

PERDUE, L.G. 2000. Interpretation: a Bible commentary for teaching and preaching: Proverbs. Louisville: John Knox Press. 289 p.

POGGENPOEL, M. 2003. (In ROSSOUW, D., ed. Intellectual tools: skills for the human sciences. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p.143-149.)

RODGERS, R.H. 1973. Family interaction and transaction: the developmental approach. Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall. 70 p.

RODGERS, R.H. & WHITE, J.M. 2008. Family development theory. (In BOSS, P., DOHERTY, W.J., LaROSSA, R., SCHUMM, W.R. & STEINMETZ, S.K., eds. *Sourcebook of family theories and methods: a contextual approach*. New York, NY: Springer Science+Business Media. p.225-254.)

ROSEN, R. & BACHMANN, G.A. 2008. Sexual well-being, happiness, and satisfaction in women: the case for a new conceptual paradigm. *Journal of sex and marital therapy*, 34(2):291-297, March/April.

ROSENAU, D.E. 2002. A celebration of sex: a guide to enjoying God's gift of sexual intimacy. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson Inc. 395 p.

RYEN, A. 2004. Ethical issues. (In SEALE, C., GOBO, G., GUBBRIUM, J.F. & SILVERMAN, D., eds. *Qualitative research practice*. London: SAGE Publications. p.230-247.)

SANTILLA, P., WAGER, I., WITTING, K., HARLAAR, N., JERN, P., JOHANSSON, A., VARJONEN, M. & SANDNABBA, K. 2008. Discrepancies between sexual desire and sexual activity: gender differences and associations with relationship satisfaction. *Journal of sex and marital therapy*, 34(1):31-44, January/February.

SCHAEFER, M.T. & OLSON, D.H. 1981. Assessing intimacy: the PAIR inventory. *Journal of marital and family therapy*, 7(1): 47-60, January.

SCHMIDT, C. 2004. The analysis of semi-structured interviews. (In FLICK, U., VON KARDORFF, E. & STEINKE, I., eds. A companion to qualitative research. London: SAGE Publications. p.253-258.)

SEGRIN, C. & NABI, R.L. 2002. Does television cultivate unrealistic expectations about marriage? *Journal of communication*, 17(2):247-263, June.

SHENTON, A.K. 2004. Strategies for ensuring trustworthiness in qualitative research projects. *Education of Information*, 22(1):63-75p, January.

SMALLEY, G. & CUNNINGHAM, T. 2008. The language of sex: experiencing the beauty of sexual intimacy. Ventura, CA: Regal. 229 p.

SMITH, P.B. 2009. The first letter to the Corinthians. <http://www.abu.nb.ca/courses/ntintro/1cor.htm> Date of access: 20 June 2010.

SOLOT, D. 2010. Happily unmarried. <http://health.howstuffworks.com/relationships/marriage/happily-unmarried.htm> Date of access: 11 September 2010.

SPRECHER, S. 2002. Sexual satisfaction in premarital relationships: associations with satisfaction, love, commitment, and stability. *The journal of sex research*, 39(3):190-196, August.

STEENKAMP, N.J.S. 2003. My verantwoordelikheid as Christen: as my kind gaan saamwoon. *Hervormer*, 96(1):3, April.

STEWART, K. 2010. The health benefits of marriage: the statistics on what tying the knot can do for your health are remarkable. <http://www.everydayhealth.com/family-health/understanding/benefits-of-tying-the-knot.aspx> Date of access: 17 October 2010.

STRONG, B., DEVAULT, C. & COHEN, T.F. 2008. The marriage and family experience: Intimate relationships in a changing society. 10th ed. Belmont, CA: Thomson Wadsworth. 643 p.

TERRE BLANCHE, M., DURRHEIM, K. & PAINTER, D. 2006. Research in practice: applied methods for social sciences. 2nd ed. Cape Town: University of Cape Town Press. 593 p.

TREAS, J. & GIESEN, D. 2000. Sexual infidelity among married and cohabitating Americans. *Journal of marriage and family*, 62(1):48-60, February.

THORNE, S. 2000. Data analysis in qualitative research. *Evidence-based nursing*, 3(3):68-70, July.

THORNTON, A., AXINN, W.G. & HILL, D.H. 1992. Reciprocal effects of religiosity, cohabitation and marriage. *American journal of sociology*, 98(3):628-651, November.

UYS, T. & PUTTERGILL, C. 2003. Sampling. (*In* ROSSOUW, D., ed. Intellectual tools: skills for the human sciences. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p.107-116.)

VAN DER WALT, B.J. 1991. The secret of marriage. *Orientation*, 11(58/62):253-258, September.

VAN STADEN, J. 1996. Wat laat 'n huwelik werk? 'n Sosiologiese perspektief. (In Swanepoel, F., ed. Die huwelik. Pretoria, Suid-Afrika: CB Powell-Bybelsentrum. p.76-79.)

VAN STADEN, J. 1996. Wesenskenmerke van die huwelik en gesin: 'n Sosiologiese perspektief. (In Swanepoel, F., ed. Die huwelik. Pretoria, Suid-Afrika: CB Powell-Bybelsentrum. p.28-32.)

VAN ZYL, H.C. 2002. Die Nuwe Testament en seksualiteit. *Acta Theologica*. 22(2): 234-261, Desember.

VAUGHN, C., SPRECHER, S. & SCHWARTZ, P. 1995. The incidence and frequency of marital sex in a national sample. *Journal of marriage and the family*, 57(3):639-652, August.

VENTER, C.A. 1996. Huweliksverryking: 'n Sielkundige perspektief. (In Swanepoel, F., ed. Die huwelik. Pretoria, Suid-Afrika: CB Powell-Bybelsentrum. p.72-75.)

VENTER, C.J.H. & DU PREEZ, A.P. 2008. Hoordersgesindheid as moontlike kommunikasiesteurnis in die prediking: homileties-empiriese gesigspunte. *Hervormde Teologiese Studies*, 64(3):1425-1445, Julie/September.

VOSLOO, W. & VAN RENSBURG, F.J. 2007. Die Bybel in praktyk. 4de uitg. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 2119 p.

WATKE, E. 2000. A pastoral guide to Biblical counseling. <http://www.watke.org/resources/PastoralCounselingModel.pdf> Date of access 14 July 2010.

WORNER., S.M. 2007. "I just want to get married – I don't care to who!" Marriage, life satisfaction, and educational differences in Australian couples. Canberra: ANU. (Dissertation – PhD Social Sciences) 36 p.

ZORN, T. 2009. Designing and conducting semi-structured interviews for research. <http://www.ms-soros.mngt.waikato.ac.nz/NR/.../Interviewguidelines.pdf> Date of access: 1 December 2010.

ZUKERAN, P. 2003. Authority of the Bible. <http://www.leaderu.com/orgs/probe/docs/auth-bib.html> Date of access: 1 February 2010.

# **Bylae A**

**Begeleidende brief aan  
deelnemers van die studie**



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
POTCHEFSTROOMKAMPUS

### **Goedkeuringsvorm: Deelname aan 'n navorsingsprojek**

#### **Navorsing oor seksuele intimiteit in die huwelik**

Ek is tans besig met 'n Meestersgraad in Praktiese Teologie aan die Noordwes- Universiteit (NWU), te Potchefstroom. My M handel oor die pastorale begeleiding van jonggetroude, gelowige egpare aangaande seksuele intimiteit in die huwelik. As deel van my navorsing moet ek semi-gestruktureerde, individuele onderhoude voer met ten minste 5 gelowige egpare wat minder as 2 jaar getroud is. Hierdie navorsing word gedoen onder die supervisie van Prof Ben de Klerk van die Dept. Praktiese Teologie en Prof Chris Venter van die Dept. Psigologie van die NWU. Ek as navorsers sal tydens die navorsingsproses by streng voorgeskrewe etiese reëls hou en onderneem om hierdie sensitiewe saak tydens die onderhoude respektvol te hanteer.

Rineé Pretorius

083 50 777 82

E-pos: [rineepretorius@gmail.com](mailto:rineepretorius@gmail.com)

---

Hiermee verklaar ek my bereid om deel te neem aan die bogenoemde navorsingsprojek van Rineé Pretorius wat handel oor **seksuele intimiteit in die huwelik** en om deel te neem aan die semi-gestruktureerde onderhoud wat sy met my sal voer.

Die doel van die bogenoemde studie is om inligting wat bekom word uit die semi-gestruktureerde onderhoude te gebruik in die beplanning van 'n pastorale begeleidingsprogram vir egpare aangaande seksuele intimiteit in die huwelik.

Die navorsing is aan my verduidelik en ek is bewus daarvan dat ek enige tyd aan die navorsing kan onttrek sonder om redes daarvoor te verstrek. Alle inligting sal konfidensieel en anoniem hanteer word. Die inligting sal slegs deur die navorser en studieleiers hanteer word en die deelnemers se anonimiteit sal tydens die rapportering van die data verseker word.

Ek verstaan dat my deelname vrywillig is.

---

Handtekening

---

Datum



# **Bylae B**

**Kwalitatiewe vraelys aan  
deelnemers van die studie**

## VRAELYS

Geagte deelnemer,

Nogmaals baie dankie dat u bereid is om deel te neem aan hierdie navorsing. Soos vroeër verduidelik sal alle inligting anoniem en vertroulik hanteer word.

**Respondentnommer: ..... (Sal deur navorser ingevul word)**

**Geslag:** .....

**Ouderdom:** .....

**Troudatum:** .....

**Vandag se datum:** .....

**Van u word verwag om die volgende vrae skriftelik te beantwoord. Probeer dit asseblief so volledig en breedvoerig moontlik doen. U kan u antwoorde elektronies aan my stuur by onderstaande e-posadres OF u kan my skakel by 083 50 777 82 dan sal ek dit by u kom afhaal.**

1. Wat is volgens u belangrike kenmerke/voorvereistes in 'n huwelikspartjie se verhouding om seksuele uitlewing en genieting daarvan te verseker?
2. Is seks in die huwelik 'n opdrag en daarom 'n verpligting wat die huweliksmaats teenoor mekaar het?
3. Kan die man en/of vrou daarop aanspraak maak en dit afdwing?
4. Wat is volgens u die eienskappe van 'n gesonde seksuele verhouding?
5. Wat is geoorloof/aanvaarbaar rakende die seksuele in die huwelik?
6. Tot watter mate is eksperimentering geoorloof? Waarom?
7. Watter besondere bydrae lewer die seksuele deel van julle huwelik tot julle huweliksverhouding?
8. Watter beperkinge plaas jy en jou huweliksmaat se seksuele verhouding op jou kontak na ander persone van die teenoorgestelde geslag, indien enige?

Baie dankie,

Rinee Pretorius.

E-pos: [rineepretorius@gmail.com](mailto:rineepretorius@gmail.com)